(b) wat 'n steurnis of gevaar vir enige mens, dier of voertuig wat die openbare plek gebruik mag veroorsaak, agterlaat, mors, laat val of neersit nie.

(2) Niemand mag in, op of by 'n openbare plek spoeg, urineer of ontlas nie.

Inaseming, verskaffing of wegdoening van sekere stowwe verbode

10. (1) Behoudens die Wet op Dwelmmiddels en Dwelmsmokkelary, 1992 (Wet No. 140 van 1992), mag niemand die dampe van gom, 'n hegmiddel of vlugtige stof wat 'n bedwelmende of hallusinerende uitwerking het, inasem nie.

(2) Niemand doen weg met die houer van 'n stof in subartikel (1) bedoel -

(a) deur middel van die munisipale vullisverwyderingstelsel nie; of

(b) deur dit in, op of by 'n openbare plek te los nie.

(3) Behoudens die Wet op Dwelmmiddels en Dwelmsmokkelary, 1992, verskaf niemand, teen betaling of andersins, 'n stof in subartikel (1) bedoel aan enigiemand indien dit redelikerwys duidelik is dat die stof verkry word met die doel om daardie subartikel te oortree nie.

Storting van vullis, agterlaat of ophoping van sekere voorwerpe of stowwe in openbare plekke verbode

11. (1) Niemand stort, vergaar, of laat enige tuinvullis, motorwrak of onderdeel, bourommel, vullis of ander afval agter –

(a) in, op of by 'n openbare plek nie;

(b) behalwe op 'n plek deur die Munisipaliteit vir storting toegewys nie.

(2) Behalwe met die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Munisipaliteit en ooreenkomstig enige voorwaarde deur die Munisipaliteit bepaal, plaas niemand, of laat toe dat iemand 'n voorwerp of stof in subartikel (1) bedoel vanaf 'n perseel waarvan die persoon die eienaar of okkupeerder is in, op of by 'n openbare plek plaas nie.

Verbode handelinge met betrekking tot bome in openbare plekke

12. (1) Niemand mag –

(a) 'n boom in 'n openbare plek breek of beskadig nie; of

(b) so 'n boom merk of verf nie.

(2) Behalwe met die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Munisipaliteit, mag niemand -

(a) 'n advertensie op 'n boom in 'n openbare plek vertoon nie;

(b) 'n boom in 'n openbare plek afknot, top, snoei, afsaag of verwyder nie.

Vergader of versperring van strate verbode

13. Behoudens die Wet op die Reëling van Byeenkomste, 1993 (Wet No. 205 van 1993), mag niemand op só 'n manier in 'n straat vergader, sit, lê of stap, dat 'n versperring van die verkeer veroorsaak word of dat enigiemand anders wat die straat gebruik gestamp of verontrief word nie.

Verbodsbepalings met betrekking tot plekke van aanbidding

14. (1) Niemand mag onmiddellik voor, gedurende of na die samekoms, sonder goeie rede, in die onmiddellike nabyheid van 'n plek van aanbidding draal nie.

(2) Niemand mag 'n lidmaat van 'n godsdienstige groep wat 'n samekoms bywoon of wat op pad is na of vertrek vanaf 'n plek van aanbidding treiter, hinder of vertraag nie.

Oorlas verbode

15. Niemand mag in, op of by 'n openbare plek -

(a) onwelvoeglike, aanstootlike of onkuise taal gebruik nie.

(b) rommel of vullis aan die brand steek of verbrand nie;

(c) enigiets wat 'n aanstootlike rook afgee verbrand nie;

(d) 'n aanstootlike reuk veroorsaak nie;

(e) ander mense versteur deur te baklei, te skree of te argumenteer nie;

(f) buitensporige geraas veroorsaak deur –

(i) te sing nie;

(ii) musiekinstrumente te bespeel nie;

(iii) 'n engin te laat loop nie;

(iv) die gebruik van 'n luidspreker, radio, televisie of soortgelyke toestel nie; of

(v) dit op enige ander manier te maak nie.

Rusverstoring verbode

16. (1) Niemand mag die rus in 'n woongebied versteur deur buitensporige geraas te maak of deur luidrugtig te baklei, te skree of te argumenteer nie.

(2) Behalwe met die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Munisipaliteit en ooreenkomstig enige voorwaarde wat die Munisipaliteit mag bepaal, mag niemand 'n klapper of enige ander vuurwerk wat 'n harde geraas maak afvuur nie.

Beheer van adverteer met klankversterkers

17. Behalwe met die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Munisipaliteit en ooreenkomstig enige voorwaarde wat die Munisipaliteit mag bepaal, mag niemand deur die gebruik van 'n klankversterker op 'n besigheidsperseel en op 'n manier dat dit van 'n openbare plek gehoor kan word –

(a) musiek speel nie; of

(b) 'n mikrofoon of opname gebruik om enige lid van die publiek uit te nooi om die perseel binne te gaan of daar besigheid te doen nie.

Beheer oor werk bedel

18. Behalwe in 'n gebied deur die Munisipaliteit toegewys en gedurende tye deur die Munisipaliteit bepaal, mag niemand in of vanaf 'n openbare plek –

(a) werk bedel nie; of

(b) op enige manier aan 'n lid van die publiek sy of haar bereidwilligheid om teen vergoeding werk te doen of 'n taak te verrig te kenne gee nie.

Beheer oor vertoon van onwelvoeglike beeldmateriaal

19. (1) Uitgesonderd in 'n aparte private lokaal, waartoe toegang alleen verkry kan word deur 'n deur waarop duidelik in drukskrif die woorde "Toegang slegs vir persone van 18 jaar en ouer" aangebring is en wat geleë is binne die betrokke sakeperseel, stal niemand wat sake doen in –

(a) die verkoop, verhuring of vertoning van films; of

(b) die verkoop van publikasies, 'n film of publikasie uit waarvan die houer of buiteblad, na gelang van die geval, 'n tekening, prent, illustrasie, skildery, foto, beeld of kombinasie daarvan bevat wat seksuele gedrag uitbeeld nie.

(2) Vir die doeleindes van subartikel (1) beteken –

"**film**" –

(a) enige reeks visuele beelde wat op enige stof, hetsy 'n film, magnetiese band, skyf of ander materiaal, opgeneem is op so 'n wyse dat daardie beelde deur gebruikmaking van daardie stof as 'n bewegende prent gesien kan word;

(b) die klankbaan verbonde aan en 'n vertoonde illustrasie wat betrekking het op 'n film soos in paragraaf (a) omskryf;

(c) 'n prent wat bestem is om deur middel van 'n meganiese, elektroniese of enige ander toestel vertoon te word;

"**publikasie**" –

(a) 'n koerant, boek, tydskrif, pamflet, aanplakbiljet of ander drukwerk;

(b) 'n geskrif of tikwerk wat op enige wyse gedupliseer is;

(c) 'n tekening, prent, illustrasie of skildery;

(d) 'n afdruk, foto, gravure of litografie;

(e) 'n plaat, magnetiese band, klankbaan, behalwe 'n klankbaan verbonde aan 'n rolprent, of ander voorwerp waarin of waarop klank vir weergawe opgeneem is;

(f) rekenaarprogrammatuur wat nie 'n film is nie;

(g) die omslag of verpakking van 'n film;

(h) 'n afbeelding, kerfwerk, standbeeld of model;

(i) 'n boodskap of mededeling, met inbegrip van 'n visuele aanbieding wat op 'n verspreide netwerk geplaas word, waarby inbegrepe is, maar nie beperk is nie tot, die Internet; en

"**seksuele gedrag**" die vertoon van 'n geslagsorgaan, masturbasie, geslagsverkeer, wat anale geslagsverkeer insluit, die streling, of aanraking met enige voorwerp, van 'n geslagsorgaan, die penetrasie van 'n vagina of 'n anus met enige voorwerp, mondelinge genitale kontak, of mondelinge anale kontak.

(3) Die bepalings van subartikel (1) is nie van toepassing op iemand bedoel in artikel 24(1) van die Wet op Films en Publikasies, 1996 (Wet No. 65 van 1996), wat die houer is van 'n lisensie om die besigheid van volwasse persele te bedryf, terwyl so iemand op sodanige persele besigheid doen nie.

Parkering van swaar voertuie, sleepwaens of karavane

20. Niemand parkeer –

(a) 'n voertuig met 'n bruto massa van meer as 9000 kg, of 'n sleepwa met 'n bruto massa van meer as 1000 kg, vir langer as 2 uur; of

(b) 'n karavaan vir langer as 24 uur, in 'n straat nie.

Verspreiding van strooibiljette gereguleer

21. Behalwe met die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Munisipaliteit, mag niemand –

(a) 'n strooibiljet of soortgelyke advertensiestuk in of op enige voertuig wat in 'n openbare plek geparkeer is plaas of laat plaas nie; of

(b) in of op 'n openbare plek aan enigiemand 'n strooibiljet of soortgelyke advertensiestuk uitdeel of laat uitdeel nie.

Strafbepaling

22. (1) Iemand wat 'n bepaling van hierdie Verordening of 'n vereiste of voorwaarde daarkragtens oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig.

(2) Iemand wat skuldig bevind word aan 'n misdryf ingevolge subartikel (1) is strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf van hoogstens een jaar, of met beide 'n boete en met daardie gevangenisstraf.

Herroeping van wette en voorbehoude

23. (1) Hierdie verordening herroep alle ander verordeninge in die verband.

(2) Enige toestemming verkry, reg toegestaan, voorwaarde opgelê, aktiwiteit veroorloof of ding gedoen kragtens 'n herroepe wet word, na gelang van die geval, geag kragtens die ooreenstemmende bepaling van hierdie Verordening (as daar is), verkry, toegestaan, opgelê, veroorloof of gedoen te gewees het.

Kort titel

24. Hierdie Verordening heet die Verordening op Wetstoepassing, 2008

Verordening No. 2, 2008

VERORDENING OP BEGRAAFPLASE, 2008

VERORDENING

Om voorsiening te maak vir die uitlê en bestuur van begraafplase in die Thembelihle munisipaliteit; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Thembelihle munisipaliteit, soos volg:-

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 7
Instandhouding

19. Instandhouding van grafte

HOOFSTUK 8
Algemene gedrag in begraafplase

20. Algemene gedrag in begraafplase

HOOFSTUK 9
Diverse

21. Beserings en skade
22. Vuurwapens en tradisionele wapens
23. Strafbepaling en koste
24. Herroeping van wette en voorbehoude
25. Kort titel

HOOFSTUK 1
Interpretasie

Woordomskrywing

1. In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

"**as**" die oorblyfsels van 'n lyk nadat dit verbrand is;

"**begraafplaas**" grond of deel daarvan, insluitende die geboue en werke daarop, wat die eiendom is van en deur die Munisipaliteit beheer word, wat behoorlik deur die Munisipaliteit afgesonder en gereserveer is vir doeleindes van begrafnisse en van tyd tot tyd beskikbaar gestel word vir publieke gebruik vir begrafnisse;

"**begrafnis**" die begrawing in die grond of enige ander metode van beskikking oor 'n lyk, as of 'n kadawer op die wyse in hierdie Verordening voorsien;

"**begrafnisorder**" 'n order uitgereik kragtens die bepalings van die Wet op die Registrasie van Geboortes en Sterftes, 1992 (Wet No. 51 van 1992) wat 'n begrafnis magtig;

"**doodgebore**" met betrekking tot 'n kind, dat die kind na 'n binne-baarmoeder bestaan van minstens 26 weke en na 'n volledige geboorte geen teken van lewe getoon het nie;

"**graf**" 'n stuk grond in 'n begraafplaas wat uitgesit, voorberei en gebruik is vir 'n begrafnis;

"**gedenkplaat**" 'n plaat wat op die kolumbarium aangebring word vir identifiseringdoeleindes;

"**gedenkwerk**" enige grafsteen, monument, inskripsie of ander soortgelyke werk of deel daarvan, opgerig of bedoel om opgerig te word op 'n graf of 'n kolumbarium;

"**houer**" 'n persoon aan wie 'n reserveringsertifikaat vir 'n spesifieke graf uitgereik is ingevolge 'n wet herroep by artikel 24;

"**inwoner**" 'n persoon wat tydens sy of haar dood gewoonlik woonagtig was binne die Munisipaliteit of regtens aanspreeklik was vir betaling van eiendomsbelasting, huur, dienstegelde of heffings aan die Munisipaliteit;

"**kind**" (waar die woord gebruik word om 'n lyk te beskryf), 'n lyk wat begrawe word in 'n kis wat in 'n graf vir 'n kind pas, soos in artikel 14 bedoel;

"**kolumbarium**" 'n gedenkmuur of 'n muur van herinnering deur die Munisipaliteit voorsien vir die begrawing van as;

"**lyk**" 'n dooie menslike liggaam en ook die liggaam van 'n doodgebore kind;

"**Munisipaliteit**" die Thembelihle munisipaliteit;

"**nis**" die holte in 'n kolumbarium voorsien vir die begrawing van as;

"**opsigter**" die beampte deur die Munisipaliteit aangestel vir die beheer van en toesig oor 'n begraafplaas of begraafplase, en sy gedelegeerdes;

"**Stadsgeneesheer**" die beampte van tyd tot tyd deur die Munisipaliteit in sodanige posisie aangestel en sy of haar gedelegeerdes;

"**verantwoordelike persoon**" die naaste oorlewende familielid van 'n oorledene of 'n persoon deur sodanige oorlewende gemagtig, of indien die opsigter tevrede is dat sodanige persoon nie bestaan nie of dat die handtekening van sodanige oorlewende of gemagtigde persoon nie betyds verkry sal kan word vir doeleindes van voltooiing van die vereiste aansoekvorms nie, enige ander persoon wat die opsigter tevrede stel betreffende sy identiteit, belang in die begrafnis, vermoë om die voorgeskrewe gelde te betaal en om die toepaslike bepalings van hierdie Verordening na te kom;

"**voorgeskrewe gelde**" die gelde soos van tyd tot tyd deur die Munisipaliteit by wyse van besluit bepaal; en

"**volwassene**" (waar die woord gebruik word om 'n lyk te beskryf), 'n lyk wat begrawe word in 'n kis wat in 'n graf vir 'n volwassene pas, soos in artikel 14 bedoel.

HOOFSTUK 2
Uitlê en bestuur van begraafplase

Uitlê van begraafplase

2. (1) Die Munisipaliteit kan van tyd tot tyd geskikte munisipale grond binne die Munisipaliteit opsysit en reserveer vir die uitlê en bestuur van 'n begraafplaas.

(2) Die Munisipaliteit kan 'n aansoek vir die uitlê en instandhouding van 'n privaat begraafplaas of 'n privaat kolumbarium op privaat grond, oorweeg en goedkeur op die voorwaardes wat die Munisipaliteit nodig ag.

(3) 'n Begraafplaas uitgelê kragtens 'n wet by hierdie Verordening herroep, word geag kragtens hierdie artikel uitgelê te wees.

(4) Die Munisipaliteit kan binne 'n begraafplaas, ooreenkomstig 'n goedgekeurde uitlegplan, sodanige gebiede opsysit, reserveer en afbaken as wat die Munisipaliteit dienstig ag vir eksklusiewe gebruik deur lede van 'n besondere godsdiens of kerkverband, of vir die begrawing van volwassenes, kinders, lede van veiligheidsmagte of oorlogshelde, of vir die skepping en bestuur van –

(a) 'n berm area waar gedenkwerk van 'n beperkte grootte opgerig mag word slegs op 'n sement basis deur die Munisipaliteit voorsien op die bo- en onder ente van 'n graf, terwyl die oppervlakte van die graf gelykgemaak word;

(b) 'n monumentale area waar gedenkwerk wat opgerig word die totale graf area beslaan;

(c) 'n semi-monumentale area waar gedenkwerk, sonder 'n beperking op die grootte, opgerig mag word slegs op 'n sement basis by die bo ent van die graf, welke basis nie deur die Munisipaliteit voorsien word nie;

(d) 'n natuurlike gras area waar die oppervlakte van grafte gelykgemaak word en deur middel van nommers geïdentifiseer word wat bo-op grafte aangebring word op so 'n wyse dat 'n grassnyer gebruik kan word om die natuurlike gras te sny sonder beskadiging van die nommers;

(e) 'n tradisionele area waar die oppervlakte van grafte gelykgemaak word, en gedenkwerk nie die totale oppervlakte van 'n graf hoef te beslaan nie, en opgerig mag word op 'n graf wat nie met 'n sement basis voorsien is soos wat by die berm area vereis word nie;

(f) 'n kolumbarium area waar as in 'n nis in 'n gedenkmuur of 'n muur van herinnering wat deur die Munisipaliteit voorsien word, begrawe kan word.

Amptelike ure

3. (1) 'n Begraafplaas en die opsigter se kantoor is oop gedurende die tye deur die Munisipaliteit bepaal en die begraafplaaskantoor van die opsigter is oop van Maandag tot Vrydag.

(2) Begrafnisse vind plaas op die dae en gedurende die tye deur die Munisipaliteit bepaal.

(3) Die Munisipaliteit het die reg om 'n begraafplaas of enige gedeelte daarvan vir die publiek te sluit vir sodanige periodes en vir sodanige redes as wat die Munisipaliteit mag goeddunk.

(4) Niemand mag in 'n begraafplaas wees of daarin teenwoordig bly voor of na die tye deur die Munisipaliteit bepaal, of gedurende enige periode wat dit vir die publiek gesluit is, sonder die toestemming van die opsigter nie.

Register

4. 'n Register van grafte en begrafnisse word deur die opsigter bygehou en sodanige register word so ver as moontlik onmiddellik na die uitvoering van 'n begrafnis ingevul met verwysing na die voorgeskrewe besonderhede vervat in die toepaslike begrafnisorder.

Nommering van grafte

5. (1) Alle grafte in 'n begraafplaas wat geokkupeer word, of waarvoor 'n begrafnis gemagtig is ingevolge die bepalings van artikel 9, word deur die Munisipaliteit genommer.

(2) Die nommer word op 'n graf aangebring en word aangedui op 'n plan wat in die kantoor van die opsigter beskikbaar gehou word.

Reservering van grafte

6. Geen reservering van 'n graf in 'n begraafplaas word toegelaat nie: Met dien verstande dat reservering van grafte gemaak en aangeteken word in die amptelike rekords van die Munisipaliteit ingevolge 'n wet herroep by artikel 24, steeds geldig sal wees en die Munisipaliteit sodanige gereserveerde regte sal honoreer.

Oordrag van gereserveerde regte

7. (1) 'n Gereserveerde reg soos in artikel 6 bedoel, mag nie sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Munisipaliteit oorgedra word nie.

(2) Aansoek om sodanige reg oor te dra, moet skriftelik by die opsigter gedoen word deur die voltooiing en inhandiging van 'n voorgeskrewe aansoekvorm.

(3) Indien die aansoek goedgekeur word, sal 'n sertifikaat ten gunste van die oordragnemer uitgereik word, wat sodoende die houer word.

(4) 'n Gereserveerde reg kan op versoek van die houer daarvan gekanselleer word en as die versoek deur die Munisipaliteit toegestaan word, word die bedrag deur die houer betaal (indien daar is), min 10 % administrasiefooi aan die houer terugbetaal.

Aantal lyke in 'n graf

8. (1) Slegs een lyk mag in 'n graf met mates soos in artikel 14(1) of (2) bedoel, begrawe word.

(2) Slegs twee lyke mag in 'n graf met mates soos in artikel 14(4) bedoel, begrawe word: Met dien verstande dat aansoek vir die begrawe van twee lyke in skrif by die opsigter gemaak is deur inhandiging van 'n aansoek bedoel in artikel 9(1) alvorens die eerste lyk begrawe is.

(3) Na die oopmaak van 'n graf vir doeleindes van die begrawe van'n tweede lyk soos bedoel in subartikel (2) in daardie graf, moet 'n sementlaag van nie minder as 25 mm dik gegiet word bo die kis wat voorheen begrawe is.

(4) Indien by die oopmaak van enige graf, deur die Stadsgeneesheer gevind word dat die grond aanstootlik of gevaarlik vir die algemene gesondheid van mense is, word die situasie in oorleg met die Stadsgeneesheer hanteer.

HOOFSTUK 3
Begrafnisse

Aansoek vir 'n begrafnis

9. (1) 'n Aansoek om toestemming vir 'n begrafnis in 'n begraafplaas word op die voorgeskrewe aansoekvorm by die opsigter gedoen en gaan vergesel van –

(a) die voorgeskrewe begrafnisorder;
(b) die voorgeskrewe gelde; en
(c) die reserveringsertifikaat, indien van toepassing.

(2) Niemand mag in enige ander plek in die Munisipaliteit as in 'n begraafplaas uitgelê en bestuur deur die Munisipaliteit, 'n begrafnis of die begrawing van as of

'n kadawer onderneem, laat plaasvind of toelaat tensy die goedkeuring van die Munisipaliteit vooraf verkry is nie.

(3) Aansoek om toestemming vir 'n begrafnis moet by die opsigter ingedien word minstens 24 werksure voor die beplande begrafnis, by gebreke waaraan die opsigter die aansoek kan afkeur.

(4) Geen persoon mag 'n begrafnis in 'n begraafplaas onderneem, laat plaasvind of toelaat tensy skriftelike goedkeuring vir die begrafnis verkry is, 'n spesifieke graf toegeken is vir doeleindes van die begrafnis en 'n datum en tyd vir die begrafnis met die opsigter gereël is nie.

(5) Die opsigter neem die gewoontes en geloof of kerkverband van die familie van die oorledene in ag by toekenning van die datum en tyd van die begrafnis.

(6) Die toekenning van 'n spesifieke graf is die alleen verantwoordelikheid van die opsigter, en 'n begrafnis word slegs uitgevoer in 'n graf deur hom of haar toegeken: Met dien verstande dat by die toekenning van 'n graf, die opsigter so ver as prakties moontlik aan die verantwoordelike persoon toegang moet verleen tot 'n plan van die begraafplaas waarin die verskillende afdelings aangedui word, en hom of haar toelaat om die afdeling van sy of haar keuse, maar nie die graf van sy of haar keuse nie, te kies.

(7) Die Munisipaliteit kan volgens sy diskresie 'n begrafnis sonder betaling van die voorgeskrewe gelde en op sodanige wyse as wat die Munisipaliteit goedvind toelaat in 'n deel van 'n begraafplaas opsygesit vir sodanige doeleindes.

(8) Kennisgewing van die kansellasie of uitstel van 'n begrafnis, word minstens 4 werksure voor die tyd gereël vir die begrafnis, aan die opsigter gegee.

(9) Die verlening van toestemming vir 'n begrafnis en die toekenning van 'n spesifieke graf in 'n begraafplaas, verleen nie aan die aansoeker, die verantwoordelike persoon of enige ander persoon enige reg ten opsigte van sodanige graf anders dan om 'n lyk in die graf te begrawe nie.

Begrawing van 'n lyk

10. (1) Alle grafte word deur die opsigter voorberei, uitgesonderd grafte wat met bakstene of beton uitgevoer word, in welke geval die messelwerk of betonwerk deur die ondernemer onder die toesig van die opsigter en ooreenkomstig die spesifikasie wat vir gewone grafte geld, verrig word.

(2) Daar moet minstens 1200 mm grond wees tussen die bokant van 'n kis van 'n volwassene en die grondoppervlakte, en minstens 900 mm grond tussen die bokant van 'n kis van 'n kind en die grondoppervlakte.

(3) Alle lyke moet in 'n kis geplaas word vir doeleindes van die begrafnis, behalwe soos voosien vir die Moslem gemeenskap.

(4) Niemand mag sonder die voorafverkreë toestemming van die opsigter, enige godsdienstige plegtigheid of diens volgens die kerkgebruik van enige kerkgenootskap in enige gedeelte van enige begraafplaas, wat deur die Munisipaliteit ingevolge artikel 2(4) vir die gebruik van 'n ander kerkgenootskap gereserveer is, hou nie.

(5) Geen persoon mag toelaat dat 'n lykswa die paaie wat in 'n begraafplaas voorsien is verlaat nie en 'n lykswa moet 'n begraafplaas so gou moontlik na afloop van die begrafnis waarvoor dit gebruik is verlaat.

(6) Elkeen wat aan 'n begrafnisstoet of –plegtigheid deelneem, moet aan die aanwysings van die opsigter gehoor gee ten opsigte van die roete wat binne 'n begraafplaas gevolg moet word.

(7) Niemand vervoer 'n lyk of lê enige deel daarvan bloot op 'n onbetaamlike wyse in 'n straat, begraafplaas of publieke plek nie.

(8) Elke aansoek, en elke dokument in verband met 'n begrafnis moet gemerk word met 'n nommer wat ooreenstem met die nommer in die register waarna in artikel 4 verwys word, en moet deur die Munisipaliteit geliasseer en bewaar word vir 'n periode van nie minder as 10 jaar nie.

Begrawing van as

11. (1) As kan in 'n kis begrawe word, en slegs twee sodanige kiste wat as bevat mag in 'n ekstra diep graf begrawe word, soos bedoel in artikel 14(4): Met dien verstande dat 'n kis nie die gemiddelde liggaamsgewig van 70 kg mag oorskrei nie, en verdermeer dat die graf aangepas word tot die voorgeskrewe diepte en afmetings.

(2) Geen persoon mag 'n begrafnis van as in 'n begraafplaas onderneem, laat plaasvind of toelaat tensy die skriftelike goedkeuring vir die begrafnis verkry is, 'n spesifieke graf of nis toegeken is vir doeleindes van die begrafnis en 'n datum en tyd vir die begrafnis met die opsigter gereël is nie.

(3) Aansoek vir die begrawing van as vir 'n spesifieke tyd of onbepaald, of vir die voorsiening van 'n gedenkplaat van goedgekeurde materiaal om aangebring te word op 'n gebou, kolumbarium of ander fasiliteit, word by die opsigter op die voorgeskrewe vorm gedoen.

(4) Nisse word deur die opsigter toegeken streng ooreenkomstig die volgorde waarin die aansoeke daarvoor ontvang is, en geen reservering vir toekomstige gebruik word gemaak nie.

(5) Aansoek om toestemming vir die begrawing van as moet ten minste 24 werksure voor die beplande begrafnis ingedien word, by gebreke waaraan die opsigter die aansoek kan afkeur.

(6) 'n Kruik of kissie wat as bevat wat in 'n gebou, kolumbarium of ander fasiliteit gedeponeer is mag nie verwyder word sonder dat die skriftelike toestemming van die opsigter vooraf verkry is nie.

(7) Elke nis wat as bevat word geseël deur middel van 'n plaat wat deur die Munisipaliteit goedgekeur is, en word slegs oopgemaak vir doeleindes van die onttrekking van die kruik of kissie daarin vir beskikking daaroor elders, of vir doeleindes van die deponering van 'n addisionele kruik of kissie daarin, waarna dit weer geseël word.

(8) Aansoek vir die oopmaak van 'n nis word by die opsigter op die voorgeskrewe aansoekvorm gedoen.

(9) Niemand bring enige materiaal in 'n kolumbarium vir doeleindes van die konstruksie of oprigting van enige gedenkwerk daarin, tensy en totdat –

(a) goedkeuring vir die begrafnis verkry is ooreenkomstig die bepalings van artikel 9 nie;

(b) goedkeuring vir die oprigting van die gedenkwerk verkry is ooreenkomstig die bepalings van artikel 17(1) nie; en

(c) die voorgeskrewe gelde betaal is nie.

(10) Enigeen wat betrokke is by werk in die kolumbarium, voer sodanige werk tot die tevredenheid van die opsigter uit, en sodanige werk word gedurende die amptelike ure van die opsigter onderneem soos in artikel 3 uiteengesit.

(11) Geen permanente kranse, ruikers, blomme of blomme-huldeblyke mag in of op 'n kolumbarium geplaas word nie.

(12) Die kolumbarium mag daagliks besoek word gedurende die amptelike ure uiteengesit in artikel 3.

(13) Gedenkplate moet gemaak word van materiaal wat deur die Munisipaliteit goedgekeur is, en moet opgerig word gelyktydig met die plasing van die as, en binne 30 dae nadat goedkeuring verkry is.

Begrawing van 'n kadawer

12. Die oorblyfsels van 'n lyk wat gebruik is by 'n opvoedkundige inrigting vir die opvoeding van studente, algemeen bekend as 'n kadawer, mag in een kis begrawe word en twee sodanige kiste wat kadawers bevat mag in 'n ekstra diep graf begrawe word, soos bedoel in artikel 14(4): Met dien verstande dat 'n kis nie die gemiddelde liggaamsgewig van 70 kg mag oorskrei nie, en verdermeer dat die graf aangepas word tot die voorgeskrewe diepte en afmetings.

Persone wat buite die gebied van die Munisipaliteit te sterwe kom

13. Die bepalings van hierdie Verordening geld *mutatis mutandis* ten opsigte van 'n begrafnis in 'n begraafplaas van 'n persoon wat buite die Munisipaliteit te sterwe gekom het.

Afmetings van grafte

14. (1) Die uitgrawing van 'n graf vir 'n volwassene moet minstens 1820 mm diep, 2300 mm lank en 760 mm wyd wees.

(2) Die uitgrawing van 'n graf vir 'n kind moet minstens 1370 mm diep, 1520 mm lank en 610 mm wyd wees.

(3) Indien 'n groter, langer of wyer graf as dié hierbo gespesifiseer verlang word, moet sodanige aansoek, tesame met die verskuldigde bykomende voorgeskrewe gelde, saam met die aansoek om toestemming vir die begrafnis by die opsigter ingehandig word.

(4) Die uitgrawing vir 'n ekstra diep graf vir die begrawing van twee lyke, moet ten minste 2400 mm diep, 2300 mm lank en 760 mm wyd wees.

(5) Toegelate afwyking van afmetings vir grafte is soos volg:

Ekstra wyd	2300 mm lank 840 mm wyd
Ekstra lank	2530 mm lank 760 mm wyd
Reghoekig klein	2300 mm lank 810 mm wyd
Reghoekig groot	2400 mm lank 900 mm wyd
Steenmesselwerk	2600 mm lank 1050 mm wyd

(6) Die oppervlakte van 'n reghoekige graf vir 'n volwassene is 1500 mm wyd en 2600 mm lank.

(7) Die oppervlakte van 'n graf vir 'n volwassene is 1210 mm wyd en 2430 mm lank.

(8) Die oppervlakte van 'n graf vir 'n kind is 1210 mm wyd en 1520 mm lank, en indien die kis te groot is, moet 'n graf vir 'n volwassene gebruik word.

HOOFSTUK 4
Verassing

Verassing

15. Verassing binne die Munisipaliteit geskied slegs in 'n goedgekeurde krematorium wat vir die doel opgerig is, en ooreenkomstig die bepalings van die Verassingsordonnansie, 1926 (Ordonnansie No. 6 van 1926).

HOOFSTUK 5
Opgrawing

Opgrawing

16. (1) Niemand grawe sonder die skriftelike magtiging bedoel in artikel 3 van die Ordonnansie op die Opgrawing van Menslike Oorskot, 1980 (Ordonnansie No. 12 van 1980), en dan alleen nadat die Munisipaliteit sodanig ingelig is, 'n lyk op of onderneem die opgrawing of laat toe dat 'n lyk of die oorblyfsels daarvan opgegrawe word nie.

(2) Enige persoon behoorlik daartoe gemagtig om 'n lyk op te grawe soos hierbo uiteengesit, moet sodanige magtiging aan die opsigter voorsien ten minste 8 werksure voor die tyd voorgestel vir die opgrawing van die lyk en moet terselfdertyd die voorgeskrewe gelde betaal.

(3) Die opgrawing en verwydering van 'n lyk geskied alleenlik in die teenwoordigheid van die opsigter of 'n gemagtigde begraafplaaspersoneellid, vergesel van die begrafnisondernemer en ooreenkomstig die wetgewing van toepassing op opgrawings en herbegrawings.

(4) 'n Graf waaruit 'n lyk verwyder gaan word, moet indien so deur die opsigter vereis, effektief van die publieke oog afgeskerm word vir die duur van die opgrawing.

(5) Die persoon wat om die opgrawing van 'n lyk aansoek gedoen het, moet 'n aanvaarbare houer voorsien waarin die oorblyfsels van die lyk geplaas moet word, en moet sodanige oorblyfsels na die opgrawing verwyder.

(6) Niemand word toegelaat om 'n graf weer oop te maak tensy hy of sy die opsigter tevrede gestel het dat hy of sy daartoe gemagtig is nie.

(7) Na die opgrawing en verwydering van die oorblyfsels van 'n lyk, val alle regte tot die graf die Munisipaliteit toe en die hergebruik van die graf word in oorleg met die Stadsgeneesheer gedoen.

(8) Indien dit op enige stadium en vir welke rede ookal nodig word om 'n lyk op te grawe en na 'n ander graf oor te plaas, mag die Munisipaliteit, nadat die familie van die oorledene ooreenkomstig ingelig is, die lyk opgrawe en oorplaas na 'n ander graf.

HOOFSTUK 6
Gedenkwerk

Gedenkwerk

17. (1) Aansoek vir die oprigting van gedenkwerk word by die opsigter gedoen op die voorgeskrewe aansoekvorm.

(2) Die oprigting van traliewerk om 'n graf is verbode.

(3) Niemand bring enige materiaal in 'n begraafplaas in of laat toe dat dit ingebring word vir doeleindes van die konstruksie of oprigting van enige gedenkwerk daarin, tensy en totdat –

(a) goedkeuring vir die begrafnis verkry is ooreenkomstig die bepalings van artikel 9 nie;

(b) goedkeuring vir die oprigting van die gedenkwerk verkry is ooreenkomstig die bepalings van subartikel (1) nie; en

(c) die voorgeskrewe gelde betaal is nie.

(4) Grafte van oorloggesneuweldes wat deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Oorlogsgrafte of enige ander erkende liggaam of deur die regering van 'n vreemde land versorg of onderhou word, kan na aansoek by die Munisipaliteit van die vereiste betaling van die voorgeskrewe gelde vrygestel word.

(5) Die Munisipaliteit kan weier om toestemming te verleen vir enige voorgestelde werk in verband met 'n gedenksteen waarvan die plan en spesifikasie aan die lig bring dat dit van minderwaardige gehalte sal wees of 'n begraafplaas moontlik kan ontsier, of wat 'n grafskrif daarop het wat aanstoot mag gee aan gebruikers van die begraafplaas of besoekers daarvan.

(6) Geen persoon wat in 'n begraafplaas besig is met enige werk in verband met 'n gedenksteen, mag op engie stadium 'n aangrensende grafperseel versteur nie en na voltooiing van sodanige werk laat hy of sy die graf en die begraafplaas in

'n skoon en netjiese toestand en verwyder alle boumateriaal of oortollige grond vanaf die begraafplaas.

(7) Iemand wat werk in 'n begraafplaas verrig in verband met die oprigting van 'n gedenksteen, moet –

(a) vooraf reëlings met die opsigter tref rakende die datum en tyd van die beplande oprigting;

(b) alle afsonderlike dele van enige gedenksteen behalwe messelwerk, vasheg met koper- of gegalvaniseerde yster tappenne, wat lank en dik genoeg is om die permanente stewigheid van die werk te verseker;

(c) enige deel van sodanige werk wat op klip of 'n ander fondament rus, redelik haaks afwerk en voeg;

(d) seker maak dat die onderkant van elke plat klip-gedenksteen, en die basis of platform van elke grafsteen minstens 50 mm onderkant die natuurlike vlak van die grond is;

(e) alle grafstene stewig aan die basisse vasheg;

(f) seker maak dat gedenkstene in alle gevalle uit een soliede stuk bestaan;

(g) seker maak dat alle grafstene van graniet, marmer of brons of sodanige ander duursame staal of steen deur die Munisipaliteit goedgekeur is;

(h) seker maak dat alle randstene of gedenkwerk op grafte op betonfondamente opgerig word wat, in die geval van grafte vir volwassenes, minstens 1210 mm breed en 200 mm diep oor die hele breedte is en 910 mm breed en 200 mm diep oor die hele breedte in die geval van kindergrafte is;

(i) seker maak dat die grootte van 'n monumentale grafsteen (alles insluitend) soos volg is:

Enkelgraf	2440 mm lank 1070 mm wyd
Kindergraf	1370 mm lank 760 mm wyd
Dubbelgraf	2440 mm lank 2290 mm wyd;

(j) alle randstene op grafte groter as enkelgrafte by die vier hoeke en by alle laste op soliede betonlae bevestig;

(k) enige beton fondament op enige graf, indien dit as gevolg van die gewig van die gedenkwerk nodig geag word, op instruksie van die Munisipaliteit versterk.

(8) Geen persoon mag enige gedenkwerk binne enige begraafplaas oprig nie, tensy die nommer en blokletter van die graf waarop sodanige werk geplaas moet word, daarop gegraveer is op 'n plek waar dit ten alle tye vanaf die voetpad leesbaar is en alleen met die toestemming van die familie van die oorledene, mag die naam van die maker van sodanige gedenkwerk op die voetsteen aangebring word.

(9) Gedenkwerk mag slegs gedurende die amptelike kantoorure soos in artikel 3 bedoel, in 'n begraafplaas opgerig word.

(10) Geen persoon mag enige gedenkwerk in 'n begraafplaas oprig of plaas in ongure weer of indien die grond in 'n ongeskikte toestand is.

(11) Elke persoon wat werk in 'n begraafplaas uitvoer, kom onder alle omstandighede die instruksies van die opsigter na.

(12) Die Munisipaliteit mag, na behoorlike kennisgewing, te enige tyd die posisie van enige gedenkwerk in 'n begraafplaas verander of wysig, onderhewig daaraan dat waar die gedenkwerk oorspronklik in daardie posisie geplaas is, met die uitdruklike toestemming van die opsigter, enige verandering van daardie posisie ingevolge die bepalings van hierdie Verordening op koste van die Munisipaliteit geskied.

Grafte voorsien van 'n berm

18. (1) Nieteenstaande enigiets tot die teendeel in hierdie Verordening vervat, is 'n graf wat van 'n berm voorsien is, onderhewig aan die voorwaardes in subartikel (2) uiteengesit.

(2) (a) Geen randsteen mag by sodanige graf aangebring word nie.

(b) Die berm deur die Munisipaliteit voorsien, moet 1200 mm lank, 500 mm breed en 300 mm diep wees.

(c) Die basis van die gedenkwerk wat op die berm van 'n enkelgraf opgerig gaan word, mag nie groter wees nie as 1000 mm lank en 230 mm breed en die gedenkwerk, tesame met die basis, mag nie hoër as 1200 mm vanaf die grond wees nie.

(d) Gedenkwerk mag nie verby die basis van die berm steek nie.

(e) Geen voorwerp mag op 'n graf geplaas en gehou word nie: Met dien verstande dat gedenkwerk of 'n vaas vir blomme of lower wat in die opening wat in die berm voorsien is, geplaas is op 'n graf geplaas en gehou mag word totdat die grondoppervlakte bo-op die graf gelykgemaak is.

HOOFSTUK 7
Instandhouding

Instandhouding van grafte

19. (1) (a) Gedenkwerk wat op enige graf opgerig is, moet te alle tye deur die verantwoordelike persoon in goeie orde en toestand gehou word.

(b) Indien enige sodanige gedenkwerk toegelaat word om te verval of om gevaarlik te word of die begraafplaas ontsier, kan die Munisipaliteit by wyse van 'n skriftelike kennisgewing per aangetekende pos, wat aan die verantwoordelike persoon by sy of haar jongsbekende posadres gerig is, van hom of haar eis om sodanige herstelwerk te doen as wat nodig geag word.

(c) By versuim om die vereiste herstelwerk binne 1 maand vanaf die datum van sodanige kennisgewing te doen, kan die Munisipaliteit na goeddunke, die herstelwerk laat doen of die gedenkwerk laat verwyder, en die koste van sodanige herstelwerk of verwydering van die verantwoordelike persoon verhaal.

(2) Tensy anders in hierdie Verordening voorsien, is die Munisipaliteit verantwoordelik om begraafplase in 'n skoon en netjiese toestand te hou.

(3) Gras mag deur die naasbestaandes van 'n oorledene op 'n graf geplant word, onderhewig aan die instruksies van die opsigter: Met dien verstande dat die Munisipaliteit 'n graf, as deel van 'n begraafplaas, op eie koste en in ooreenstemming met sy eie standaarde en programme onderhou.

(4) (a) Alle gedenkwerk wat uitmekaar gehaal is vir doeleindes van 'n verdere begrafnis, moet binne 2 maande na die datum van sodanige uitmekaarhaal, heropgerig of verwyder word.

(b) By versuim om hieraan te voldoen, kan die Munisipaliteit sonder enige verdere kennisgewing, die uitmekaargehaalde gedenkwerk vanuit die begraafplaas verwyder, en die koste vir die verwydering van die verantwoordelike persoon verhaal.

(5) Niemand mag enige boom, struik, bos of enige ander plant op of in die omgewing van 'n graf aanplant nie.

(6) Die Munisipaliteit kan enige plant wat verby die grense van enige graf strek of wat onnet is, verwyder, snoei of knip.

(7) Niemand laat enige blom, gras, saad of enige ander materiaal wat vanaf 'n graf verwyder is, op enige ander graf, in die pad of op enige ander plek in 'n begraafplaas, behalwe in 'n afvalhouer vir die doel voorsien, agter nie.

HOOFSTUK 8
Algemene gedrag in begraafplase

Algemene gedrag in begraafplase

20. (1) Tensy onder die sorg van 'n volwassene of met die goedkeuring van die opsigter, gaan niemand onder die ouderdom van 12 jaar 'n begraafplaas binne nie.

(2) Niemand gaan 'n begraafplaas binne of verlaat dit, behalwe deur die hekke vir die doel voorsien, en niemand gaan enige kantoor of geslote ruimte in enige begraafplaas binne, behalwe om sake te doen of met die toestemming van die opsigter nie.

(3) Niemand lê 'n vals verklaring af of verstrek vals inligting in 'n aansoek of enige ander vorm of dokument wat ingevolge die bepalings van hierdie Verordening voltooi en ingehandig moet word nie.

(4) Niemand verrig of beoefen binne enige begraafplaas of enige publieke plek binne 30 m vanaf die grens van 'n begraafplaas, enige handelsberoep of smousaktiwiteit of werf bestellings vir enige besigheid, of mag enige besigheidskaart of advertensie vertoon, versprei of agterlaat nie, behalwe met die skriftelike goedkeuring van die Munisipaliteit en op sodanige voorwaardes wat die Munisipaliteit mag bepaal.

(5) Niemand mag op of oor enige grafsteen, gedenkwerk, hek, muur, heining of gebou in enige begraafplaas sit, staan of klim nie.

(6) Niemand mag enige betoging van welke aard ookal in 'n begraafplaas hou, dit toelaat of daaraan deelneem nie.

(7) Niemand mag enige dier in 'n begraafplaas inbring of toelaat dat dit ingebring word nie, en enige dier wat in 'n begraafplaas aangetref word, kan geskut word.

(8) Voorskrifte uitgereik deur die opsigter ten einde die ordelike verloop van die verrigtinge in 'n begraafplaas betreffende die plasing van strukture, stoele, mikrofoon-toerusting en die tipe musiek wat gespeel mag word te verseker, moet nagekom word.

(9) Niemand mag binne enige begraafplaas, die opsigter of enige beampte van die Munisipaliteit in die uitoefening van sy of haar amptelike pligte verhinder, weerstaan of teenwerk nie, of weier om enige redelike opdrag van die opsigter of enige beampte van die Munisipaliteit na te kom nie.

(10) Niemand verwyder enige grond, sand of ander stof of ding van 'n soortgelyke aard vanuit 'n begraafplaas sonder die uitdruklike toestemming van die opsigter nie.

(11) Niemand mag enige graf, grafsteen, monument, muur, gebou, heining, pad of ander verbetering binne enige begraafplaas roekeloos of moedswillig vernietig of beskadig of laat beskadig nie, of enige advertensie, plakkaat of aanplakbiljet daarop aanbring, teken of oprig nie of dit op enige ander manier skend nie.

(12) Niemand mag enige beampte van die Munisipaliteit met geld, geskenke of enige ander voordeel omkoop of poog om hom of haar om te koop in verband met enige aangeleentheid wat met 'n begraafplaas verbandhou nie.

(13) Niemand mag sonder die toestemming van die opsigter, enige grond binne 'n begraafplaas verstoor of enige plant, struik of blomplant ontwortel of op enige manier met enige graf of verbetering peuter nie, tensy dit uitdruklik in hierdie Verordening toegelaat word.

(14) Niemand mag enige spel of sport binne 'n begraafplaas speel, of enige vuurwapen daarbinne afvuur, behalwe as 'n saluut by 'n militêre begrafnis, of enige windbuks of rekker afskiet, of enigiemand binne sodanige begraafplaas hinder of lasting val nie.

(15) Geen musiekinstrument mag in 'n begraafplaas bespeel word sonder die toestemming van die opsigter nie.

HOOFSTUK 9
Diverse

Beserings en skade

21. Iemand wat 'n begraafplaas gebruik, doen dit op eie risiko, en die Munisipaliteit aanvaar geen aanspreeklikheid hoegenaamd vir enige persoonlike beserings wat so 'n persoon mag opdoen nie of vir enige verlies van of skade aan so 'n persoon se eiendom wat in verband staan met of voortspruit uit die voormelde gebruik van 'n begraafplaas nie.

Vuurwapens en tradisionele wapens

22. Geen vuurwapen of tradisionele wapen word by 'n begraafplaas toegelaat nie.

Strafbepaling en koste

23. (1) Iemand wat enige bepaling van hierdie Verordening oortree of versuim om daaraan te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding deur 'n hof, strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf vir 'n periode van nie meer as 3 jaar nie, of met beide so 'n boete en daardie gevangenisstraf.

(2) Enige koste wat deur die Munisipaliteit aangegaan is as gevolg van 'n oortreding van hierdie Verordening, of by die doen van enigiets wat iemand by of kragtens enige sodanige bepaling van die Verordening opgedra is om te doen, wat hy of sy versuim het om te doen, kan deur die Munisipaliteit verhaal word van die persoon wat die oortreding begaan het of versuim het om sodanige ding te doen.

Herroeping van wette en voorbehoude

24. (1) Hierdie verordening herroep alle ander verordeninge in die verband.

(2) Enige toestemming verkry, reg toegestaan, voorwaarde opgelê, aktiwiteit veroorloof of ding gedoen kragtens 'n herroepe wet word, na gelang van die geval, geag kragtens die ooreenstemmende bepaling van hierdie Verordening (as daar is), verkry, toegestaan, opgelê, veroorloof of gedoen te gewees het.

Kort titel

25. Hierdie Verordening heet die Verordening op Begraafplase, 2008

Verordening No. 3, 2008

VERORDENING OP DIE BEHEER OOR AANHOU VAN HONDE, 2008

VERORDENING

Om voorsiening te maak vir beheer oor die aanhou van honde in die Thembelihle munisipaliteit; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Thembelihle munisipaliteit, soos volg:-

Woordomskrywing

1. In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

"**aanhou**" met betrekking tot 'n hond, om toesig of beheer daaroor te hê of om dit in bewaring te hê of om skuilplek te bied aan sodanige hond;

"**eienaar**" met betrekking tot 'n hond, iemand wat 'n hond aanhou en ook enige persoon aan wie 'n hond toevertrou is of wat beheer oor 'n hond het ten opsigte van enige terrein binne die regsgebied van die Munisipaliteit waar sodanige hond aangehou word of toegelaat word om te lewe of te bly;

"**gemagtigde beampte**" –

(a) 'n vredesbeampte, soos omskryf in artikel 1 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977) in diens van die Munisipaliteit;

(b) enige ander persoon, hetsy in diens van die Munisipaliteit of nie, wat as gemagtigde beampte deur die Munisipaliteit aangestel is;

"**hond**" vir doeleindes van artikel 3(1) en (2), 'n hond bo die ouderdom van ses maande;

"**Munisipaliteit**" die Thembelihle munisipaliteit;

"**openbare plek**" ook grond, 'n park of oop ruimte, pad, straat, nagstraat of deurgang, brug, gebou of struktuur wat gewoonlik deur die publiek gebruik word, wat die eiendom van die Munisipaliteit is, of waarvan die beheer, tot volle uitsluiting van die eienaar in die Munisipaliteit gevestig is, of waartoe die inwoners van die Munisipaliteit 'n gesamentlike reg of toegang het;

"**soneer**" 'n grondgebruik aan 'n perseel gekoppel kragtens enige wet, die dorpsaanlegskema of 'n titelakte; en

"**straat**" ook 'n sypaadjie.

Toepassing van Verordening

2. Die bepalings van artikels 3(1) en 5 is nie van toepassing op 'n perseel wat vir landboudoeleindes gesoneer is nie: Met dien verstande dat iemand wat honde aanhou op 'n perseel wat vir landboudoeleindes gesoneer is nie van voldoening aan enige ander bepaling van hierdie Verordening of enige ander wetgewing wat van toepassing mag wees, vrygestel is nie.

Getal honde

3. (1) Behoudens die bepalings van subartikel (2), hou niemand, sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Munisipaliteit, meer as twee honde op enige erf of perseel aan nie.

(2) 'n Hondeteler wat meer as twee honde –

(a) op 'n perseel wat vir landboudoeleindes gesoneer is wil aanhou, is geregtig om dit te doen;

(b) op 'n perseel wat vir enige ander doeleindes as landboudoeleindes gesoneer is wil aanhou, moet die skriftelike toestemming van die Munisipaliteit verkry.

(3) 'n Aansoek om die Munisipaliteit se goedkeuring ingevolge subartikel (2), word alleen deur die Munisipaliteit oorweeg, indien –

(a) die Munisipaliteit oortuig is dat die perseel waarop die honde aangehou sal word nie kleiner as 5 000 vierkante meter is nie; en

(b) die aansoek vergesel gaan van 'n aansoek om verandering van die grondgebruikbeperkings van toepassing op die perseel, waar dit nodig is.

(4) Die Munisipaliteit se toestemming ingevolge subartikel (2)(b) om meer as twee honde op 'n perseel aan te hou, word verleen –

(a) alleen in daardie gevalle waar, na aanleiding van advertensie ingevolge die betrokke wetgewing, geen besware ontvang word teen die voorgestelde afwyking van grondgebruikbeperkings nie; en

(b) onderworpe aan die voorwaardes en beperkings wat die Munisipaliteit nodig ag.

(5) Die Munisipaliteit kan, nadat behoorlike prosedure gevolg is, 'n toestemming ingevolge subartikel (2)(b) toegestaan, terugtrek.

Beheer oor honde

4. Niemand –

(a) laat toe dat 'n hitsige teef wat deur hom of haar besit of aangehou word, in 'n openbare plek kom nie;

(b) moedig 'n hond aan om enige mens of dier aan te val of skrik te maak nie, behalwe waar dit nodig is vir beskerming van sy of haar persoon of goed of van enigiemand anders;

(c) abandoneer 'n hond deur hom of haar besit of aangehou nie;

(d) hou 'n hond aan wat –

(i) deur te blaf, kef, tjank of te huil;

(ii) deur die gewoonte aan te geleer het om motors, diere, pluimvee, duiwe of mense buite die perseel waar dit aangehou word, te jaag; of

(iii) deur op enige ander manier op te tree,

die normale gemak, gerief, vrede of stilte van sy of haar bure versteur nie; of

(e) laat 'n hond wat deur so iemand besit of aangehou word –

(i) toe om, terwyl dit aan brandsiekte of enige ander besmetlike of aansteeklike siekte ly, in 'n openbare plek te wees nie;

(ii) wat wild, kwaai of gevaarlik is in 'n openbare plek toe, indien dit nie gemuilband is en aan 'n leiband onder die beheer van 'n verantwoordelike persoon gehou word nie;

(iii) toe om op privaatgrond te oortree nie;

(iv) toe om 'n gevaar te wees vir verkeer wat enige pad of straat gebruik nie;

(v) toe om 'n bron van gevaar of besering te wees of, volgens sy of haar kennis, om waarskynlik 'n bron van gevaar of besering te wees vir iemand buite die perseel waar die hond aangehou word nie; of

(vi) toe om in 'n openbare plek te wees, behalwe aan 'n leiband en onder beheer van 'n verantwoordelike persoon nie.

Omheining van persele

5. Niemand hou 'n hond aan op 'n perseel wat nie behoorlik en genoegsaam omhein is om die hond binne te hou wanneer dit nie aan 'n leiband is nie.

Honde mag nie 'n bron van gevaar wees nie

6. Iemand wat 'n hond op 'n perseel aanhou –

(a) neem redelike voorsorg om seker te maak dat die hond nie 'n bron van gevaar vir werknemers van die Munisipaliteit wat die perseel binnegaan om hul pligte uit te voer, uitmaak nie; en

(b) vertoon, in 'n opvallende plek, 'n kennisgewing tot die effek dat 'n hond op die perseel aangehou word.

Verwydering van aanstootlike stowwe

7. Indien 'n hond in 'n openbare plek ontlas, verwyder die persoon in beheer van die hond sonder verwyl die ontlasting, plaas dit in 'n plastiek- of papiersak of omhulsel en gooi dit weg in 'n houer vir die weggooi van rommel of vullis.

Honde op persele waar kos verkoop word

8. Enigeen wat die eienaar is of in beheer is van 'n winkel of ander plek waar kos voorberei, verkoop of uitgestal word vir verkoop, laat nie toe dat 'n hond in die winkel of op die plek is of bly nie.

Inbeslagneming, skut en afmaak van honde

9. (1) Enige hond wat in 'n openbare plek aangetref word en wat aan brandsiekte of 'n ander besmetlike of aansteeklike siekte ly, of wat kwaai, wild of gevaarlik is of ernstig beseer is, kan deur 'n gemagtigde beampte van die Munisipaliteit in beslag geneem en van kant gemaak word.

(2) 'n Gemagtigde beampte kan op enige hond wat in 'n openbare plek gevind word strydig met die bepalings van hierdie Verordening, beslag lê en dit skut op 'n plek deur die Munisipaliteit bepaal.

(3) 'n Hond wat ingevolge subartikel (2) geskut is, kan –

(a) aan die eienaar van so 'n hond vrygelaat word teen betaling van 'n bedrag deur die Munisipaliteit bepaal, bykomend tot enige koste, boete of belasting wat ten opsigte van die hond uitstaande mag wees; of

(b) na verloop van 30 dae, deur die Munisipaliteit van kant gemaak word of mee gehandel word na goedunke van die Munisipaliteit.

Aanspreeklikheid

10. Nóg die Munisipaliteit nóg enige gemagtigde beampte of enige werknemer van die Munisipaliteit is aanspreeklik vir of ten opsigte van enige besering of siekte opgedoen deur of skade aangerig aan enige hond as gevolg van of gedurende die inbeslagneming, skut, aanhouding of afmaak daarvan kragtens hierdie Verordening.

Strafbepaling

"openbare kennisgewing" beteken publikasie in die media, insluitende een of meer van die volgende:

1) publikasie van 'n kennisgewing, in die amptelike tale wat deur die munisipale raad bepaal is —
a) in 'n plaaslike koerant of koerante wat in die voorsieningsgebied van die munisipaliteit versprei word;
b) in die koerant of koerante wat in die voorsieningsgebied van die munisipaliteit versprei word en deur die munisipale raad as 'n koerant van rekord bepaal is; of
c) op die amptelike webwerf van die munisipaliteit;
d) deur middel van radio-uitsendings wat die voorsieningsgebied van die munisipaliteit dek;

2) vertoon van 'n kennisgewing in of op 'n perseel, kantoor, biblioteek of betaalpunt van óf die munisipaliteit óf sy gemagtigde agent waartoe die publiek redelike toegang het; en

3) kommunikasie met klante deur middel van openbare vergaderings en wykskomiteevergaderings;

"perseel" beteken 'n stuk grond waarvan die buitevlakgrense geskets is op —

a) 'n algemene plan of diagram wat ingevolge die Opmetingswet, 1927 (Wet no. 9 van 1927), of ingevolge die Registrasie van Aktes Wet, 1937 (Wet no. 47 van 1937), geregistreer is;
b) 'n deelplan wat ingevolge die Wet op Deeltitels, 1986 (Wet no. 95 van 1986), geregistreer is; of
c) 'n register gehou deur 'n stamowerheid of ooreenkomstig 'n beëdigde verklaring wat deur 'n stamowerheid gemaak is;

"persoon" beteken 'n persoon hetsy 'n natuurlike of 'n regspersoon, en sluit in, maar is nie beperk nie tot, 'n plaaslike regeringsliggaam of soortgelyke owerheid, 'n maatskappy of beslote korporasie wat kragtens 'n wet geïnkorporeer is, 'n liggaam van persone hetsy geïnkorporeer of nie, 'n statutêre liggaam, openbare nutsliggaam, vrywillige vereniging of trust;

"rekening" beteken 'n rekening of rekenings gelewer vir munisipale dienste wat verskaf is;

"rente" beteken rente soos deur die Minister van Justisie ingevolge artikel 1 van die Wet op die Voorgeskrewe Rentekoers, 1975 (Wet no. 55 van 1975), voorgeskryf kan word;

"toepaslike gelde" beteken die belasting (insluitende eiendomsbelasting), gelde, tariewe of subsidies wat deur die munisipale raad vasgestel is;

"voorsieningsgebied" beteken 'n gebied binne of gedeeltelik binne die regsgebied van die munisipaliteit waaraan 'n munisipale diens verskaf word;

"wanbetaler" beteken 'n klant wat agterstallige gelde aan die munisipaliteit verskuldig is;

"werklike verbruik" beteken die gemete verbruik deur 'n klant van 'n munisipale diens; en

"Wet" beteken die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet no. 32 van 2000), soos van tyd tot tyd gewysig.

HOOFSTUK 2: MUNISIPALE DIENSTE AAN KLANTE BEHALWE HULPBE-HOEWENDE KLANTE

Deel 1: Aansoek om munisipale dienste

2. Aansoek om dienste

1. 'n Klant wat as 'n hulpbehoewende klant wil kwalifiseer, moet aansoek om dienste doen op die wyse wat in Hoofstuk 4 uiteengesit word.

2. Geen persoon mag, behoudens die bepalings van subartikel (3), 'n munisipale diens ontvang of toegang daartoe verleen word nie, tensy die munisipaliteit sy goedkeuring verleen het vir 'n aansoek wat by die munisipaliteit gedoen is op die voorgeskrewe vorm wat as Aanhangsel A by hierdie verordeninge aangeheg is.

3. Indien, by die inwerkingtreding van hierdie verordeninge of te enige ander tyd, munisipale dienste verskaf en ontvang word en geen skriftelike ooreenkoms ten opsigte van sodanige dienste bestaan nie, word daar, totdat die klant 'n ooreenkoms ingevolge subartikel (2) aangaan, geag dat —
   a) 'n ooreenkoms soos in subartikel (7) bedoel word, bestaan; en
   b) die diensvlak wat aan daardie klant gelewer is, op 'n diensvlak is wat deur hom gekies is.

4. Die munisipaliteit moet, wanneer 'n aansoek om die verskaffing van munisipale dienste by hom gedoen word, die aansoeker inlig van die diensvlakke wat beskikbaar is en van die toepaslike tariewe of gelde wat dan heers en, as dit bekend is, die toekomstige tariewe of gelde wat met elke diensvlak gepaard gaan.

5. Die munisipaliteit is slegs verplig om 'n diensvlak te lewer wat spesifiek deur die aansoeker versoek word as die diens tans verskaf word en as die munisipaliteit die hulpbronne en kapasiteit het om daardie diensvlak te verskaf.

6. 'n Klant kan te eniger tyd aansoek doen om 'n verandering van die diensvlak wat ingevolge 'n ooreenkoms gekies is en, as hy dit doen, kan die munisipaliteit die aansoek goedkeur as hy die kapasiteit en hulpbronne het om die diensvlak te verskaf wat die diensvlak verander, onderworpe aan die voorwaarde dat die klant aanspreeklik is vir die koste om die verandering te bewerkstellig en, as dit uitvoerbaar is om die koste te bereken, daarvoor te betaal voordat daar met die verandering begin word.

7. 'n Aansoek om dienste wat deur 'n klant ingedien en deur die munisipaliteit goedgekeur is, maak 'n skriftelike ooreenkoms tussen die munisipaliteit en die klant uit en sodanige ooreenkoms tree in werking op die datum wat in die ooreenkoms genoem of gestipuleer word.

8. Die munisipaliteit moet redelike stappe doen om te probeer verseker dat 'n ongeletterde persoon wat 'n aansoekvorm wil voltooi die dokument asook die gevolge van die aangaan van die ooreenkoms verstaan, en moet hom ook inlig van die moontlikheid om as 'n hulpbehoewende klant te registreer.

9. Die munisipaliteit moet, benewens voldoening aan die vereistes van subartikel (8), 'n ongeletterde persoon bystaan met die voltooiing van die aansoekvorm.

10. Munisipale dienste wat aan 'n klant gelewer word is onderworpe aan die bepalings van hierdie verordeninge, enige ander toepaslike verordeninge en die voorwaardes wat in die ooreenkoms vervat is.

11. Die munisipaliteit kan, onderworpe aan die bepalings van enige reg op privaatheid en geheimhouding wat kragtens 'n wet erken word, 'n ondersoek na die kredietwaardigheid van 'n klant doen en kan spesifieke bykomende voorwaardes vir daardie klant stel wat nie in hierdie verordeninge of in die voorgeskrewe vorm vervat is nie.

12. As die munisipaliteit —

a) 'n aansoek om die verskaffing van munisipale dienste of 'n spesifieke diens of diensvlak weier;
b) nie in staat is om munisipale dienste of 'n spesifieke diens of diensvlak te lewer wanneer die klant dit wil hê nie; of
c) nie in staat is om munisipale dienste, 'n spesifieke diens of 'n spesifieke diensvlak te lewer nie;

moet hy binne 7 (sewe) dae nadat hy die aansoek geweier het of van sy onvermoë bewus geword het, die klant van die weiering of sy onvermoë verwittig, en die redes vir sy weiering of onvermoë verstrek en, as hy dit kan doen, die klant inlig wanneer die munisipale dienste, of 'n spesifieke diens, hervat sal word.

3. Spesiale ooreenkomste vir munisipale dienste

Die munisipaliteit kan 'n spesiale ooreenkoms vir die verskaffing van munisipale dienste aangaan met 'n aansoeker —

a) binne die voorsieningsgebied, as die dienste waarom aansoek gedoen is die stel van voorwaardes vereis wat nie in die voorgeskrewe vorm of in hierdie verordeninge vervat is nie;
b) wat gesubsidieerde dienste ontvang; en
c) indien die perseel wat sodanige dienste gaan ontvang buite die voorsieningsgebied geleë is en die munisipaliteit wat jurisdiksie oor die perseel het, geen beswaar teen sodanige spesiale ooreenkoms het nie, en dit is die klant se plig om die munisipaliteit wat jurisdiksie het van so 'n spesiale ooreenkoms te verwittig.

4. Verandering van doel waarvoor munisipale dienste gebruik word

Waar die doel of omvang van 'n munisipale diens verander word, moet die klant die munisipaliteit onverwyld van die verandering in kennis stel en 'n nuwe ooreenkoms met die munisipaliteit aangaan.

5. Beëindiging van ooreenkomste vir munisipale dienste

1. 'n Klant kan 'n ooreenkoms vir munisipale dienste beëindig deur minstens 21 (een en twintig) dae skriftelike kennis aan die munisipaliteit te gee.

2. Die munisipaliteit kan 'n ooreenkoms vir munisipale dienste beëindig deur minstens 21 (een en twintig) dae skriftelike kennis aan 'n klant te gee waar —
   a) munisipale dienste vir 'n opeenvolgende tydperk van 2 (twee maande) nie benut is nie en sonder dat daar, tot voldoening van die munisipaliteit, 'n ooreenkoms vir die voortsetting van die ooreenkoms aangegaan is; of
   b) persele ontruim is deur 'n klant wat dit besit of geokkupeer het, en geen reëling vir die voortsetting van die ooreenkoms met die munisipaliteit getref is nie.

3. 'n Klant bly aanspreeklik vir alle agterstallige bedrae en toepaslike gelde wat betaalbaar is vir munisipale dienste wat voor die beëindiging van 'n ooreenkoms gelewer is.

6. Eiendomsontwikkelings

1. 'n Eiendomsontwikkelaar moet, so gou as wat 'n infrastruktuur in staat is om 'n munisipale diens of dienste aan 'n gebied te lewer wat die onderwerp van ontwikkeling is, die munisipaliteit afdoende en onverwyld binne 'n redelike tyd inlig van die aard en omvang van die diens of dienste wat verskaf moet word en van die meettoestelle wat gebruik gaan word.

2. 'n Eiendomsontwikkelaar wat versuim om aan die bepalings van subartikel (1) te voldoen, is aanspreeklik vir die betaling van al die toepaslike gelde wat deur klante betaalbaar sou gewees het ten opsigte van munisipale dienste wat gebruik of verbruik is.

Deel 2: Toepaslike gelde

7. Toepaslike gelde vir munisipale dienste

1. Alle toepaslike gelde wat ten opsigte van munisipale dienste betaalbaar is (insluitende, maar nie beperk nie tot, die betaling van aansluitgelde, vaste gelde of enige bykomende gelde) moet deur die munisipale raad vasgestel word ooreenkomstig —
   a) sy tariefbeleid;
   b) die verordeninge; en
   c) enige regulasies wat ingevolge nasionale of provinsiale wetgewing gemaak is.

2. Toepaslike gelde kan wissel vir verskillende kategorieë klante, gebruikers van dienste, soorte en vlakke dienste, hoeveelheid dienste, infrastrukturele vereistes en geografiese gebiede.

8. Beskikbaarheidsgelde vir munisipale dienste

Die munisipale raad kan, benewens die tariewe of gelde wat voorgeskryf word vir munisipale dienste wat werklik verskaf word, 'n maandelikse vaste geld, 'n jaarlikse vaste geld of 'n enkele of finale vaste geld hef waar munisipale dienste beskikbaar is, ongeag of die dienste gebruik word of nie gebruik word nie.

9. Gesubsidieerde dienste

1. 'n Munisipale raad kan, by openbare kennisgewing, subsidies implementeer in die mate waarin hy dit kan bekostig sonder benadeling van die volhoubaarheid van munisipale dienste wat deur hom binne sy regsgebied gelewer word vir wat, na sy mening, 'n basiese diensvlak vir 'n bepaalde munisipale diens is.

2. Die munisipale raad kan, by die implementering van subsidies, differensieer tussen soorte huishoudelike klante, soorte en vlakke dienste, hoeveelheid dienste, geografiese gebiede en sosio-ekonomiese gebiede.

3. 'n Openbare kennisgewing ingevolge subartikel (1) moet ten minste die volgende besonderhede wat op 'n spesifieke subsidie van toepassing is, bevat:

   a) die huishoudelike klante wat by die subsidie sal baat;
   b) die soort, vlak en hoeveelheid van 'n munisipale diens wat gesubsidieer sal word;
   c) die gebied waarbinne die subsidie van toepassing sal wees;
   d) die tarief (wat die subsidievlak aandui);
   e) die metode van implementering van die subsidie; en
   f) enige spesiale bepalings en voorwaardes wat op die subsidie van toepassing sal wees.

4. Indien 'n huishoudelike verbruiker se verbruik of gebruik van 'n munisipale diens —

   a) minder is as die gedeelte van 'n diens wat gesubsidieer word, sal die ongebruikte gedeelte nie aan die klant toeval nie en sal die klant nie geregtig wees op 'n betaling of 'n korting ten opsigte van die ongebruikte gedeelte nie; en
   b) die gesubsidieerde gedeelte van die diens oorskry, sal die klant verplig wees om vir oorskrydingsverbruik teen die toepaslike tarief te betaal.

5. 'n Subsidie wat ingevolge subartikel (1) geïmplementeer is, kan te eniger tyd, na redelike openbare kennisgewing, teruggetrek of gewysig word na die uitsluitlike goeddunke van die munisipale raad.

6. Kommersiële klante kwalifiseer nie vir gesubsidieerde dienste nie.

7. Gesubsidieerde dienste word befonds uit die gedeelte van inkomste wat nasionaal verkry word en aan die munisipaliteit toegewys word, en indien sodanige befondsing ontoereikend is, kan die dienste befonds word uit inkomste wat deur middel van belasting en gelde vir munisipale dienste verkry word.

10. Verhaal van bykomende koste

Die munisipale verordeninge kan, benewens enige geld, tarief, heffing of betaling van enige aard wat in hierdie verordeninge bedoel word, enige koste op die klant verhaal wat deur hom aangegaan is met die implementering van hierdie verordeninge, insluitende, maar nie beperk nie tot —

a) alle regskoste, insluitende prokureur-en-kliëntkoste aangegaan vir die verhaal van agterstallige bedrae, wat teen die klant as agterstallige bedrae op sy rekening gedebiteer moet word; en
b) die koste wat aangegaan is om betaling van die klant te eis en om die kliënt per telefoon, faks, e-pos, brief of andersins te herinner dat betaling verskuldig is.

Deel 3: Betaling

11. Betaling van deposito

1. 'n Munisipale raad kan van 'n klant vereis om 'n deposito te betaal wat deur hom vasgestel is en kan bepaal dat verskillende deposito's deur verskillende kategorieë klante, verbruikers van dienste en debiteure betaal moet word asook vir verskillende dienste en diensstandaarde.

2. 'n Deposito mag nie 3 (drie) keer meer wees as die geldelike waarde (insluitende eiendomsbelasting en gelde wat uit die lewering van die diens verkry word) van enige diens waarom 'n klant aansoek gedoen het nie.

3. 'n Diens wat in subartikel (2) bedoel word, beteken 'n diens wat aan 'n klant se perseel gelewer is; en die maandelikse geldelike waarde van 'n diens word bereken deur die totale geldelike waarde van die 3 (drie) mees onlangse maande van diens wat aan hom gelewer is te neem en dit deur 3 (drie) te deel.

4. Die munisipale raad kan aanvaarbare vorme van deposito's spesifiseer, wat kan insluit:

a) kontant;
b) elektroniese oorbetaling;
c) bankgewaarborgde tjeks; en
d) bankwaarborge.

5. 'n Deposito wat deur die munisipale raad vasgestel is, moet deur 'n klant betaal word wanneer hy om 'n munisipale diens aansoek doen en geen diens sal gelewer word nie tensy dit betaal is.

6. Indien 'n klant agterstallig is, kan die munisipaliteit van die klant vereis om —

a) 'n deposito te betaal indien daar nie voorheen van daardie klant vereis is om 'n deposito te betaal nie, as die munisipale raad 'n deposito vasgestel het; en
b) 'n bykomende deposito te betaal waar die deposito wat deur daardie klant betaal is, minder is as die mees onlangse deposito wat deur die munisipale raad vasgestel is.

7. 'n Deposito, of enige deel van 'n deposito, is nóg 'n betaling nóg 'n gedeeltelike betaling van 'n rekening, maar indien 'n rekening agterstallig is, sal die deposito as betaling of gedeeltelike betaling van die agterstallige bedrag aangewend word.

8. Geen rente sal deur die munisipaliteit op enige deposito of deel van 'n deposito wat deur hom gehou word, betaalbaar wees nie.

9. 'n Deposito is by beëindiging van die ooreenkoms na vereffening van alle agterstallige bedrae aan die klant terugbetaalbaar, maar indien enige agterstallige bedrae nog steeds verskuldig is, sal dit daarvan afgetrek word.

10. 'n Deposito word aan die munisipaliteit verbeur as dit nie binne 12 (twaalf maande) na die beëindiging van die ooreenkoms deur die klant opgeëis is nie.

12. Metodes vir die vasstelling van bedrae verskuldig en betaalbaar

1. 'n Munisipaliteit moet poog om alle munisipale dienste wat gemeet kan word, te meet as hy die finansiële en menslike hulpbronne het om dit te doen, en ook om alle gemeterde dienste op 'n gereelde grondslag te lees, maar indien 'n diens nie gemeet word nie, kan die munisipaliteit bepaal wat deur 'n klant vir munisipale dienste verskuldig en betaalbaar is deur die gedeelde verbruik te bereken; of, indien dit nie moontlik is nie, deur middel van 'n geraamde verbruik.

2. Indien 'n gemeterde diens gemeet word maar vanweë finansiële en menslike hulpbronne of omstandighede buite die munisipaliteit se beheer nie gelees kan word nie en die klant gedebiteer word vir 'n gemiddelde verbruik, moet die rekening wat op 'n lees van die gemeterde verbruik volg, die verskil tussen die werklike verbruik en die gemiddelde verbruik toon, en die gevolglike krediet- of debietaanpassing weerspieël.

3. Waar, na die mening van die munisipaliteit, dit nie redelik moontlik of koste-effektief is om alle verbruikersaansluitings te meet of alle gemeterde verbruikersaansluitings binne 'n bepaalde gebied te lees nie, kan die munisipaliteit die bedrag wat deur 'n klant vir munisipale dienste verskuldig en betaalbaar is, bereken op die wyse wat in subartikel (1) uiteengesit word.

4. Waar watervoorsieningsdienste deur 'n gemeenskapswaterdienstewerk verskaf word, sal die bedrag wat klante vir die verkryging van toegang tot en benutting van water uit die gemeenskapswaterdienstewerk moet betaal, gebaseer word op die gedeelde of geraamde verbruik van water wat aan daardie waterdienstewerk voorsien word.

5. Die munisipaliteit moet klante verwittig van die metode wat gebruik word om te bepaal wat verskuldig en betaalbaar is ten opsigte van munisipale dienste in hulle verbruik- of voorsieningsones.

13. Betaling vir munisipale dienste verskaf

1. 'n Klant is verantwoordelik vir die betaling van alle munisipale dienste wat aan hom gelewer word vanaf die aanvangsdatum van die ooreenkoms totdat sy rekening ten volle betaal is, en die munisipaliteit is geregtig om alle betalings wat aan hom verskuldig is, te verhaal.

2. Indien 'n klant 'n munisipale diens aanwend vir 'n ander gebruik as waarvoor dit deur die munisipaliteit ingevolge 'n ooreenkoms gelewer word, en indien 'n laer bedrag as die gewone toepaslike bedrag daarvoor gevra word, kan die munisipaliteit die bedrag wat gevra gaan word, en die verskil tussen die veranderde bedrag en die bedrag wat deur die klant betaal is, op die klant verhaal.

3. Indien wysigings aan die toepaslike geld in werking tree op 'n datum tussen metings wat vir die lewer van 'n rekening vir die toepaslike gelde gemaak word —
a) word daar geag dat dieselfde hoeveelheid munisipale dienste verskaf is vir elke tydperk van vier en twintig uur gedurende die interval tussen die metings; en
b) moet enige vasgestelde koste bereken word op 'n pro rata-grondslag ooreenkomstig die geld wat onmiddellik vir sodanige wysiging en sodanige gewysigde toepaslike geld van toepassing was.

14. Volle en finale vereffening van 'n bedrag

Waar 'n rekening nie ten volle vereffen word nie, sal enige kleiner bedrag wat aangebied word aan, of aanvaar is deur, die munisipaliteit nie ter volle en finale vereffening van sodanige rekening wees nie ondanks die feit dat die betaling ter volle en finale vereffening aangebied is, tensy die munisipale bestuurder of die bestuurder van die munisipaliteit se gemagtigde agent dit uitdruklik skriftelik aanvaar as volle en finale vereffening van die betrokke bedrag.

15. Verantwoordelikheid vir bedrae verskuldig en betaalbaar

1. Behoudens subartikel (2) en nieteenstaande enige ander bepaling van hierdie verordeninge, is 'n eienaar van 'n perseel aanspreeklik vir die betaling van 'n bedrag wat vir die voorafgaande twee jaar deur 'n klant aan die munisipaliteit verskuldig en betaalbaar is indien die munisipaliteit, nadat redelike stappe gedoen is om 'n bedrag wat deur 'n klant verskuldig en betaalbaar is te verhaal, dit nie kon doen nie; met die verstande dat die munisipaliteit dit slegs mag verhaal as die eienaar die aansoekvorm onderteken het wat deur 'n verbruiker ooreenkomstig artikel 2 ingedien is en hy deur die munisipaliteit ingelig is dat die verbruiker agterstallig was.

2. Indien, by die inwerkingtreding van hierdie verordeninge of te enige ander tyd, munisipale dienste gelewer word en deur 'n persoon by die perseel ontvang word, en indien geen skriftelike ooreenkoms ten opsigte van daardie dienste bestaan nie, word daar geag dat die eienaar van die perseel akkoord gegaan het met die bepalings van subartikel (1) totdat die klant 'n ooreenkoms met die munisipaliteit ingevolge artikel 2 aangaan en die aansoekvorm vir die dienste deur die eienaar onderteken word.

16. Gedishonoreerde betalings

Waar 'n betaling aan die munisipaliteit gemaak word per verhandelbare instrument wat later deur die bank gedishonoreer word, kan die munisipaliteit —
a) die klant se rekening debiteer met die bankkoste wat ten opsigte van die gedishonoreerde verhandelbare instrument aangegaan is;
b) so 'n gebeure as wanbetaling beskou.

17. Aansporingskemas

Die munisipale raad kan aansporingskemas instel om stiptelike betaling aan te moedig en klante te beloon wat hulle rekenings gereeld en betyds betaal.

18. Betaalpunte en goedgekeurde agente

1. 'n Klant moet sy rekening betaal by betaalpunte wat deur die munisipaliteit of deur 'n goedgekeurde agent van die munisipaliteit gespesifiseer word.

2. Die munisipaliteit moet die klant verwittig van die ligging van gespesifiseerde betaalpunte en van wie 'n goedgekeurde agent is vir die ontvangs van die betaling van rekenings.

Deel 4: Rekeninge

19. Rekeninge

1. Rekeninge moet maandeliks by die klant se jongste aangetekende adres gelewer word.

2. Waar dit, na die mening van die munisipaliteit, nie redelik moontlik of koste-effektief is om rekenings te lewer aan klante wat slegs gesubsidieerde dienste gebruik nie, kan die munisipale raad, nieteenstaande subartikel (1), besluit om nie rekenings aan daardie verbruikers te lewer nie.

3. Versuim deur die klant om 'n rekening te ontvang of te aanvaar onthef 'n klant nie van die verpligting om 'n bedrag wat verskuldig en betaalbaar kan wees, te betaal nie.

4. Die munisipaliteit moet, indien dit redelik moontlik is om dit te doen, op versoek 'n duplikaatrekening aan 'n klant uitreik.

5. Rekenings moet nie later nie as die laaste datum vir betaling wat daarin gespesifiseer word, betaal word.

6. Rekenings vir munisipale dienste moet —

a) ten minste —
i) dienste gelewer;
ii) verbruik of gemeterde dienste of die gemiddelde, gedeelde of geraamde verbruik;
iii) tydperk deur die rekening gedek;
iv) toepaslike gelde;
v) subsidies;bedrag verskuldig (uitgesonderd die belasting op toegevoegde waarde wat betaalbaar is);
vi) belasting op toegevoegde waarde;
vii) aanpassing, indien enige, van gemeterde verbruik wat voorheen geraam is;
viii) agterstallige bedrae;rente betaalbaar op enige agterstallige bedrae;finale datum vir betaling; en metodes, plekke en goedgekeurde agente waar betaling gemaak kan word weerspieël; en

b) meld dat —

i) die klant en die munisipaliteit by die munisipale kantore 'n ooreenkoms kan aangaan ingevolge waarvan die klant toegelaat sal word om agterstallige bedrae in paaiemente te betaal;
ii) indien geen sodanige ooreenkoms aangegaan word nie, die munisipaliteit die dienste sal inkort of staak, nadat 'n finale aanmaningskennisgewing ingevolge artikels 24 en 26 aan die klant gestuur is;
iii) regstappe teen 'n klant ingestel kan word vir die verhaal van enige bedrag wat meer as 40 (veertig) dae agterstallig is;
iv) 'n eis vir agterstallige bedrae aan 'n skuldinvorderaar vir invordering sedeer kan word; en
v) bewys van registrasie as 'n hulpbehoewende klant ingevolge die munisipaliteit se hulpbehoewende beleid, wat deel van die munisipaliteit se kredietbeheer- en skuldinvorderingsbeleid kan uitmaak, voor die finale betaaldatum by die kantore van die munisipaliteit ingedien moet word.

20. Gekonsolideerde skuld

1. Indien 'n rekening gelewer word vir meer as een munisipale diens wat verskaf word, maak die bedrag wat deur 'n klant verskuldig en betaalbaar is 'n gekonsolideerde skuld uit, en enige betaling van 'n bedrag minder as die totale verskuldigde bedrag wat deur 'n klant gemaak word, sal toegewys word ter vermindering van die gekonsolideerde skuld in die volgende volgorde:

a) vir betaling van die huidige rekening;
b) vir betaling van agterstallige bedrae; en
c) vir betaling van rente.

2. 'n Klant kan nie kies hoe 'n rekening vereffen moet word as dit nie ten volle betaal word nie of as daar agterstallige bedrae is.

Deel 5: Navrae, klagtes en appèlle

21. Navrae of klagtes ten opsigte van rekening

1. 'n Klant kan 'n navraag, klagte of beswaar indien met betrekking tot die akkuraatheid van 'n bedrag in 'n rekening wat aan hom gelewer is, wat gemeld is deur hom verskuldig en betaalbaar te wees vir 'n spesifieke munisipale diens.

2. 'n Navraag, klagte of beswaar moet voor die betaaldatum van die rekening skriftelik by die munisipaliteit ingedien word.

3. Die munisipaliteit moet 'n ongeletterde of soortgelyk benadeelde klant bystaan met die indien van 'n navraag, klagte of beswaar en moet redelike stappe doen om te verseker dat dit korrek op skrif weerspieël word.

4. 'n Navraag, klagte of beswaar moet vergesel gaan van 'n betaling wat bereken is deur die gemiddelde verbruik van die klant van die diens te neem en die bedrag wat bevraagteken, oor gekla of beswaar teen gemaak word, daarvan af te trek.

5. Die munisipaliteit moet die navraag, klagte of beswaar aanteken en 'n verwysingsnommer aan die klant verskaf om te identifiseer waar dit aangeteken is.

6. Die munisipaliteit —

a) moet die navraag, klagte of beswaar binne 14 (veertien) dae nadat die klagte of beswaar geregistreer is, ondersoek of laat ondersoek; en
b) moet die klant binne 16 (sestien) dae nadat die navraag, klagte of beswaar geregistreer is, skriftelik van sy bevinding in kennis stel.

22. Appèlle teen bevindings van munisipaliteit ten opsigte van navrae of klagtes

1. 'n Klant kan skriftelik appèl aanteken teen 'n bevinding van die munisipaliteit ingevolge artikel 21.

2. 'n Appèl ingevolge subartikel (1) moet op skrif wees en binne 21 (een en twintig) dae nadat die klant bewus geword het van die bevinding wat in artikel 21 bedoel word, by die munisipale bestuurder ingedien word en moet —

a) die redes vir die appèl uiteensit; en
b) vergesel gaan van 'n deposito, soos deur die munisipale raad vasgestel, indien die munisipaliteit vereis dat 'n deposito betaal word.

3. Die munisipaliteit kan, by appèl deur 'n klant, hom aansê om die volle bedrag te betaal waarteen appèl aangeteken word.

4. Die klant is aanspreeklik vir alle ander bedrae wat verskuldig en betaalbaar word terwyl die appèl beslis word.

5. Die munisipaliteit moet binne 21 (een en twintig) dae nadat 'n appèl ingedien is, daaroor beslis en die klant moet so gou as redelik moontlik daarna skriftelik van die uitslag verwittig word.

6. Indien die munisipaliteit besluit om die navraag of klagte of beswaar te verwerp, moet die klant enige bedrae wat ingevolge die beslissing verskuldig en betaalbaar bevind word, binne 14 (veertien) dae nadat hy van die uitslag van die appèl verwittig is, betaal.

7. Die munisipaliteit kan die laat indiening van appèlle of ander prosedurele onreëlmatighede kondoneer.

8. Indien daar in 'n appèl beweer word dat 'n meettoestel onakkuraat is, moet die toestel aan 'n standaard bedryfstoets onderwerp word, soos deur die munisipaliteit bepaal, om die akkuraatheid daarvan vas te stel, en die klant moet verwittig word van die geraamde koste van so 'n toets voordat so 'n toets gedoen word.

9. Indien die uitslag van 'n toets toon dat 'n meettoestel —

a) binne 'n voorgeskrewe perk van akkuraatheid is, sal die klant aanspreeklik wees vir die koste van die toets en enige ander bedrae wat uitstaande is, en daardie koste sal teen die klant se rekening gedebiteer word;
b) buite 'n voorgeskrewe perk van akkuraatheid is, sal die munisipaliteit aanspreeklik wees vir die koste van so 'n toets, en die klant moet verwittig word van die bedrag van enige krediet waarop hy as gevolg van enige onakkuraatheid geregtig is.

10. 'n Deposito waarna in subartikel (2)(b) verwys word -
a) word deur die munisipaliteit behou indien daar bevind word dat die meettoestel nie defektief is nie; of
b) moet aan die aansoeker terugbetaal word in die mate waarin dit die bedrag betaalbaar ten opsigte van die hoeveelheid wat ooreenkomstig subartikel 11(b) bepaal is, oorskry, indien daar ingevolge daardie subartikel bevind word dat die meettoestel defektief is.

11. Benewens subartikels (9) en (10) moet die munisipaliteit, indien daar bevind word dat die meettoestel defektief is —
a) die meettoestel herstel of 'n ander toestel in 'n goeie werkende toestand installeer, sonder koste vir die klant, tensy die koste om dit te doen ingevolge hierdie of enige ander verordeninge van die munisipaliteit op die klant verhaalbaar is; en
b) die hoeveelheid munisipale dienste waarvoor die klant gevra sal word in plaas van die hoeveelheid wat deur die defektiewe meettoestel gemeet is, bepaal deur as 'n grondslag van sodanige bepaling, en soos die munisipaliteit kan besluit —
    i. die hoeveelheid wat die gemiddelde maandelikse verbruik gedurende die drie maande wat die maand voorafgaan ten opsigte waarvan die meting in geskil is, te neem en daardie hoeveelheid aan te pas ooreenkomstig die omvang van die fout wat bevind is in die lees van die defektiewe meter of meettoestel;
    ii. die gemiddelde verbruik van die klant gedurende die daaropvolgende drie gemeterde tydperke nadat die defektiewe meter of meettoestel herstel of vervang is, te neem; of
    iii. die verbruik van dienste op die perseel wat vir die ooreenstemmende tydperk in die vorige jaar aangeteken is, te neem.

Deel 6: Agterstallige bedrae

23. Gekonsolideerde agterstallige bedrae

Indien een rekening gelewer word vir meer as een munisipale diens wat verskaf word, maak alle agterstallige bedrae wat deur 'n klant verskuldig en betaalbaar is, 'n gekonsolideerde skuld uit, en enige betaling van 'n bedrag minder as die totale verskuldigde bedrag wat deur 'n klant gemaak word, sal toegewys word ter vermindering van die gekonsolideerde skuld in die volgende volgorde:
a) vir betaling van die huidige rekening;
b) vir betaling van agterstallige bedrae;

c) vir betaling van rente; en
d) vir koste wat aangegaan is om toepaslike stappe te doen om bedrae wat verskuldig en betaalbaar is, te verhaal.

24. Agterstallige bedrae

1. Indien 'n klant versuim om die rekening voor of op die betaaldatum te betaal, kan 'n finale aanmaningskennisgewing binne 2 (twee) werkdae vandat die agterstallige bedrae opgeloop het, per hand afgelewer word by, of per geregistreerde pos gestuur word aan, die mees onlangs aangetekende adres van die klant.

2. Versuim om 'n finale aanmaningskennisgewing binne 2 (twee) werkdae af te lewer of te stuur onthef nie 'n klant van die betaling van agterstallige bedrae nie.

25. Rente

1. Rente kan op agterstallige bedrae gehef word.

2. Die munisipale raad kan tussen soorte huishoudelike klante, soorte diens en diensvlakke, hoeveelhede dienste, geografiese gebiede en sosio-ekonomiese gebied differensieer wanneer rente op agterstallige bedrae gehef word.

26. Finale aanmaningskennisgewing

1. Die finale aanmaningskennisgewing moet die volgende meld:
a) die bedrag wat agterstallig is en enige rente wat betaalbaar is;
b) dat die klant 'n ooreenkoms met die munisipaliteit kan aangaan vir die betaling van die agterstallige bedrag in paaiemente binne 7 (sewe) werkdae vanaf die datum van die finale aanmaningskennisgewing;
c) dat, indien geen sodanige kennisgewing binne die gemelde tydperk aangegaan word nie, gespesifiseerde dienste ooreenkomstig artikel 27 ingekort of gestaak sal word;
d) dat regstappe teen 'n klant ingestel kan word vir die verhaal van enige bedrag wat 40 (veertig) dae agterstallig is;
e) dat die rekening aan 'n skuldinvorderaar oorhandig kan word vir invordering; en
f) dat bewys van registrasie as 'n hulpbehoewende klant ingevolge hierdie verordeninge by die kantoor van die munisipaliteit ingedien moet word voor die finale datum van die finale aanmaningskennisgewing.

2. Die munisipaliteit moet, behoudens artikel 27, wanneer hy besluit of 'n munisipale diens vir inkorting of staking ingevolge subartikel (1)(c) gespesifiseer moet word, oorweging skenk aan —
a) die potensiële sosio-ekonomiese en gesondheidsimplikasies wat die inkorting of staking op die klant kan hê; en
b) 'n huishoudelike klant se reg op toegang tot basiese munisipale dienste, soos in die munisipale raad se kredietbeheer- en skuldinvorderingsbeleid geïdentifiseer.

27. Inkorting of staking van munisipale dienste

1. Die munisipaliteit kan, onmiddellik na die verstryking van die tydperk van 7 (sewe) werkdae wat ingevolge die finale aanmaningskennisgewing vir betaling toegelaat word, die munisipale dienste wat in subartikel 26(1)(c) gespesifiseer word, inkort of staak, met dien verstande dat 'n huishoudelike klant se toegang tot basiese waterdienste en sanitasiedienste nie gestaak mag word nie.

2. Die munisipaliteit kan 'n huishoudelike verbruiker se toegang tot basiese watervoorsieningsdienste slegs beperk deur —
a) waterdruk te verminder; of
b) die beskikbaarheid van water tot 'n spesifieke tydperk of tydperke gedurende 'n dag in te kort; of

c) huis- en werfaansluitings te staak en 'n alternatiewe watertoevoerdiens aan die huishoudelike verbruiker beskikbaar te stel, welke alternatiewe diens kan bestaan uit 'n basiese watervoorsieningsdiens soos deur die Minister van Waterwese en Bosbou ingevolge die Wet op Waterdienste, 1997 (Wet no. 108 van 1997), gespesifiseer.

3. Die koste verbonde aan die inkorting of staking van munisipale dienste moet op die klant se koste geskied en moet ingesluit word by die agterstallige bedrag wat deur die klant verskuldig en betaalbaar is.

28. Rekenings wat 40 (veertig) dae agterstallig is

1. Waar 'n rekening wat aan 'n klant gelewer is vir meer as 40 (veertig) dae uitstaande bly, kan die munisipaliteit —

a) regstappe teen 'n klant doen vir die verhaal van die agterstallige bedrag; of
b) die klant se rekening aan 'n skuldinvorderaar vir invordering sedeer.

2. 'n Klant sal aanspreeklik wees vir verhaalbare administrasiegelde, koste wat aangegaan is met die verhaal van agterstallige bedrae en enige strawwe, insluitende die betaling van 'n groter deposito, soos van tyd tot tyd deur die munisipale raad bepaal kan word.

29. Algemeen

1. Geen stappe wat ingevolge hierdie artikel weens nie-betaling gedoen word sal opgeskort of teruggetrek word nie, tensy die agterstallige bedrag, insluitende enige rente, verhaalbare administrasiegelde, bykomende gelde, koste aangegaan vir die doen van toepaslike stappe en enige strawwe, insluitende die betaling van 'n groter deposito, ten volle betaal is.

2. Die munisipaliteit sal nie aanspreeklik wees vir enige verlies of skade wat 'n klant gely het omdat munisipale dienste ingekort of gestaak is nie.

Deel 7: Ooreenkoms vir die betaling van agterstallige bedrae in paaiemente

30. Ooreenkomste

1. Die volgende ooreenkomste vir die betaling van agterstallige bedrae in paaiemente kan aangegaan word:

a) 'n skulderkenning;
b) toestemming tot vonnis; of
c) 'n besoldigingbeslagleggingsbevel.

2. Slegs 'n verbruiker met positiewe bewys van identiteit of 'n persoon wat skriftelik deur daardie verbruiker gemagtig is, of, indien 'n verbruiker ongeletterd is, 'n persoon wat in die teenwoordigheid van 'n beampte wat deur die owerheid vir daardie doel aangestel is, persoonlik deur 'n verbruiker gemagtig is, sal toegelaat word om 'n ooreenkoms vir die betaling van agterstallige bedrae in paaiemente aan te gaan.

3. Geen klant sal toegelaat word om 'n ooreenkoms vir die betaling van agterstallige bedrae in paaiemente aan te gaan as daardie klant versuim het om 'n vorige ooreenkoms vir die betaling van agterstallige bedrae in paaiemente na te kom nie, tensy die munisipaliteit, in sy alleendiskresie, die klant toelaat om dit te doen.

4. 'n Afskrif van die ooreenkoms moet aan die klant beskikbaar gestel word.

5. 'n Ooreenkoms vir die betaling van agterstallige bedrae in paaiemente moet nie aangegaan word nie tensy en totdat 'n klant sy lopende rekening betaal het.

31. Bykomende koste, gedeeltelike vereffening en paaiemente

1. Die koste verbonde aan die aangaan van ooreenkomste vir die betaling van agterstallige bedrae in paaiemente en die inkorting of staking van munisipale dienste ooreenkomstig artikel 27 moet ingesluit word by die agterstallige bedrag wat deur die klant verskuldig en betaalbaar is.

2. Die munisipaliteit moet, wanneer hy die bedrag vasstel wat deur die klant betaalbaar is wanneer 'n ooreenkoms vir die betaling van agterstallige bedrae in paaiemente aangegaan word ten opsigte van enige agterstallige bedrae, die volgende faktore in aanmerking neem:

a) die kredietrekord van die klant;
b) die agterstallige bedrag;
c) die verbruikvlak van munisipale dienste;
d) die diensvlak wat aan die klant verskaf is;
e) vorige verbrekings van ooreenkomste (indien enige) vir die betaling van agterstallige bedrae in paaiemente; en
f) enige ander tersaaklike faktore.

3. Indien 'n klant by die aangaan van 'n ooreenkoms vir die betaling van agterstallige bedrae in paaiemente aan die munisipaliteit bewys dat hy nie die bedrag wat in artikel 30(5) bedoel word, kan betaal nie, kan die munisipaliteit, nadat die faktore wat in subartikel (2) genoem word, in aanmerking geneem is —

a) sy betaling tot die einde van die maand waarin die klant die ooreenkoms aangaan, verleng; of
b) dit insluit by die bedrag wat ingevolge die ooreenkoms betaalbaar is.

4. Die munisipaliteit kan, nadat die faktore wat in subartikel (2) genoem word, in aanmerking geneem is, van die klant vereis om 'n bykomende bedrag te betaal wanneer 'n ooreenkoms vir die betaling van agterstallige bedrae aangegaan word, benewens die huidige rekening, wat 'n persentasie van die agterstallige bedrag verteenwoordig.

5. Die munisipaliteit kan, wanneer 'n klant 'n ooreenkoms aangaan of te eniger tyd daarna —

a) 'n voorafbetaalmeter installeer; of
b) die munisipale dienste tot basiese munisipale dienste beperk.

32. Duur van ooreenkomste

1. Geen ooreenkoms vir die betaling van agterstallige bedrae wat na 1 Januarie 2003 opgeloop het, mag voorsiening maak vir die betaling van agterstallige bedrae oor 'n tydperk van meer as 24 (vier en twintig) maande nie.

2. Die munisipaliteit kan, wanneer hy besluit oor die duur van die ooreenkoms vir die betaling van agterstallige bedrae, let op —

a) die kredietrekord van die klant;
b) die agterstallige bedrag;
c) die bruto en netto inkomste van die klant;
d) die verbruikvlak van munisipale dienste;
e) die diensvlak wat aan die verbruiker verskaf word;
f) vorige verbrekings van ooreenkomste vir die betaling van agterstallige bedrae in paaiemente; en
g) enige ander tersaaklike faktor.

33. *Versuim om ooreenkomste na te kom*

1. Indien 'n klant versuim om 'n ooreenkoms vir die betaling van agterstallige bedrae in paaiemente na te kom, sal die totaal van alle uitstaande bedrae, insluitende agterstallige bedrae, enige rente, administrasiegelde, koste aangegaan om toepaslike stappe te doen en strawwe, insluitende betaling van 'n groter deposito, onmiddellik sonder verdere kennisgewing of korrespondensie verskuldig en betaalbaar wees en die munisipaliteit kan —

a) die munisipale dienste wat gespesifiseer is in die finale aanmaningskennisgewing wat ooreenkomstig artikel 26 aan die verbruiker gestuur is, inkort of staak;
b) regstappe vir die verhaal van die agterstallige bedrae doen; en
c) die klant se rekening aan 'n skuldinvorderaar of prokureur vir invordering oorhandig.

34. Heraansluiting van dienste

1. 'n Ooreenkoms vir die betaling van die agterstallige bedrag in paaiemente wat aangegaan is nadat munisipale dienste ingekort of gestaak is, sal nie daartoe lei dat die dienste herstel word nie totdat —

a) die huidige rekening, die eerste paaiement betaalbaar ingevolge die ooreenkoms vir die betaling van agterstallige bedrae in paaiemente en alle verhaalbare administrasiegelde, koste aangegaan om toepaslike stappe te doen en enige strawwe, insluitende betaling van 'n groter deposito, ten volle betaal is; of
b) 'n skriftelike appèl deur die klant, op grond daarvan dat paaiemente en lopende bedrae verskuldig en betaalbaar vir 'n tydperk van minstens 6 (ses) maande betyds en ten volle betaal is, deur die munisipaliteit goedgekeur is.

2. Benewens enige betalings wat in subartikel (1) bedoel word, moet die klant die standaard aansluitgeld, soos van tyd tot tyd deur die munisipaliteit vasgestel, betaal voor die heraansluiting van munisipale dienste deur die munisipaliteit.

3. Munisipale dienste moet binne 7 (sewe) werkdae herstel word nadat 'n klant aan die bepalings van subartikels (1) en (2) voldoen het.

HOOFSTUK 3: EIENDOMSBELASTING

35. Bedrag verskuldig vir eiendomsbelasting

1. Die bepalings van Hoofstuk 2 is van toepassing op die verhaal van eiendomsbelasting, en eiendomsbelasting maak deel van 'n gekonsolideerde rekening en gekonsolideerde skuld uit.

2. Alle eiendomsbelasting wat deur eienaars verskuldig is, is betaalbaar op 'n vasgestelde datum soos deur die munisipaliteit bepaal.

3. Gesamentlike eienaars van eiendom is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir die betaling van eiendomsbelasting.

4. Eiendomsbelasting kan as 'n jaarlikse enkelbedrag of in gelyke maandelikse paaiemente gehef word; en wanneer dit in gelyke maandelikse paaiemente gehef word, kan die bedrag wat betaalbaar is by die munisipale rekening ingesluit word.

5. 'n Eienaar van eiendom bly aanspreeklik vir die betaling van eiendomsbelasting wat by munisipale rekenings ingesluit is nieteenstaande die feit dat —

a) die eiendom nie deur die eienaar daarvan geokkupeer word nie; of
b) die munisipale rekening op naam van 'n ander persoon as die eienaar van die eiendom is.

6. Betaling van eiendomsbelasting kan nie na die vasgestelde datum uitgestel word vanweë 'n beswaar teen die waardasie wat in die waardasielys aangegee word nie.

36. Eis van huurgeld vir agterstallige eiendomsbelasting

Die munisipaliteit kan by die hof aansoek doen om beslaglegging op huurgeld wat vir 'n langer tydperk as drie maande na 'n datum wat ingevolge artikel 35(2) vasgestel is, ten opsigte van belasbare eiendom verskuldig is, om enige bedrag wat ten opsigte van eiendomsbelasting verskuldig is gedeeltelik of heeltemal te dek.

37. Van die hand sit van munisipaliteit se eiendom en betaling van eiendomsbelasting

1. Die koper van munisipale eiendom is pro rata aanspreeklik vir die betaling van eiendomsbelasting op die eiendom vir die finansiële jaar waarin hy die nuwe eienaar word, vanaf die datum van registrasie van die eiendom op naam van die koper.

2. In geval die munisipaliteit die eiendom terugneem, is enige bedrag uitstaande en verskuldig ten opsigte van eiendomsbelasting op die koper verhaalbaar.

38. Eiendomsbelasting betaalbaar op munisipale eiendom

1. Vir die doel van aanspreeklikheid vir eiendomsbelasting, sal die huurder van munisipale eiendom vir die duur van die huurkontrak as die eienaar van die eiendom beskou word.

2. Die eiendomsbelasting betaalbaar deur 'n huurder, ondanks die feit dat dit 'n betaling benewens huurgeld is, kan as huurgeld beskou word en kan ingesluit word by 'n eis vir huurgeld asof dit huurgeld was.

HOOFSTUK 4: VERSKAFFING VAN MUNISIPALE DIENSTE AAN HULPBEHOEWENDE KLANTE

39. Kwalifikasie vir registrasie

'n Huishoudelike klant met 'n huishouding waarvan die bruto maandelikse inkomste van al sy lede 18 jaar of ouer minder is as 'n bedrag wat van tyd tot tyd deur die munisipale raad vasgestel is, en wat —

a) nie meer as een eiendom besit nie, en
b) nie 'n inkomste uit die verhuur van 'n eiendom of deel daarvan het nie, kwalifiseer as 'n hulpbehoewende persoon en kan, as hy aansoek om registrasie doen, behoudens die bepalings van artikels 42 en 43 van hierdie verordeninge as hulpbehoewend geregistreer word.

40. Aansoek om registrasie

1. 'n Huishoudelike klant wat as 'n hulpbehoewende klant wil kwalifiseer, moet die aansoekvorm getitel "Aansoek om Registrasie as Hulpbehoewende Klant", as Aanhangsel B by hierdie verordeninge aangeheg, voltooi.

2. 'n Aansoek ingevolge subartikel (1) moet —

vergesel gaan van —

a) dokumentêre bewys van sy inkomste, soos 'n brief van 'n werkgewer, 'n salarisadviesstrokie, 'n pensioenkaart, 'n werkloosheidversekeringsfondskaart of;
b) 'n beëdigde verklaring dat hy werkloos is en enige inkomste vermeld wat hy mag hê ondanks die feit dat hy werkloos is; en
c) die klant se jongste munisipale rekening, as daar een is en as dit in sy besit is; en
d) 'n gesertifiseerde afskrif van die klant se identiteitsdokument; en
e) die name en identiteitsnommers van alle okkupeerders bo 18 jaar oud wat op die eiendom woon.

3. Daar sal van 'n klant wat om registrasie as 'n hulpbehoewende klant aansoek doen, vereis word om te verklaar dat alle inligting wat in die aansoekvorm en ander dokumentasie verstrek word en inligting wat in verband met die aansoek verstrek word, waar en juis is.

4. Die munisipaliteit moet die aansoekvorm medeonderteken en op die aansoekvorm sertifiseer dat die inhoud daarvan en die gevolge vir die klant as dit goedgekeur word, aan hom verduidelik is en dat hy aangedui het dat hy die verduideliking verstaan het.

41. Goedkeuring van aansoek

1. Die munisipaliteit kan verteenwoordigers na persele of na persone wat om registrasie as hulpbehoewende klante aansoek doen, stuur om te ondersoek of die inligting wat voor goedkeuring van 'n aansoek verstrek is, juis is; en die bepalings van artikel 61 is van toepassing op so 'n ondersoek.

2. 'n Aansoek wat ooreenkomstig artikel 40 ontvang word, moet deur die munisipaliteit oorweeg word en die aansoeker moet binne 14 (veertien) werkdae na ontvangs van die aansoek skriftelik deur die munisipaliteit in kennis gestel word of goedkeuring verleen is of nie, en as dit nie goedgekeur is nie, moet redes vir die weiering aan die aansoeker verstrek word.

3. Die bepalings van Deel 5 van Hoofstuk 2 is, met die nodige veranderings, van toepassing ten opsigte van 'n klant wat gegrief voel oor 'n besluit van die munisipaliteit ingevolge subartikel (2).

4. 'n Aansoek mag slegs vir die tydperk van die munisipaliteit se finansiële jaar goedgekeur word en 'n aansoek wat gedurende die munisipaliteit se finansiële jaar goedgekeur is, is slegs geldig vir die oorblywende tydperk van die munisipaliteit se finansiële jaar.

42. Voorwaardes

Die munisipaliteit kan, by goedkeuring van 'n aansoek of te eniger tyd daarna —

a) 'n voorafbetaalelektrisiteitsmeter vir die hulpbehoewende klant installeer waar elektrisiteit deur die munisipaliteit verskaf word; en
b) die watervoorsieningsdienste van 'n hulpbehoewende klant tot basiese watervoorsieningsdienste beperk.

43. Jaarlikse aansoek

1. 'n Hulpbehoewende klant moet jaarliks, voor die einde van die munisipaliteit se finansiële jaar, aansoek om herregistrasie as 'n hulpbehoewende klant vir die komende finansiële jaar doen, by versuim waarvan die bystand outomaties gestaak sal word.

2. Die bepalings van artikels 39 en 40 is van toepassing op enige aansoek ingevolge subartikel (1).

3. 'n Hulpbehoewende klant moet geen verwagtings koester om as 'n hulpbehoewende klant beskou te word in 'n komende jaar, of 'n jaar wat volg op 'n jaar waarin hy aldus geregistreer is nie, en die munisipaliteit gee geen waarborg op grond van die verwagting van 'n hernuwing nie.

4. Die munisipaliteit moet die aansoeker skriftelik binne 14 (veertien) werkdae na ontvangs van die aansoek deur die munisipaliteit in kennis stel of die aansoek goedgekeur is of nie, en as dit nie goedgekeur is nie, moet die redes waarom dit nie goedgekeur is nie, aan die aansoeker verstrek word.

5. Die bepalings van Deel 5 van Hoofstuk 2 is, met die nodige veranderings, van toepassing ten opsigte van 'n klant wat gegrief voel oor 'n besluit van die munisipaliteit ingevolge subartikel (4).

44. Gesubsidieerde dienste vir hulpbehoewende klante

1. Die munisipale raad kan jaarliks as deel van sy begrotingsproses die munisipale dienste en munisipale diensvlakke wat gesubsidieer gaan word ten opsigte van hulpbehoewende klante vasstel, onderworpe aan die beginsels van volhoubaarheid en bekostigbaarheid.

2. Die munisipaliteit moet na 'n vasstelling ingevolge subartikel (1) openbare kennisgewing van die vasstelling gee.

3. 'n Openbare kennisgewing ingevolge subartikel (2) moet ten minste die volgende bevat:

a) die vlak of hoeveelheid van die munisipale diens wat gesubsidieer gaan word;
b) die subsidievlak;
c) die berekeningsmetode van die subsidie; en
d) enige spesiale bepalings en voorwaardes wat op die subsidie van toepassing sal wees waarvoor daar nie in hierdie verordeninge voorsiening gemaak is nie.

4. 'n Hulpbehoewende verbruiker is aanspreeklik vir die betaling van munisipale dienste wat deur die munisipaliteit gelewer word of munisipale dienste wat gebruik of verbruik word wat die vlakke of hoeveelhede wat in subartikel (1) vasgestel is, oorskry.

5. Die bepalings van Hoofstuk 2, met alle nodige veranderings, is van toepassing op die bedrae wat ingevolge subartikel (4) verskuldig en betaalbaar is.

45. Befondsing van gesubsidieerde dienste

Die gesubsidieerde dienste waarna in artikel 44 verwys word, word befonds uit die gedeelte van inkomste wat nasionaal verkry word en aan die munisipaliteit toegewys word, en as daardie

befondsing ontoereikend is, kan die dienste befonds word uit inkomste wat deur middel van belasting en gelde ten opsigte van munisipale dienste verkry word.

46. Bestaande agterstallige bedrae van hulpbehoewende klante by goedkeuring van aansoek

1. Agterstallige bedrae ten opsigte van die munisipale rekenings van klante wat voor registrasie as hulpbehoewende klante opgeloop het, sal opgeskort word vir die tydperk wat 'n klant as 'n hulpbehoewende klant geregistreer bly, en rente ten opsigte van agterstallige bedrae loop nie tydens so 'n opskorting op nie.

2. Agterstallige bedrae wat ingevolge subartikel (1) opgeloop het, sal by deregistrasie as 'n hulpbehoewende klant ooreenkomstig artikel 48 deur 'n klant verskuldig en betaalbaar word in maandelikse paaiemente wat deur die munisipaliteit vasgestel moet word, en rente sal op agterstallige bedrae betaalbaar wees.

3. Nieteenstaande die bepalings van subartikel (2), is agterstallige bedrae wat vir 'n tydperk van twee (2) jaar of langer opgeskort is, behoudens die bepalings van subartikel (4), by deregistrasie nie op 'n klant verhaalbaar nie.

4. Agterstallige bedrae wat weens die bepalings van subartikel (2) nie verhaal word nie, bly 'n vordering teen die eiendom van die hulpbehoewende klant vir 'n tydperk van 5 (vyf) jaar nadat die klant die eerste keer as 'n hulpbehoewende klant geregistreer is, en word verskuldig en betaalbaar wanneer die eiendom verkoop word, ongeag die feit dat die klant nie meer as 'n hulpbehoewende klant geregistreer is ten tye van die verkoop van die eiendom nie. 'n Klaringsertifikaat ten opsigte van die eiendom mag slegs deur die munisipaliteit uitgereik word wanneer sodanige agterstallige bedrae ten volle vereffen is.

47. Oudits

Die munisipaliteit kan, behoudens die bepalings van enige reg op privaatheid en geheimhouding wat deur 'n wet erken word, gereelde steekproefoudits doen om —

a) die inligting wat deur hulpbehoewende klante verstrek word, te verifieer;
b) enige veranderings in die omstandighede van hulpbehoewende klante aan te teken; en
c) aanbevelings oor die deregistrasie van die hulpbehoewende klant te maak.

48. Deregistrasie

1. 'n Hulpbehoewende klant moet onmiddellik deregistrasie deur die munisipaliteit versoek as sy omstandighede in so 'n mate verander het dat hy nie meer voldoen aan die kwalifikasies wat in artikel 39 uiteengesit word nie.

2. 'n Hulpbehoewende klant word outomaties gederegistreer as 'n aansoek nie ooreenkomstig artikel 43 gedoen word nie of as so 'n aansoek nie goedgekeur word nie.

3. 'n Hulpbehoewende klant mag te eniger tyd deregistrasie versoek.

4. 'n Munisipaliteit kan 'n hulpbehoewende klant deregistreer indien —

a) 'n oudit of verifikasie tot die gevolgtrekking kom dat die finansiële omstandighede van die hulpbehoewende klant in so 'n mate verander het dat hy nie meer voldoen aan die kwalifikasies wat in artikel 39 uiteengesit word nie; of
b) die munisipaliteit redelikerwys vermoed dat 'n klant opsetlik of nalatig vals inligting op die aansoekvorm of enige ander dokumente en inligting in verband met die aansoek verstrek het.

5. Voor deregistrasie van 'n hulpbehoewende klant moet 'n deregistrasiekennisgewing per hand afgelewer word by, of per geregistreerde pos gestuur word na, die mees onlangs aangetekende adres van die klant.

6. Die deregistrasiekennisgewing moet die volgende verklarings bevat:
a) dat die munisipaliteit dit oorweeg om die hulpbehoewende klant te deregistreer en die redes daarvoor;
b) dat die klant binne 7 (sewe) werkdae vanaf die datum van die deregistrasiekennisgewing vertoë tot die munisipaliteit moet rig oor waarom hy nie gederegistreer moet word nie;
c) dat, indien geen sodanige vertoë binne die gemelde tydperk gerig word nie, hy as 'n hulpbehoewende klant gederegistreer sal word; en
d) dat by deregistrasie betaling vir alle dienste wat die klant as 'n hulpbehoewende klant ontvang het, verhaal kan word as deregistrasie oorweeg word op grond van die verstrekking van vals inligting of versuim om aan subartikel (1) te voldoen.

7. Die munisipaliteit kan, onmiddellik na verstryking van die tydperk van 7 (sewe) werkdae wat vir die rig van vertoë toegelaat is, die hulpbehoewende klant deregistreer.

8. Waar 'n hulpbehoewende klant gederegistreer word op grond van die verstrekking van vals inligting, kan die munisipaliteit betaling vir alle dienste wat deur die klant as 'n hulpbehoewende klant ontvang is, op die klant verhaal, benewens enige ander regstappe wat die munisipaliteit teen so 'n klant kan doen.

9. Indien die hulpbehoewende klant binne die gespesifiseerde tydperk vertoë tot die munisipaliteit rig, moet die munisipaliteit die klant skriftelik binne 7 (sewe) werkdae na die vertoë in kennis stel van sy besluit om die klant te deregistreer of nie.

10. Die bepalings van Deel 5 van Hoofstuk 2 is mutatis mutandis van toepassing ten opsigte van 'n klant wat gegrief voel oor deregistrasie ingevolge subartikel (4).

HOOFSTUK 5: NOODSITUASIES

49. Verklaring van noodsituasie

1. Die munisipale raad kan te eniger tyd op versoek van die munisipaliteit by openbare kennisgewing verklaar dat 'n noodsituasie in 'n voorsieningsone ten opsigte van 'n munisipale diens, of meer as een munisipale diens, bestaan indien, na sy mening, 'n beduidende risiko vir die finansiële lewensvatbaarheid of volhoubaarheid van die munisipaliteit, of die volhoubare lewering van 'n spesifieke munisipale diens aan die gemeenskap bestaan en geen ander redelike maatreëls getref kan word om die risiko te vermy of te beperk nie, maar mag dit slegs doen as die munisipaliteit 'n verslag voorgelê het wat minstens die volgende bevat —

a) besonderhede van alle maatreëls wat getref is om die risiko te vermy of te beperk;
b) 'n assessering van waarom enige maatreël wat deur hom getref is om die risiko te vermy of te beperk onsuksesvol was;
c) besonderhede van die voorgestelde maatreëls wat deur hom getref gaan word om die risiko te vermy of te beperk;
d) 'n assessering van die impak of potensiële impak van die voorgestelde maatreëls op individuele klante binne die betrokke voorsieningsone, insluitende, maar nie beperk nie tot, gesondheid en toegang tot basiese dienste;
e) besonderhede van die opvoedkundige en kommunikasiemaatreëls wat getref gaan word, of getref is, voor die implementering van die voorgestelde maatreëls;
f) die duur van die voorgestelde maatreëls wat getref gaan word; en
g) besonderhede van die redelike maatreëls wat getref gaan word om gelyke toegang deur elke huishouding in die voorsieningsone tot daardie munisipale diens te verseker.

2. 'n Openbare kennisgewing ingevolge subartikel (1) moet minstens die volgende besonderhede wat op 'n spesifieke noodtoestand van toepassing is, bevat:

a) die redes vir die verklaring;
b) die klante en voorsieningsone wat deur die verklaring geraak sal word;
c) die soort, vlak en hoeveelheid van die munisipale diens wat verskaf sal word;
d) die duur van die verklaring;
e) die metode van implementering van die verklaring;
f) spesifieke maatreëls of voorsorgmaatreëls wat deur geaffekteerde klante getref moet word; en
g) spesiale verligting wat op aansoek deur die munisipaliteit aan individuele klante toegestaan kan word.

3. In geval van die verklaring van 'n voorsieningsone as 'n noodgebied ooreenkomstig subartikels (1) en (2), kan die munisipale dienste aan daardie voorsieningsone beperk word tot basiese munisipale dienste vir 'n huishouding soos deur die munisipaliteit van tyd tot tyd vasgestel, met dien verstande dat munisipale dienste wat deur die munisipaliteit aan daardie voorsieningsone verskaf word, in geen stadium minder mag wees as die kollektiewe kwantiteit en kwaliteit van basiese munisipale dienste soos deur die munisipale raad per huishouding in daardie voorsieningsone vasgestel nie.

4. Die munisipaliteit moet 'n maandelikse statusverslag aan die munisipale raad voorlê wat minstens die volgende besonderhede bevat:

a) enige verbetering in die toestande wat weerspieël is in die inligting waarop die verklaring gebaseer is;
b) die impak van die voorgestelde maatreëls op individuele klante binne die betrokke voorsieningsone, insluitende, maar nie beperk nie tot, implikasies vir gesondheid en toegang tot basiese dienste; en
c) spesiale verligting wat aan individuele klante toegestaan word.

5. Die munisipale raad moet by openbare kennisgewing verklaar dat 'n gebied nie meer 'n noodgebied is nie —

a) indien enige van die inligting waarop die verklaring gebaseer was, in so 'n mate verbeter dat die vermyding of beperking van die risiko waarna daar in subartikel (1) verwys word, nie meer die verklaring daarvan as 'n noodgebied regverdig nie;
b) indien, na sy mening, buitensporige ontbering gely is deur klante wat deur die verklaring geraak is; en
c) na verstryking van die tydperk wat in subartikels (1) en (2) gespesifiseer word.

6. Die munisipaliteit kan die munisipale raad versoek om 'n voorsieningsone 'n noodgebied te verklaar na die beëindiging van 'n verklaring ingevolge subartikel (3) indien, na die munisipaliteit se mening, 'n nuwe verklaring nodig is.

7. Die bepalings van subartikels (1) tot (4) is van toepassing op 'n versoek ingevolge subartikel (6).

HOOFSTUK 6: ONGEMAGTIGDE DIENSTE

50. Ongemagtigde dienste

1. Niemand mag toegang tot munisipale dienste kry nie tensy dit ingevolge 'n ooreenkoms is wat met die munisipaliteit vir die lewering van daardie dienste aangegaan is.

2. Die munisipaliteit kan, ongeag enige ander stappe wat hy teen 'n persoon ingevolge hierdie verordeninge kan doen, by skriftelike kennisgewing 'n persoon wat ongemagtigde dienste gebruik gelas om —

a) aansoek om sulke dienste ingevolge artikels 1 en 2 te doen; en
b) enige werk te onderneem wat nodig mag wees om te verseker dat die klantinstallasie waardeur toegang verkry is aan die bepalings van hierdie en enige ander toepaslike verordeninge voldoen of indien hy van mening is dat die situasie 'n saak van dringendheid is, en kan, sonder vooraf kennisgewing, die nie-nakoming verhoed of regstel en die koste op sodanige persoon verhaal.

3. 'n Persoon wat toegang tot munisipale dienste verkry op 'n ander manier as ingevolge 'n ooreenkoms wat met die munisipaliteit vir die lewering van daardie dienste aangegaan is, is aanspreeklik om te betaal vir enige dienste wat hy strydig met hierdie verordeninge gebruik of verbruik het, nieteenstaande enige ander stappe wat teen so 'n persoon gedoen kan word. Verbruik en gebruik sal geraam word op die grondslag van die gemiddelde verbruik van dienste in die spesifieke gebied waarbinne die ongemagtigde aansluiting gemaak is.

51. Inmenging met infrastruktuur vir die verskaffing van munisipale dienste

1. Geen persoon buiten die munisipaliteit mag infrastruktuur waardeur munisipale dienste verskaf word, bestuur, bedryf of in stand hou nie.

2. Geen persoon behalwe die munisipaliteit mag 'n aansluiting aan infrastruktuur waardeur munisipale dienste verskaf word, bewerkstellig nie.

3. Geen persoon mag opsetlik of nalatig infrastruktuur waardeur die munisipaliteit munisipale dienste verskaf, beskadig, verander of in enige opsig daarmee inmeng nie, tensy daar 'n wettige regverdiging is om dit opsetlik te doen.

4. Indien 'n persoon subartikel (1) oortree, kan die munisipaliteit —

a) by skriftelike kennisgewing so 'n persoon gelas om die skade, verandering of inmenging binne 'n gespesifiseerde tydperk op sy eie koste te staak of reg te stel; of
b) indien hy van mening is dat die situasie 'n saak van dringendheid is, sonder vooraf kennisgewing die verandering, skade of inmenging verhoed of regstel, en die koste daarvan op sodanige persoon verhaal.

52. Versperring van toegang tot infrastruktuur vir die verskaffing van munisipale dienste

1. Geen persoon mag fisiese toegang tot infrastruktuur waardeur munisipale dienste verskaf word, verhoed of versper nie.

2. Indien 'n persoon subartikel (1) oortree, kan die munisipaliteit —

a) by skriftelike kennisgewing so 'n persoon gelas om binne 'n gespesifiseerde tydperk op sy eie koste toegang te herstel; of
b) indien hy van mening is dat die situasie 'n saak van dringendheid is, sonder vooraf kennisgewing toegang herstel en die koste daarvan op sodanige persoon verhaal.

53. Onwettige heraansluiting

1. 'n Klant wie se toegang tot munisipale dienste ingekort of gestaak is en wat, behalwe soos in hierdie verordeninge bepaal word, daardie dienste herstel of heraansluit of opsetlik of

nalatig inmeng met infrastruktuur waardeur munisipale dienste verskaf word, se dienste moet gestaak word nadat hy redelike skriftelike kennis gekry het.

2. 'n Persoon wat weer by munisipale dienste aansluit in die omstandighede wat in subartikel (1) bedoel word, is aanspreeklik vir enige dienste wat hy strydig met hierdie verordeninge benut of verbruik het, nieteenstaande enige ander stappe wat teen hom gedoen kan word.

3. Verbruik sal geraam word op die grondslag van die gemiddelde verbruik van dienste in die spesifieke gebied waarbinne die onwettige heraansluiting gemaak is.

HOOFSTUK 7: MISDRYWE

54. Misdrywe

1. Behoudens subartikel (2), is 'n persoon wat —

a) 'n bepaling van hierdie verordeninge oortree of versuim om daaraan te voldoen, buiten 'n bepaling wat op betaling vir munisipale dienste betrekking het;
b) versuim om te voldoen aan 'n kennisgewing wat ingevolge hierdie verordeninge uitgereik is;
c) versuim om 'n wettige opdrag wat ingevolge hierdie verordeninge gegee is, na te kom, of
d) 'n gemagtigde beampte of werknemer van die munisipaliteit in die uitvoering van sy pligte kragtens hierdie verordeninge dwarsboom of hinder, skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of by wanbetaling met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 6 maande, en in die geval van 'n voortgesette misdryf, met 'n verdere boete van hoogstens R800, of by wanbetaling, met gevangenisstraf van hoogstens een dag vir elke dag wat sodanige misdryf voortduur, nadat 'n skriftelike kennisgewing deur die munisipaliteit uitgereik en aan die betrokke persoon beteken is waarin die beëindiging van so 'n misdryf vereis word.

2. 'n Persoon wat nie kan bekostig om 'n boete te betaal nie, sal nie strafbaar met gevangenisstraf wees nie, en is in plaas daarvan strafbaar met 'n tydperk van gemeenskapsdiens.

3. 'n Persoon wat die bepalings van hierdie verordeninge oortree, is aanspreeklik om die munisipaliteit te vergoed vir enige verlies of skade wat hy as gevolg van die oortreding gely het.

HOOFSTUK 8: DOKUMENTASIE

55. Ondertekening van kennisgewings en dokumente
'n Kennisgewing of dokument wat ingevolge hierdie verordeninge deur die munisipaliteit uitgereik moet word en wat voorgee onderteken te wees deur 'n werknemer van die munisipaliteit maak, behoudens artikel 3 van die Wet op Bewysreg, 1988 (Wet no. 45 van 1988), deur blote voorlegging daarvan prima facie-bewys uit dat dit behoorlik uitgereik is.

56. Kennisgewings en dokumente
1. 'n Kennisgewing, lasgewing of ander dokument wat ingevolge hierdie verordeninge aan 'n persoon beteken word, moet, behoudens die bepalings van die Strafproseswet, 1977 (Wet no. 51 van 1977), persoonlik beteken word, by versuim waarvan dit as behoorlik beteken geag kan word —

a) wanneer dit by daardie persoon se woon- of besigheidsplek gelaat is of, waar sy huishouding in die Republiek geleë is, wanneer dit gelaat is by 'n persoon wat oënskynlik 16 jaar of ouer is;
b) indien daardie persoon se adres in die Republiek onbekend is, wanneer dit óf persoonlik óf op die wyse waarvoor daar in paragrawe (a), (c) of (d) voorsiening gemaak word, aan daardie persoon se agent of verteenwoordiger in die Republiek beteken is; of
c) indien daardie persoon se adres en die identiteit of die adres van sy verteenwoordiger in die Republiek onbekend is, wanneer dit op 'n opvallende plek op die eiendom of perseel, indien enige, waarop dit betrekking het, opgeplak is; of
d) wanneer dit per geregistreerde pos gestuur is, hetsy betekening per geregistreerde pos vereis word of nie, en dit bewerkstellig is deur 'n geregistreerde brief wat die kennisgewing, lasgewing of ander dokument bevat, behoorlik aan die geadresseerde se laaste bekende woonplek, besigheidsplek of posadres te adresseer, vooruit te betaal en te pos en, tensy die teendeel bewys word, is dit veronderstel bewerkstellig te gewees het op die tydstip wat die brief in die gewone loop van pos afgelewer sou word.

2. Wanneer 'n kennisgewing of ander dokument gemagtig moet word of aan die eienaar, okkupeerder of houer van 'n eiendom of reg in enige eiendom beteken moet word, is dit afdoende as daardie persoon in die kennisgewing of ander dokument as die eienaar, okkupeerder of houer van die betrokke eiendom of reg beskryf word, en dit is nie nodig om daardie persoon se naam te noem nie.

3. 'n Regsproses is effektief en doeltreffend aan die munisipaliteit beteken wanneer dit by die munisipale bestuurder of persoon aanwesig in die munisipale bestuurder se kantoor afgelewer word.

4. Waar nakoming van 'n kennisgewing binne 'n gespesifiseerde aantal werkdae vereis word, begin daardie tydperk op die datum van betekening soos in subartikel (1) omskryf.

57. Waarmerk van dokumente
Elke lasgewing, kennisgewing of ander dokument wat waarmerking deur die munisipaliteit vereis, is afdoende gewaarmerk indien dit onderteken is deur die munisipale bestuurder, of deur 'n persoon wat behoorlik by besluit van die munisipaliteit, skriftelike ooreenkoms of deur 'n verordening gemagtig is om dit namens die munisipaliteit te doen.

58. Prima facie-bewys
In regsverrigtinge deur of namens die munisipaliteit maak 'n sertifikaat wat 'n bedrag geld weerspieël wat voorgee aan die munisipaliteit verskuldig en betaalbaar te wees, wat onderteken is deur die munisipale bestuurder of deur 'n geskik gekwalifiseerde werknemer van die munisipaliteit wat deur die munisipale bestuurder gemagtig is om te teken, of die bestuurder van die munisipaliteit se gemagtigde agent, behoudens artikel 3 van die Wysigingswet op die Bewysreg, 1988 (Wet no. 45 van 1988), by blote voorlegging prima facie-bewys van die verskuldigdheid uit.

HOOFSTUK 9: ALGEMENE BEPALINGS

59. Verskaffing van inligting
'n Eienaar, okkupeerder, klant of persoon binne die voorsieningsgebied van die munisipaliteit moet die munisipaliteit van akkurate inligting voorsien wat deur die munisipaliteit versoek word en wat redelikerwys deur die munisipaliteit vereis word vir die implementering of toepassing van hierdie verordeninge.

60. Bevoegdheid van betreding en inspeksie
1. Die munisipaliteit kan te alle redelike tye, nadat redelike skriftelike kennisgewing aan die okkupeerder van die perseel gegee is van die voorneme om dit te doen, waar gepas, 'n perseel betree en inspekteer vir enige doel wat met die implementering of toepassing van hierdie verordeninge verband hou.

2. Enige betreding of inspeksie moet geskied in ooreenstemming met die vereistes van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, en enige ander wet en, in die besonder, met streng inagneming van ordentlikheid en orde, respek vir 'n persoon se waardigheid, vryheid en sekuriteit en persoonlike privaatheid.

3. Die munisipaliteit se verteenwoordiger kan vergesel word deur 'n tolk of enige ander persoon wat redelikerwys nodig is om die gemagtigde persoon met die uitvoer van die inspeksie te help.

4. 'n Persoon wat die munisipaliteit verteenwoordig moet, op versoek, sy of haar identifikasie toon.

61. Vrystelling
1. Die munisipaliteit kan 'n eienaar, klant, enige ander persoon of kategorie eienaars, belastingbetalers en gebruikers van dienste vrystel van nakoming van 'n bepaling van hierdie verordeninge, onderworpe aan enige voorwaardes wat hy mag stel, indien hy van mening is dat die toepassing of werking van daardie bepaling onredelik sal wees, met dien verstande dat die munisipaliteit nie vrystelling van enige artikel van hierdie verordeninge mag verleen nie wat kan lei tot —
a) die verkwisting of buitensporige verbruik van munisipale dienste;
b) die vermyding of ontduiking van waterbeperkings;
c) 'n beduidende negatiewe uitwerking op openbare gesondheid, veiligheid of die omgewing;
d) die nie-betaling vir dienste;
e) die nie-nakoming van die Wet, of enige regulasies wat daarkragtens uitgevaardig is.

2. Die munisipaliteit kan te eniger tyd nadat skriftelike kennis van minstens dertig dae gegee is, enige vrystelling wat ingevolge subartikel (1) gegee is, terugtrek.

62. Vrywaring van aanspreeklikheid
Nóg 'n werknemer van die munisipaliteit nóg enige persoon, liggaam, organisasie of korporasie wat namens die munisipaliteit optree, is aanspreeklik vir enige skade wat ontstaan uit enige handeling of versuim wat in goeie trou in die loop van sy of haar pligte gedoen is.

63. Beskikbaarheid van verordeninge
1. 'n Afskrif van hierdie verordeninge moet ingesluit word by die munisipaliteit se Munisipale Kode soos deur wetgewing vereis.

2. Die munisipaliteit moet redelike stappe doen om klante van die inhoud van die verordeninge in kennis te stel.

3. 'n Afskrif van hierdie verordeninge moet te alle tye by die kantore van die munisipaliteit ter insae beskikbaar wees.

4. 'n Afskrif van die verordeninge of 'n uittreksel daarvan kan teen betaling van 'n bedrag, soos deur die munisipale kantoor vasgestel, by die munisipaliteit verkry word.

64. Strydige vertolking

1. Indien daar enige teenstrydigheid tussen hierdie verordeninge en enige ander verordeninge van die raad is, geld hierdie verordeninge.

65. Herroeping van bestaande munisipale kredietbeheer- en skuldinvorderingsverordeninge

Die bepalings van enige verordeninge betreffende waterdienste van die munisipaliteit word hiermee herroep vir sover dit betrekking het op aangeleenthede waarvoor daar in hierdie verordeninge voorsiening gemaak word.

66. Kort titel en inwerkingtreding

1. Hierdie verordeninge heet die Skuldinvorderings- en Kredietbeheerverordeninge van die Thembelihle Munisipaliteit.

2. Hierdie verordeninge tree in werking by publikasie daarvan in die Provinsiale Koerant.

3. Die munisipaliteit kan, by kennisgewing in die Provinsiale Koerant, bepaal dat bepalings van hierdie verordeninge, in die kennisgewing gelys, nie in sekere gebiede binne sy regsgebied wat in die kennisgewing gelys word, vanaf 'n datum wat in die kennisgewing gespesifiseer word, van toepassing is nie.

4. Tensy 'n kennisgewing wat in subartikel (2) bedoel word, uitgereik word, is hierdie verordeninge bindend binne die hele regsgebied.

AANHANGSEL A: AANSOEK OM MUNISIPALE DIENSTE

Soort aansoek				
	Huishoudelik		Kommersieel / Industrieel	Institusioneel
Soort klant				
Individu	BK	Vennoot	Edms (Bpk)	Huurder
Eienaar				
Besonderhede van aansoeker				
Naam van korporatiewe entiteit				
Registrasienommer van korporatiewe entiteit				
Van			Voorletters	
ID-nommer				
Huwelikstaat				
Indien getroud – in / buite gemeenskap van goed				
Beroep				
Tel. no.				
Sel no.				
e-posadres				
Besonderhede van gade waar in gemeenskap van goed getroud				
Van			Voorletters	
ID-nommer				
Beroep				
Tel. no.				
Sel no.				
e-posadres				
Adres van aansoeker (vir doeleindes van rekeningaflewering en fisiese adres vir die aflewering van kennisgewings en dokumente)				
Fisiese adres			Posadres	
Naasbestaande				
1. Naam			Tel. no.	
Adres				
2. Naam			Tel. no.	
Adres				
Werkgewer se besonderhede				
Naam			Tel. no.	
Fisiese adres			Tydperk in diens	
			Werknemer se registrasie no.	
Kredietverwysings				
1. Naam van maatskappy			Rekening no.	
Adres			Tel. no.	
2. Naam van maatskappy			Rekening no.	
Adres			Tel. no.	

Besonderhede van eienaar (indien nie aansoeker nie)	
Naam van korporatiewe entiteit	
Registrasienommer van korporatiewe entiteit	
Van	Voorletters
ID-nommer	
Beroep	
Tel. no.	
Sel no.	
Fisiese adres	Posadres
Eiendom waar munisipale dienste verskaf moet word	
Voorstad	
Sone	
Standplaas no.	
Straatnaam	
Straatnommer	
Aantal persone bo die ouderdom van 18 jaar wat op die eiendom woon	
Soort munisipale dienste wat verskaf moet word	
Watervoorsieningsdienste	Gemeenskapstaanpyp
	Werfaansluiting
	Huisaansluiting
Sanitasiedienste	Nagvuilverwydering
	Spoelriolering
Elektrisiteitsdienste	Voorafbetaal
	Ander
Afvalverwyderingsdienste	
Datum waarop verskaffing van dienste moet begin	
Betaalbesonderhede	
Kontant (insluitende tjek en kredietkaart)	
Debietorder	
Aftrekorder	
Ander metode van elektroniese oordrag	
Bankbesonderhede	Tak
	Rekening no.
'N GESERTIFISEERDE AFSKRIF VAN DIE AANSOEKER SE IDENTITEITSDOKUMENT / VOLMAG, 'N AFSKRIF VAN 'N VORIGE MUNISIPALE REKENING BY DIE MUNISIPALITEIT OF 'N ANDER MUNISIPALITEIT EN 'N BORG, INDIEN DIE AANSOEKER 'N KORPORATIEWE ENTITEIT IS, MOET BY DIE AANSOEK AANGEHEG WORD	
Ek/Ons – (a) doen hiermee aansoek dat munisipale dienste aan bogenoemde eiendom verskaf word; (b) verklaar dat ek/ons ingelig is dat die dokumente waarna daar hierbo verwys word, gedurende kantoorure by die kantore van die munisipaliteit ter insae beskikbaar is; (c) verklaar dat hierdie aansoekvorm en die implikasies daarvan aan my/ons verduidelik is; (d) verklaar dat alle betalings wat deur my verskuldig en betaalbaar is na aanleiding van hierdie aansoekvorm stiptelik op die betaaldatum deur my/ons betaal sal word; en (e) verklaar dat die inligting wat in hierdie aansoekvorm verstrek word, waar en juis is.	

Aansoeker _____
Munisipaliteit _____

_____
_____

Datum Datum

_____
Handtekening van eienaar (indien nie aansoeker nie)

_____
Datum

SERTIFISERING DEUR MUNISIPALITEIT

Die gevolge van bogenoemde verklaring wat deur die aansoeker gemaak is, is aan hom/haar verduidelik en hy/sy het te kenne gegee dat hy/sy die inhoud van die aansoek verstaan het.

Munisipaliteit _____ Datum _____

SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK
Deposito betaal Datum Bedrag Kwitansie nommer
Rekening nommer
Aanvangsdatum van dienste
Gebiedskode
Meterlesing by aanvang van dienste Elektrisiteit Water

LET WEL: 'N SAMEVATTING VAN DIE BETAALVERPLIGTINGE VAN VERBRUIKER KAN AGTEROP DIE AANSOEKVORM INGESLUIT WORD

AANHANGSEL B: AANSOEK OM REGISTRASIE AS HULPBE-HOEWENDE KLANT

Let wel: 'n Aansoek om munisipale dienste moet voltooi of by voorlegging van hierdie aansoek bygewerk word.

Besonderhede van aansoeker		
Van		Voorletters
ID-nommer		
Huwelikstaat		
Indien getroud – in / buite gemeenskap van goed		
Beroep		
Tel. no.		
Sel no.		
Adres van aansoeker		
Fisiese adres		Posadres
Aantal eiendomme wat aan aansoeker en alle lede van die huishouding behoort		
Besonderhede van eiendomme, indien toepaslik		
Eiendom 1	Fisiese adres	
	Naam van eienaar	
	Naam van verbandhouer	
	Rekeningnommer	
	Akteregistrasienommer	
	Soort struktuur	
Eiendom 2	Naam van eienaar	
	Naam van verbandhouer	
	Rekeningnommer	
	Akteregistrasienommer	
	Soort struktuur	
Word eiendom / eiendomme of 'n deel daarvan aan 'n derde persoon verhuur? (Ja / Nee)		
Indien verhuur, huurgeld ontvang		
Aantal lede in huishouding		
Gekombineerde bruto inkomste van alle lede van die huishouding per maand		
Besonderhede van alle lede van die huishouding bo die ouderdom van 18 jaar wat op die eiendom woon		
1. Van	2. Van	
Volle naam	Volle naam	
ID-nommer	ID-nommer	
In diens? (Ja / Nee)	In diens? (Ja / Nee)	
Salaris insluitende voordele, indien toepaslik	Salaris insluitende voordele, indien toepaslik	
3. Van	4. Van	
Volle naam	Volle naam	
ID-nommer	ID-nommer	
In diens? (Ja / Nee)	In diens? (Ja / Nee)	
Salaris insluitende voordele, indien toepaslik	Salaris insluitende voordele, indien toepaslik	
5. Van	6. Van	
Volle naam	Volle naam	
ID-nommer In diens? (Ja / Nee)	ID-nommer In diens? (Ja / Nee)	
Salaris insluitende voordele, indien toepaslik	Salaris insluitende voordele, indien toepaslik	

Besonderhede van enige ander inkomste deur huishouding ontvang: (soos ouderdomspensioen, ongeskiktheidspensioen, welsyn, ens.)	
1. Soort inkomste	2. Soort inkomste
Instelling	Instelling
Bedrag	Bedrag
Verwysingsnommer	Verwysingsnommer
3. Soort inkomste	4. Soort inkomste
Instelling	Instelling
Bedrag	Bedrag
Verwysingsnommer	Verwysingsnommer
5. Soort inkomste	6. Soort inkomste
Instelling	Instelling
Bedrag	Bedrag
Verwysingsnommer	Verwysingsnommer
Besonderhede van maandelikse uitgawes van huishouding:	
1. Kruideniersware	2. Skoolgelde
3. Klere	4.
5.	6.
7.	8.
9.	10.
Besonderhede van lopende skulde van die huishouding: (insluitende versekeringspolisse en kredietaankope)	
1. Instelling	2. Instelling
Rekeningnommer	Rekeningnommer
Bedrag verskuldig	Bedrag verskuldig
3. Instelling	4. Instelling
Rekeningnommer	Rekeningnommer
Bedrag verskuldig	Bedrag verskuldig
5. Instelling	6. Instelling
Rekeningnommer	Rekeningnommer
Bedrag verskuldig	Bedrag verskuldig
Besonderhede ten opsigte van regs- en ander stappe gedoen ten opsigte van lopende uitgawes / skulde van die huishouding: (Administrasiebevele, sekwestrasie, ander hofbevele, gelys by 'n kredietagentskap, ens.)	
1. Instelling	2. Instelling
Soort stappe	Soort stappe
Saaknommer	Saaknommer
Bedrag verskuldig	Bedrag verskuldig
3. Instelling	4. Instelling
Soort stappe	Soort stappe

Saaknommer	Saaknommer
Bedrag verskuldig	Bedrag verskuldig
5. Instelling	6. Instelling
Soort stappe	Soort stappe
Saaknommer	Saaknommer
Bedrag verskuldig	Bedrag verskuldig

Die volgende dokumente moet aangeheg word –

1. Dokumentêre bewys van inkomste (soos 'n brief van die klant se werkgewer, 'n salarisadvies, 'n pensioenkaart, werkloosheidversekeringsfondskaart, ens.); of
2. 'n Beëdigde verklaring van werkloosheid of inkomste; en
3. Jongste munisipale rekening in besit van klant; en
4. 'n Gesertifiseerde afskrif van die aansoeker se identiteitsdokument.

A. Ek –
   1. doen aansoek om registrasie as 'n hulpbehoewende klant vir 'n tydperk van een jaar;
   2. aanvaar die voorwaardes wat op hierdie aansoek van toepassing is soos in die munisipaliteit se beleid, verordeninge en verskaffingsvoor-waardes van enige diensverskaffer van die munisipaliteit uiteengesit word;
   3. verklaar dat ek ingelig is dat die dokumente waarna verwys word, gedurende kantoorure by die kantore van die munisipaliteit ter insae beskikbaar is;
   4. verklaar dat hierdie aansoekvorm en die implikasies daarvan aan my verduidelik is;
   5. verklaar dat alle betalings wat na aanleiding van hierdie aansoek deur my verskuldig en betaalbaar is, stiptelik op die betaaldatum deur my betaal sal word; en
   6. verklaar dat die inligting wat in hierdie aansoekvorm verstrek word, waar en juis is.

B. Ek verklaar en aanvaar voorts dat die volgende spesifieke voorwaardes op hierdie aansoek van toepassing is –

1. Die munisipaliteit kan voor goedkeuring van 'n aansoek of te eniger tyd daarna gemagtigde verteenwoordigers na die persele of huishoudings van persone wat om registrasie as hulpbehoewende klante aansoek doen, stuur om oudits ter plaatse te doen van inligting wat verskaf is.
2. 'n Aansoek mag slegs vir 'n tydperk van 12 (twaalf) maande goedgekeur word.
3. Die munisipaliteit kan by goedkeuring van 'n aansoek of te eniger tyd daarna –
   3.1 'n voorafbetaalelektrisiteitsmeter vir die hulpbehoewende klant installeer waar elektrisiteit deur die munisipale agent verskaf word; en
   3.2 die watervoorsieningsdienste van 'n hulpbehoewende klant inkort tot 'n basiese voorsiening van nie minder nie as 6 (ses) kiloliter per maand.
4. 'n Hulpbehoewende klant moet jaarliks heraansoek doen om registrasie as 'n hulpbehoewende klant, by versuim waarvan die bystand outomaties gestaak sal word.
5. Die munisipaliteit gee geen waarborg van hernuwing nie.
6. Die munisipale raad kan jaarliks as deel van sy begrotingsproses die munisipale dienste en vlakke daarvan wat ten opsigte van hulpbehoewende klante ooreenkomstig nasionale beleid gesubsidieer sal word, vasstel, maar onderworpe aan beginsels van volhoubaarheid en bekostigbaarheid.
7. Vir enige ander munisipale dienste wat deur die munisipaliteit gelewer word of munisipale dienste wat verbruik word wat die hoeveelhede wat in 6 hierbo gespesifiseer word, oorskry, sal gelde gevra word en die hulpbehoewende klant is aanspreeklik vir die betaling van sodanige gelde wat op die oorskrydingsverbruik gehef word. Normale kredietbeheerprosedures is van toepassing ten opsigte van oorskrydingsverbruik.
8. Agterstallige bedrae wat ten opsigte van munisipale rekenings van klante voor registrasie as hulpbehoewende klante oploop, sal opgeskort word, sonder dat rente ten opsigte van sodanige agterstallige bedrae oploop, vir die tydperk wat 'n klant as 'n hulpbehoewende klant geregistreer bly.
9. Opgeskorte agterstallige bedrae is by deregistrasie verskuldig en betaalbaar deur die klant in maandelikse paaiemente soos deur die munisipaliteit vasgestel.
10. Agterstallige bedrae wat vir 'n tydperk van twee (2) jaar of langer opgeskort is, is nie verhaalbaar op 'n klant by deregistrasie nie.
11. Die munisipaliteit kan gereelde steekproefoudits doen om –

11.1 die inligting te verifieer wat deur hulpbehoewende klante verskaf word;
11.2 enige veranderings in die omstandighede van hulpbehoewende klante aan te teken; en
11.3 aanbevelings oor die deregistrasie van die hulpbehoewende klant te maak.

12. 'n Klant wat vals inligting in die aansoekvorm en / of enige ander dokumentasie en inligting in verband met die aansoek verskaf of verskaf het –
12.1 word outomaties, sonder kennisgewing, as 'n hulpbehoewende klant gederegistreer vanaf die datum waarop die munisipaliteit bewus geword het dat sodanige inligting vals is; en
12.2 word aanspreeklik gehou vir die betaling van alle dienste wat ontvang is benewens enige ander regstappe wat die munisipaliteit teen so 'n klant kan doen.

13. 'n Hulpbehoewende klant moet onmiddellik deregistrasie deur die munisipaliteit versoek as sy of haar omstandighede in so 'n mate verander het dat hy of sy nie meer voldoen aan die kwalifikasies wat in die verordeninge uiteengesit word nie.

14. 'n Hulpbehoewende klant word outomaties gederegistreer as daar nie jaarlikse aansoek gedoen word nie of as sodanige aansoek nie goedgekeur word nie.

15. 'n Hulpbehoewende klant word outomaties gederegistreer as 'n oudit of verifikasie tot die gevolgtrekking kom dat die finansiële omstandighede van die hulpbehoewende klant in so 'n mate verander het dat hy of sy nie meer voldoen aan die kwalifikasies wat in die verordeninge uiteengesit word nie.

16. 'n Hulpbehoewende klant kan te eniger tyd deregistrasie versoek.

Aansoeker	Munisipaliteit
Datum	Datum

SERTIFISERING DEUR MUNISIPALITEIT
Die gevolge van bogenoemde verklaring wat deur die aansoeker gemaak is, is aan hom/haar verduidelik en hy/sy het te kenne gegee dat hy/sy die inhoud van hierdie AANSOEK verstaan het.
Aansoeker Munisipaliteit
Datum Datum
SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK
Rekeningnommer
Datum van ontvangs van aansoek
Eerste verifikasie
Datum
Besoek ter plaatse (Ja/Nee)
Naam van verifieerder
Ampsbenaming van verifieerder
Dui inligting aan wat nie geverifieer is nie
Aanbeveling
AANSOEK GOEDGEKEUR / NIE GOEDGEKEUR NIE
Tweede verifikasie
Datum
Besoek ter plaatse (Ja / Nee)
Naam van verifieerder
Ampbenaming van verifieerder

WATERDIENSTEVERORDENINGE

HOOFSTUK 1: WOORDOMSKRYWING

67. Woordomskrywing

Vir die doel van hierdie verordeninge het enige woord of uitdrukking waaraan daar in die Wet op Waterdienste, 1996 (Wet no. 108 van 1996), die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet no. 32 van 2000), of die Nasionale Bouregulasies uitgevaardig ingevolge die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet no. 103 van 1977), 'n betekenis toegeken is, dieselfde betekenis in hierdie verordeninge, en tensy die samehang die teendeel aandui, moet 'n woord wat een geslag aandui, gelees word asof dit ook na die ander geslag verwys —

"aansluiting" beteken die punt waar 'n klant toegang tot waterdienste kry;

"aansluitpunt" beteken die punt waar die perseelrioolinstallasie by die aansluitriool aansluit;

"aansluitriool" beteken 'n pyp wat aan die munisipaliteit behoort en deur hom geïnstalleer is met die doel om rioolvuil van 'n perseelrioolinstallasie na 'n riool buite die grens van daardie perseel of binne 'n serwituutgebied of binne 'n gebied wat deur gebruiksreg of volgens ooreenkoms gedek word, te vervoer;

"akkommodasie-eenheid" met betrekking tot 'n perseel, beteken 'n gebou of deel van 'n gebou wat vir enige doel geokkupeer of gebruik word of vir okkupasie of gebruik bedoel is;

"besoedeling" beteken die inbring van 'n stof in die watervoorsieningstelsel, 'n waterinstallasie of 'n waterhulpbron wat die water skadelik vir gesondheid of die omgewing kan maak of die gehalte daarvan vir die gebruik waarvoor dit normaalweg bedoel is, aantas;

"beste praktiese omgewingsopsie" beteken die opsie wat die grootste voordeel inhou vir of die minste skade berokken aan die omgewing as 'n geheel, teen 'n koste wat vir die samelewing aanvaarbaar is, oor die lang termyn sowel as oor die kort termyn;

"boorgat" beteken 'n gat wat in die aarde gesink is met die doel om ondergrondse water op te spoor, te onttrek of te gebruik, en sluit 'n fontein in;

"Bouregulasies" beteken die Nasionale Bouregulasies uitgevaardig ingevolge die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet no. 103 van 1977), soos gewysig;

"brandinstallasie" beteken 'n verplaasbare waterinstallasie wat water uitsluitlik vir die doel van brandbestryding vervoer;

"dienspyp" beteken 'n pyp wat deel uitmaak van 'n waterinstallasie wat op 'n perseel deur die eienaar of okkupeerder voorsien en geïnstalleer is en wat by 'n verbindingspyp aangesluit is of aangesluit gaan word om die waterinstallasie op die perseel te bedien;

"eienaar" beteken —

a) die persoon op wie se naam die eienaarskap van die perseel van tyd tot tyd geregistreer is, of sy agent;
b) waar die geregistreerde eienaar van die perseel insolvent of dood is of om enige ander rede nie handelingsbevoeg is nie of enige vorm van handelingsonbevoegdheid het wat die uitwerking het dat dit hom verhoed om 'n regshandeling namens homself te verrig, die persoon by wie die administrasie en beheer van sodanige perseel as kurator, trustee, eksekuteur, administrateur, geregtelike bestuurder, likwidateur of ander regsverteenwoordiger berus;
c) waar die munisipaliteit nie die identiteit van die eienaar kan vasstel nie, 'n persoon wat 'n wettige reg in, of die voordeel van die gebruik van, 'n perseel, gebou of enige deel van 'n gebou het wat daarop geleë is;
d) waar 'n huurkontrak vir 'n tydperk van 30 (dertig) jaar of langer of vir die natuurlike lewe van die huurder of enige ander persoon wat in die huurkontrak genoem word, aangegaan is, of wat van tyd tot tyd na die keuse van die huurder onbepaald of vir 'n tydperk of tydperke wat, saam met die eerste tydperk van die huurkontrak, op 30 jaar te staan kom, hernu kan word,

die huurder of enige ander persoon aan wie hy sy reg, titel en belang kragtens die huurkontrak sedeer het, of enige opvolger sonder teenwaarde van die huurder;

e) met betrekking tot —

i) 'n stuk grond wat op 'n deeltitelplan ingevolge die Wet op Deeltitels, 1986 (Wet No. 95 van 1986), geskets is, die ontwikkelaar of die regspersoon ten opsigte van die gemeenskaplike eiendom, of

ii) 'n deel soos omskryf in die Wet op Deeltitels, 1986 (Wet no. 95 van 1986), die persoon op wie se naam sodanige deel kragtens 'n deeltitelakte

iii) geregistreer is en sluit in die wettig aangestelde agent van sodanige persoon; of

iv) 'n persoon wat grond okkupeer kragtens 'n register wat deur 'n stamowerheid gehou word of ooreenkomstig 'n beëdigde verklaring wat deur 'n stamowerheid gemaak is;

"eindwatertoebehoorsel" beteken 'n watertoebehoorsel by 'n uitlaat van waterinstallasie wat die uitvloei van water van 'n waterinstallasie beheer;

"gedeelde verbruik" beteken die verbruik deur 'n klant van 'n munisipale diens gedurende 'n spesifieke tydperk, wat bereken word deur die totale gemeterde verbruik van daardie munisipale diens in die voorsieningsone waar die klant se perseel geleë is vir dieselfde tydperk deur die aantal klante binne daardie voorsieningsone gedurende daardie tydperk te deel;

"gekombineerde installasie" beteken 'n waterinstallasie wat vir brandbestryding en huishoudelike, kommersiële of nywerheidsdoeleindes gebruik word;

"gelde" beteken die belasting, geld, tarief, uniforme koers of subsidie deur die munisipale raad vasgestel;

"gemagtigde agent" beteken —

a) 'n persoon wat deur die munisipaliteit gemagtig is om 'n handeling, funksie of plig ingevolge hierdie verordeninge te verrig of 'n bevoegdheid daarkragtens uit te oefen;

b) 'n persoon aan wie die munisipaliteit die verrigting van sekere regte, pligte of verpligtinge ten opsigte van die verskaffing van waterdienste gedelegeer het; of

c) 'n persoon wat in 'n skriftelike kontrak deur die munisipaliteit aangestel is as 'n diensverskaffer om namens hom waterdienste aan klante te verskaf, in die mate wat deur daardie kontrak gemagtig word;

"gemiddelde verbruik" beteken die gemiddelde verbruik deur 'n klant van 'n munisipale diens gedurende 'n gespesifiseerde tydperk, en dit word bereken deur die totale gemete verbruik van daardie munisipale diens deur daardie verbruiker oor die voorafgaande drie maande deur drie te deel;

"geraamde verbruik" beteken die verbruik wat 'n klant, wie se verbruik nie gedurende 'n spesifieke tydperk gemeet is nie, geag te verbruik het, wat geraam word deur faktore wat deur die munisipaliteit as tersaaklik beskou word, in ag te neem en wat die verbruik van waterdienste deur die totale aantal gebruikers van 'n diens binne die gebied waar die diens deur die munisipaliteit gelewer word teen die toepaslike diensvlak vir 'n spesifieke tyd kan insluit;

"goedgekeur" beteken skriftelik deur die munisipaliteit goedgekeur;

"handelsperseel" beteken 'n perseel waarop nywerheidsuitvloeisel ontstaan;

"hoësterkterioolvuil" beteken nywerheidsrioolvuil met 'n sterkte of gehalte groter as standaard huishoudelike uitvloeisel ten opsigte waarvan 'n spesifieke geld gevorder kan word, soos bereken ooreenkomstig Bylae C;

"hoofleiding" beteken 'n pyp behalwe 'n verbindingspyp, waarvan die eienaarskap by die munisipaliteit berus en wat deur hom gebruik word vir die doel om water na 'n verbruiker te vervoer;

"huishoudelike doeleindes" met betrekking tot die verskaffing van water, beteken water wat vir drink-, was- en kookdoeleindes verskaf word wat hoofsaaklik vir residensiële doeleindes gebruik word;

"huishoudelike verbruiker" beteken 'n klant wat water vir huishoudelike doeleindes gebruik;

"huishouding" beteken 'n familie-eenheid wat deur die munisipaliteit as tradisioneel bepaal word met inagneming van die aantal mense in die eenheid, die verhouding tussen die lede van 'n huishouding, hulle ouderdomme en enige ander faktor wat die munisipaliteit as tersaaklik beskou;

"Tegniese Bestuurder" beteken die Tegniese Bestuurder van die munisipaliteit, of enige ander persoon wat gemagtig is om namens hom op te tree;

"installeringswerk" beteken enige werk wat ten opsigte van 'n waterinstallasie gedoen word, insluitende konstruksie, rehabilitasie, verbetering en instandhouding;

"klant" beteken 'n persoon met wie die munisipaliteit 'n ooreenkoms vir die verskaffing van 'n munisipale diens ingevolge die verordeninge betreffende kredietbeheer en skuldinvordering aangegaan het of geag aangegaan het;

"kommersiële klant" beteken 'n klant behalwe 'n huishoudelike klant en 'n hulpbehoewende klant, insluitende, maar nie beperk nie tot, besigheids-, nywerheids-, regerings- en institusionele klante;

"loodgieter" beteken 'n persoon wat in die loodgietersambag kragtens die Wet op Mannekragopleiding, 1981 (Wet no. 56 van 1981), in 'n kwalifiserende ambagstoets geslaag het of aan wie 'n sertifikaat van bedrewenheid of sodanige ander kwalifikasie wat kragtens nasionale wetgewing vereis word, uitgereik is;

"mangat" beteken 'n toegangskamer na die binnekant van die riool wat vir die doel van instandhouding en inwendige skoonmaak voorsien is;

"meettoestel" beteken enige metode, prosedure, proses, toestel, apparaat of installasie waarmee die hoeveelheid waterdienste wat verskaf word, gekwantifiseer kan word, en sluit enige metode, prosedure of proses in waarvolgens die hoeveelheid geraam of veronderstel word;

"meter" beteken 'n watermeter soos omskryf deur die regulasies wat ingevolge die Wet op Handelsmetrologie, 1973 (Wet no. 77 van 1973), gepubliseer is of, in die geval van 'n watermeter van 'n groter grootte as 100 mm, 'n toestel wat die hoeveelheid water meet wat daardeur vloei, insluitende 'n voorafbetaalwatermeter;

"munisipale bestuurder" beteken die persoon wat ingevolge artikel 82 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture (Wet no. 117 van 1998), deur die munisipale raad as die munisipale bestuurder van die munisipaliteit aangestel is, en sluit 'n persoon in aan wie die munisipale bestuurder 'n bevoegdheid, funksie of plig gedelegeer het, maar slegs ten opsigte van daardie bevoegdheid, funksie of plig;

"munisipale dienste" beteken, vir die doeleindes van hierdie verordeninge, dienste wat deur 'n munisipaliteit verskaf word, insluitende afvalverwydering, watervoorsiening, sanitasie, elektrisiteitsdienste en eiendomsbelasting of enigeen van die bostaande;

"munisipale raad" beteken die munisipale raad waarna in artikel 157(1) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, verwys word;

"munisipaliteit" beteken —

a) die Thembelihle munisipaliteit, 'n plaaslike munisipaliteit, ingestel ingevolge artikel 12 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet no. 117 van 1998), en sy regsopvolgers; of
b) behoudens die bepalings van enige ander wet en slegs indien uitdruklik of stilswyend vereis of toegelaat deur hierdie verordeninge, die munisipale bestuurder ten opsigte van die verrigting van 'n funksie of die uitoefening van 'n plig, verpligting of reg ingevolge hierdie verordeninge of enige ander wet; of
c) 'n gemagtigde agent van die Thembelihle munisipaliteit;

"noodsituasie" beteken 'n situasie wat 'n risiko of potensiële risiko vir lewe, gesondheid, die omgewing of eiendom inhou;

"nywerheidsdoeleindes" met betrekking tot die verskaffing van water beteken water wat verskaf word aan 'n perseel wat 'n fabriek uitmaak soos in die Algemene Administratiewe Regulasies, gepubliseer ingevolge die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid, 1993 (Wet no. 85 van 1993), omskryf word;

"nywerheidsuitvloeisel" beteken uitvloeisel wat uit die gebruik van water vir nywerheidsdoeleindes voortgebring word en sluit, vir die doel van hierdie verordeninge, enige uitvloeisel in, uitgesonderd standaard huishoudelike uitvloeisel of stormwater;

"okkupeerder" sluit in 'n persoon wat grond, 'n gebou, struktuur of perseel (of enige deel daarvan) okkupeer, en sluit in 'n persoon wat vir iemand anders se vergoeding of beloning 'n loseerder of huurder of enige ander soortgelyke persoon toelaat om grond, 'n gebou, struktuur of perseel (of enige deel daarvan) te gebruik of te okkupeer;

"omgewingskoste" beteken die koste van alle maatreëls wat nodig is om die omgewing te herstel in die toestand waarin dit was voor 'n voorval wat skade tot gevolg het;

"ongemagtigde diens" beteken die opvang, gebruik of verbruik van 'n munisipale diens wat nie ingevolge 'n ooreenkoms is met of deur die munisipaliteit goedgekeur is nie;

"onwettige aansluiting" beteken 'n aansluiting aan 'n stelsel waardeur 'n munisipale diens verskaf word en wat nie deur die munisipaliteit gemagtig of goedgekeur is nie;

"ooreenkoms" beteken die kontraktuele verhouding tussen die munisipaliteit en 'n klant, hetsy geskrewe of geag soos voorsiening voor gemaak in die munisipaliteit se verordeninge met betrekking tot kredietbeheer en skuldinvordering;

"openbare kennisgewing" beteken publikasie in die media, insluitende een of meer van die volgende:

a) publikasie van 'n kennisgewing, in die amptelike tale wat deur die munisipale raad bepaal is —

1. in 'n plaaslike koerant of koerante wat in die voorsieningsgebied van die munisipaliteit versprei word;

2. in die koerant of koerante wat in die voorsieningsgebied van die munisipaliteit versprei word en deur die munisipale raad as 'n koerant van rekord bepaal is; of

3. op die amptelike webwerf van die munisipaliteit;

4. deur middel van radio-uitsendings wat die voorsieningsgebied van die munisipaliteit dek;

b) wat 'n kennisgewing vertoon in of op 'n perseel, kantoor, biblioteek of betaalpunt van óf die munisipaliteit óf sy gemagtigde agent waartoe die publiek redelike toegang het; en
c) kommunikasie met klante deur middel van openbare vergaderings en wykskomiteevergaderings;

"perseel" beteken 'n stuk grond waarvan die buitevlakgrense geskets is op —
a) 'n algemene plan of diagram wat ingevolge die Opmetingswet, 1927 (Wet no. 9 van 1927), of ingevolge die Registrasie van Aktes Wet, 1937 (Wet no. 47 van 1937), geregistreer is;
b) 'n deelplan wat ingevolge die Wet op Deeltitels, 1986 (Wet no. 95 van 1986), geregistreer is; of
c) 'n register gehou deur 'n stamowerheid of ooreenkomstig 'n beëdigde verklaring wat deur 'n stamowerheid gemaak is;

"perseelriool" beteken dié deel van die perseelrioolinstallasie wat rioolvuil binne 'n perseel vervoer;

"perseelrioolinstallasie" beteken 'n stelsel wat op 'n perseel geleë is en by die eienaar daarvan berus en wat gebruik word of bedoel is om gebruik te word vir of in verband met die opvang, opgaar, behandeling of vervoer van rioolvuil op daardie perseel na die aansluitpunt en sluit in perseelriole, toebehore, toestelle, septiese tenks, riooltenks, putlatrines en private pompinstallasies wat deel uitmaak van of aanvullend is tot sulke stelsels;

"perseelrioolwerk" sluit in enige perseelriool, sanitêre toebehoorsel, watervoorsieningsbybehore, vuilwater- of ander pyp of enige werk wat met die afvoer van vloeibare of vaste stof in 'n perseelriool of riool of andersins met die dreinering van 'n perseel verband hou;

"persoon" beteken 'n persoon hetsy 'n natuurlike of 'n regspersoon, en sluit in, maar is nie beperk nie tot, 'n plaaslike regeringsliggaam of soortgelyke owerheid, 'n maatskappy of beslote korporasie wat kragtens 'n wet geïnkorporeer is, 'n liggaam van persone hetsy geïnkorporeer of nie, 'n statutêre liggaam, openbare nutsliggaam, vrywillige organisasie of trust;

"professionele Tegniese Bestuurder" beteken 'n persoon wat ingevolge die Wet op die Tegniese Bestuurdersweseprofessie, 2000 (Wet no. 46 van 2000), as 'n professionele Tegniese Bestuurder geregistreer is;

"rekening" beteken 'n rekening of rekenings gelewer vir munisipale dienste wat verskaf is;

"rente" beteken rente soos deur die Minister van Justisie ingevolge artikel 1 van die Wet op die Voorgeskrewe Rentekoers, 1975 (Wet no. 55 van 1975), voorgeskryf kan word;

"riool" beteken 'n pyp of leipyp wat die eiendom is van of berus by die munisipaliteit en wat gebruik kan word vir die vervoer van rioolvuil vanaf die aansluitriool, en sluit nie 'n perseelriool in soos omskryf nie;

"rioolvuil" beteken vuilwater, nywerheidsuitvloeisel, standaard huishoudelike uitvloeisel en ander vloeibare afval, hetsy afsonderlik of in kombinasie, maar sluit nie stormwater in nie;

"riooltenk" beteken 'n bedekte tenk wat gebruik word om rioolvuil op te vang en tydelik te hou en wat met tussenpose leeggemaak moet word;

"sanitasiedienste" het dieselfde betekenis as wat ingevolge die Wet daaraan toegewys is en sluit vir die doeleindes van hierdie verordeninge die wegdoening van nywerheidsuitvloeisel in;

"sanitasiedienste ter plaatse" beteken sanitasiedienste behalwe spoelrioolwegdoening deur 'n rioolwegdoeningstelsel;

"sanitasiestelsel" beteken die strukture, pype, kleppe, pompe, meters of ander bybehore wat gebruik word vir die vervoer deur die rioolnetstelsel en behandeling by die rioolvuilbehandelingsaanleg onder die beheer van die munisipaliteit en wat deur hom gebruik kan word in verband met die wegdoening van rioolvuil;

"SANS" beteken die Suid-Afrikaanse Nasionale Standaard;

"septiese tenk" beteken 'n waterdigte tenk wat ontwerp is om rioolvuil op te vang en die toereikende ontbinding van organiese stof in rioolvuil deur bakteriese werking te bewerkstellig;

"skoonmaakoog" beteken 'n toegangsopening na die binnekant van 'n afvoerpyp of sperder wat vir die doel van inwendige skoonmaak voorsien word;

"sperder" beteken 'n stuk pyptoebehore of deel van 'n sanitêre toestel wat ontwerp is om 'n waterslot wat as 'n versperring teen die vloei van bedorwe lug of gas dien, in posisie te hou;

"staanpyp" beteken 'n aansluiting waardeur watervoorsieningsdienste aan meer as een persoon verskaf word;

"standaard huishoudelike uitvloeisel" beteken huishoudelike uitvloeisel binne voorgeskrewe sterktekenmerke soos deur die munisipaliteit vasgestel ten opsigte van chemiese suurstofbehoefte en besinkbare vaste stowwe as sou dit gepas wees vir rioolvuiluitvloeisel uit huishoudelike persele binne die jurisdiksie van die munisipaliteit, maar sluit nie nywerheidsuitvloeisel in nie;

"stapelriool" beteken 'n vuilweekput vir die wegdoening van rioolvuil en uitvloeisel uit 'n septiese tenk;

"stormwater" beteken water wat die gevolg van natuurlike neerslag of versameling is en sluit reënwater, ondergrondwater of fonteinwater in;

"uitvloeisel" beteken enige vloeistof hetsy dit opgeloste stowwe of stowwe in suspensie bevat of nie;

"vasgestel" beteken vasgestel deur die munisipaliteit of deur enige persoon wat 'n vasstelling ingevolge hierdie verordeninge maak;

"voorsieningsgebied" beteken 'n gebied binne of gedeeltelik binne die regsgebied van die munisipaliteit waaraan 'n waterdiens verskaf word;

"waterdienste" beteken watervoorsieningsdienste en sanitasiedienste;

"waterdienstetussengangers" het dieselfde betekenis as wat ingevolge die Wet daaraan toegewys is;

"waterinstallasie" beteken die pype en watertoebehore wat geleë is op 'n perseel en waarvan die eienaarskap by die eienaar daarvan berus en gebruik word of bedoel is om gebruik te word in verband met die gebruik van water op so 'n perseel, en sluit enige pyp en watertoebehoorsel in wat buite die grens van die perseel geleë is wat óf by die verbindingspyp met betrekking tot sodanige perseel aansluit óf andersins met die toestemming van die munisipaliteit gelê is;

"watertoebehoorsel" beteken 'n komponent, behalwe 'n pyp, van 'n waterinstallasie waardeur water vloei of waarin dit opgegaar word;

"watervoorsieningsdienste" het dieselfde betekenis as wat ingevolge die Wet daaraan toegewys is en sluit vir die doeleindes van hierdie verordeninge water vir nywerheidsdoeleindes en brandbestrydingsdoeleindes in;

"watervoorsieningstelsel" beteken die strukture, brugkanale, pype, kleppe, pompe, meters of ander bybehore wat daarmee in verband staan, waarvan die eienaarskap by die munisipaliteit berus en wat deur hom gebruik word of bedoel is om gebruik te word in verband met die verskaffing van water, en sluit enige deel van die stelsel in;

"werkdag" beteken 'n ander dag as 'n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag;

"Wet" beteken die Wet op Waterdienste, 1997 (Wet no. 108 van 1997), soos van tyd tot tyd gewysig; en

"wooneenheid" beteken 'n tussenverbinde stel kamers, insluitende 'n kombuis of opwaskamer, ontwerp vir okkupasie deur 'n enkelgesin, ongeag of die wooneenheid 'n enkelgebou is of deel uitmaak van 'n gebou wat twee of meer wooneenhede bevat.

HOOFSTUK 2: AANSOEK, BETALING EN BEËINDIGING

Deel 1: Aansoek

68. Aansoek om waterdienste

1. Geen persoon mag toegang tot waterdienste kry nie, tensy aansoek gedoen is by, en dit goedgekeur is deur, die munisipaliteit op die vorm wat ingevolge die munisipaliteit se verordeninge betreffende kredietbeheer en skuldinvordering voorgeskryf word.
2. Waterdienste wat deur die munisipaliteit aan 'n klant gelewer word, is onderworpe aan die munisipaliteit se verordeninge betreffende kredietbeheer en skuldinvordering, hierdie verordeninge en die voorwaardes wat in die betrokke ooreenkoms vervat is.

69. Spesiale ooreenkomste vir waterdienste

Die munisipaliteit kan 'n spesiale ooreenkoms vir die verskaffing van waterdienste met 'n aansoeker ooreenkomstig die munisipaliteit se verordeninge betreffende kredietbeheer en skuldinvordering aangaan.

70. Verandering in doel waarvoor waterdienste gebruik word

Waar die doel of omvang van 'n munisipale diens verander, moet die klant die munisipaliteit onverwyld in kennis stel van die verandering en 'n nuwe ooreenkoms met die munisipaliteit aangaan.

Deel 2: Gelde

71. Voorgeskrewe gelde vir waterdienste

1. Alle toepaslike gelde wat ten opsigte van waterdienste betaalbaar is, insluitende, maar nie beperk nie tot, die betaling van aansluitgelde, vaste gelde of enige bykomende gelde of rente, moet deur die munisipale raad vasgestel word ooreenkomstig —

a) sy Belasting- en Tariefbeleid;

b) enige verordeninge ten opsigte daarvan; en

c) enige regulasies ingevolge nasionale of provinsiale wetgewing; maar

2. Verskille tussen kategorieë klante, gebruikers van dienste, soorte en vlakke dienste, hoeveelheid dienste, infrastrukturele vereistes en geografiese gebiede kan die oplê van gedifferensieerde gelde regverdig.

72. Beskikbaarheidsgelde vir waterdienste

Die munisipale raad kan, benewens die gelde wat vasgestel is vir waterdienste wat werklik verskaf word, 'n maandelikse vaste geld, 'n jaarlikse vaste geld of slegs een vaste geld hef waar waterdienste beskikbaar is, ongeag of sodanige dienste verbruik word of nie.

Deel 3: Betaling

73. Betaling vir waterdienste

Die eienaar, okkupeerder en klant is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik en verantwoordelik vir die betaling van alle waterdiensgelde en waterdienste wat deur 'n klant verbruik word, ooreenkomstig die munisipaliteit se verordeninge betreffende kredietbeheer en skuldinvordering.

Deel 4: Beëindiging, inkorting en staking

74. Beëindiging van ooreenkoms vir die verskaffing van waterdienste

'n Klant kan 'n ooreenkoms vir die verskaffing van waterdienste ooreenkomstig die munisipaliteit se verordeninge betreffende kredietbeheer en skuldinvordering beëindig.

75. Inkorting en/of staking van waterdienste wat verskaf is

1. Die Tegniese Bestuurder kan, na kennisgewing deur die munisipaliteit, watervoorsieningsdienste wat ingevolge hierdie verordeninge verskaf word, inkort of staak —

a) by versuim om die vasgestelde gelde op die gespesifiseerde datum te betaal, ooreenkomstig en nadat die prosedure wat in die munisipaliteit se verordeninge betreffende kredietbeheer en skuldinvordering uiteengesit word, toegepas is;

b) op skriftelike versoek van 'n klant;

c) indien die ooreenkoms vir die verskaffing van dienste ooreenkomstig die munisipaliteit se verordeninge betreffende kredietbeheer en skuldinvordering beëindig is;

d) indien die gebou op die perseel waaraan dienste verskaf word, gesloop is;

e) indien die klant met 'n ingekorte of gestaakte diens gepeuter het;

f) in 'n noodgeval of noodsituasie wat ingevolge die munisipaliteit se verordeninge betreffende kredietbeheer en skuldverordeninge verklaar is; of

g) indien die klant met die watervoorsieningstelsel van die munisipaliteit ingemeng of gepeuter het of dit beskadig het of inmenging, peutering of skade veroorsaak of toegelaat het met die doel om toegang tot watervoorsieningsdienste te verkry.

2. Die Tegniese Bestuurder kan sanitasiedienste wat ingevolge hierdie verordeninge verskaf word, staak —

a) op skriftelike versoek van 'n klant;

b) indien die ooreenkoms vir die verskaffing van sanitasiedienste ooreenkomstig die munisipaliteit se verordeninge betreffende kredietbeheer en skuldinvordering beëindig is; of

c) indien die gebou op die perseel waaraan dienste verskaf word, gesloop is.

3. Die munisipaliteit is nie aanspreeklik vir enige skade of eise wat kan ontstaan uit die inkorting of staking van waterdienste waarvoor daar voorsiening in subartikels (1) en (2) gemaak word nie, insluitende skade of eise wat kan ontstaan weens die inkorting of staking van dienste deur die munisipaliteit in die bona fide-geloof dat die bepalings van subartikels (1) en (2) van toepassing was nie.

HOOFSTUK 3: DIENSVLAKKE

76. Diensvlakke

1. Die munisipale raad kan van tyd tot tyd en ooreenkomstig nasionale beleid, maar onderworpe aan die beginsels van volhoubaarheid en bekostigbaarheid, die diensvlakke wat hy aan klante kan verskaf by openbare kennisgewing vasstel.
2. Die munisipale raad kan by die vasstelling van diensvlakke differensieer tussen soorte klante, huishoudelike klante, geografiese gebiede en sosio-ekonomiese gebiede.
3. Die volgende diensvlakke kan, behoudens subartikel (1), deur die munisipaliteit by die afkondiging van hierdie verordeninge verskaf word:

a) Gemeenskapswatervoorsieningsdienste en terreinsanitasiedienste —

i) wat die minimum diensvlak uitmaak wat deur die munisipaliteit verskaf word;

ii) wat bestaan uit benette staanpype of 'n vaste watertenk wat bedien word deur óf 'n netwerkpyp óf 'n watertenk wat binne redelike loopafstand geleë is van enige huishouding met 'n Geventileerde Verbeterde Put-latrine wat op elke perseel geleë is, en perseel beteken die laagste orde sigbare afgebakende gebied waarop 'n informele woning van een of ander aard opgerig is;

iii) wat gratis geïnstalleer is;

iv) wat heeltemal kosteloos aan verbruikers gelewer word; en

v) waarvan slegs staanpype deur die munisipaliteit in stand gehou word.

b) 'n Werfaansluiting wat nie met 'n waterinstallasie verbind is nie en 'n individuele aansluiting by die munisipaliteit se sanitasiestelsel —

i) wat bestaan uit 'n ongemeterde staanpyp op 'n perseel wat nie met 'n wateraansluiting verbind is nie en 'n ingooi-spoeltoiletpan, wastrog en geskikte toiletbostruktuur wat met die munisipaliteit se sanitasiestelsel verbind is;

ii) wat gratis geïnstalleer is;

iii) wat deur die munisipaliteit in stand gehou word.

c) 'n Gemeterde drukwateraansluiting met 'n individuele verbinding met die munisipaliteit se sanitasiestelsel —

i) wat teen betaling van die toepaslike aansluitgelde geïnstalleer is;

ii) wat teen betaling van voorgeskrewe gelde verskaf word; en

iii) met water- en perseelrioolinstallasies wat deur die klant in stand gehou word.

HOOFSTUK 4: VOORWAARDES VIR WATERVOORSIENINGSDIENSTE

Deel 1: Aansluiting by watervoorsieningsdiens

77. Voorsiening van verbindingspyp

1. Indien 'n ooreenkoms vir watervoorsieningsdienste ten opsigte van 'n perseel aangegaan is en daar geen verbindingspyp ten opsigte van die perseel bestaan nie, moet die eienaar op die voorgeskrewe vorm aansoek doen en die vasgestelde geld vir die installering van so 'n pyp betaal.
2. Indien aansoek gedoen word vir watervoorsieningsdienste wat van so 'n omvang is of so geleë is dat dit nodig is om die watervoorsieningstelsel uit te brei, te verander of op te gradeer ten einde water aan die perseel te verskaf, kan die munisipaliteit tot die uitbreiding instem op voorwaarde dat die eienaar vir die koste van die uitbreiding, soos deur die Tegniese Bestuurder vasgestel, moet betaal.
3. Slegs die Tegniese Bestuurder mag 'n verbindingspyp installeer maar die eienaar of klant kan die waterinstallasie by die verbindingspyp aansluit.
4. Geen persoon mag 'n ontwikkeling op 'n perseel begin nie tensy die Tegniese Bestuurder 'n verbindingspyp en meter geïnstalleer het.

78. Ligging van verbindingspyp

1. 'n Verbindingspyp wat deur die Tegniese Bestuurder voorsien en geïnstalleer is, moet —

a) geleë wees in 'n posisie wat deur die Tegniese Bestuurder vasgestel is en van 'n geskikte grootte wees, soos deur die Tegniese Bestuurder vasgestel;

b) eindig by —

i) die grens van die grond wat aan die munisipaliteit behoort of by hom berus, of waarop hy 'n serwituut of ander reg het; of

ii) by die uitlaat van die watermeter of isoleerklep as dit op die perseel geleë is.

2. Die Tegniese Bestuurder kan, onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat die Tegniese Bestuurder kan stel, op versoek van enige persoon instem tot 'n ander aansluiting as die hoofleiding wat die geredelikste vir die verskaffing van water aan die perseel beskikbaar is; met dien verstande dat die aansoeker verantwoordelik is vir enige uitbreiding van die waterinstallasie tot by die aansluitpunt wat deur die munisipaliteit aangewys word en vir die verkryging, op sy koste, van enige serwituut op ander persele wat nodig mag wees.
3. 'n Eienaar moet die vasgestelde aansluitgelde vooruit betaal voordat 'n wateraansluiting bewerkstellig kan word.

79. Voorsiening van 'n enkele wateraansluiting vir verskafing aan verskeie klante op dieselfde perseel

1. Nieteenstaande die bepalings van artikel 12, mag slegs een verbindingspyp na die watervoorsieningstelsel vir die verskaffing van water aan 'n perseel voorsien word, ondanks die aantal akkommodasie-eenhede, besigheidseenhede of klante wat op so 'n perseel geleë is.
2. Waar die eienaar of die persoon wat 'n perseel beheer of bestuur waarop verskeie akkommodasie-eenhede geleë is, die verskaffing van water aan sodanige perseel vereis vir die doel van verskaffing aan die verskillende akkommodasie-eenhede, kan die Tegniese Bestuurder, na sy goeddunke, óf —

a) 'n enkele meettoestel ten opsigte van die perseel as 'n geheel of enige aantal sodanige akkommodasie-eenhede verskaf en installeer; óf

b) 'n afsonderlike meettoestel vir elke akkommodasie-eenheid of enige aantal daarvan verskaf en installeer.

3. Waar die Tegniese Bestuurder 'n enkele meettoestel geïnstalleer het soos in subartikel (2) (a) beoog word, moet die eienaar of die persoon wat in beheer of bestuur van die perseel is, na gelang van die geval —

a) op elke takpyp wat van die verbindingspyp tot by die verskillende akkommodasie-eenhede strek —

i) 'n afsonderlike meettoestel; en

ii) 'n isoleerklep installeer en in stand hou; en

iii) is hy teenoor die munisipaliteit aanspreeklik vir die gelde van alle water wat deur so 'n enkele meettoestel aan die perseel verskaf word, ongeag of die verskillende hoeveelhede deur die verskillende klante wat deur so 'n meettoestel bedien word, verbruik word.

4. Waar water deur 'n aantal verbindingspype aan 'n perseel verskaf word, kan die Tegniese Bestuurder van die eienaar vereis om die aantal aansluitpunte te verminder en sy waterinstallasie dienooreenkomstig te wysig.

80. Ontkoppeling van waterinstallasie van verbindingspyp

Die Tegniese Bestuurder kan 'n waterinstallasie van die verbindingspyp ontkoppel en die verbindingspyp verwyder by beëindiging van 'n ooreenkoms vir die verskaffing van die watervoorsieningsdienste ooreenkomstig die munisipaliteit se verordeninge betreffende kredietbeheer en skuldinvordering.

Deel 2: Standaarde

81. Hoeveelheid, gehalte en druk

Watervoorsieningsdienste wat deur die munisipaliteit verskaf word, moet voldoen aan die minimum standaarde wat vir die verskaffing van watervoorsieningsdienste ingevolge artikel 9 van die Wet gestel is.

82. Toets van druk in watervoorsieningstelsels

Die Tegniese Bestuurder kan, op aansoek van 'n eienaar en by betaling van die vasgestelde geld, die hoeveelheid druk in die watervoorsieningstelsel met betrekking tot sy perseel oor sodanige tydperk as wat die eienaar versoek, vasstel en aan die eienaar meedeel.

83. Besoedeling van water

'n Eienaar moet goedgekeurde maatreëls tref en handhaaf om te voorkom dat enige stof wat 'n gevaar vir gesondheid kan inhou of die drinkbaarheid van water nadelig kan beïnvloed of die geskiktheid daarvan vir gebruik kan beïnvloed —

a) die watertoevoerstelsel; en

b) enige deel van die waterinstallasie op sy perseel binnegaan.

84. Waterbeperkings

1. Die munisipaliteit kan vir die doeleindes van waterbewaring of waar, na sy mening, droogtetoestande binnekort kan voorkom, by openbare kennisgewing —

a) die verbruik van water in sy hele regsgebied of 'n deel daarvan verbied of beperk —

i) in die algemeen of vir gespesifiseerde doeleindes;

ii) gedurende gespesifiseerde ure van die dag of op gespesifiseerde dae; en

iii) op 'n gespesifiseerde wyse; en

b) (i) 'n beperking op die hoeveelheid water wat oor 'n gespesifiseerde tydperk verbruik mag word;

ii) gelde bykomend tot dié wat ten opsigte van die verskaffing van water wat 'n beperking oorskry wat subartikel (1)(b)(i) beoog word; en

iii) 'n algemene toeslag op die vasgestelde gelde ten opsigte van die verskaffing van water vasstel en instel; en

c) beperkings of 'n verbod op die gebruik van water of die wyse van gebruik of ligging van 'n toestel waarmee water gebruik of verbruik word, of op die aansluiting van sodanige toestelle by die waterinstallasie instel.

2. Die munisipaliteit kan die toepassing van die bepalings van 'n kennisgewing wat in subartikel (1) beoog word, tot gespesifiseerde gebiede en kategorieë klante of gebruikers van persele en aktiwiteite beperk, en kan afwykings en vrystellings en die verslapping van enigeen van sy bepalings toelaat waar daar rede is om dit te doen.

3. Die munisipaliteit —

a) kan sulke maatreëls, insluitende die installeer van meettoestelle en toestelle vir die beperking van die vloei van water tref, of by skriftelike kennisgewing 'n klant gelas om op sy eie onkoste sodanige maatreëls te tref as wat na sy mening nodig is om voldoening aan 'n kennisgewing wat ingevolge subartikel (1) gepubliseer is, te verseker; of

b) kan, onderworpe aan kennisgewing en vir sodanige tydperk as wat hy goed ag, die verskaffing van water aan 'n perseel beperk in die geval van 'n oortreding van hierdie verordeninge wat op of in sodanige perseel plaasvind of 'n versuim om aan die bepalings van 'n kennisgewing wat ingevolge subartikel (1) gepubliseer is, te voldoen; en

c) moet, waar die toevoer gestaak is, dit slegs herstel wanneer die vasgestelde geld vir staking en heraansluiting betaal is.

85. Spesifieke voorwaardes van verskaffing

1. Nieteenstaande die onderneming in artikel 15, maak die toestaan van waterverskaffing deur die munisipaliteit nie 'n onderneming deur hom uit om te eniger tyd of by enige punt in sy watervoorsieningstelsel—

a) 'n ononderbroke toevoer te handhaaf nie, behoudens die bepalings van regulasies 4 en 14 van Regulasie 22355 wat op 8 Junie 2003 ingevolge die Wet afgekondig is; of

b) 'n spesifieke druk of vloeitempo in sodanige toevoer te handhaaf nie, behalwe dié wat vereis word ingevolge regulasie 15(2) van Regulasie 22355 wat op 8 Junie 2003 ingevolge die Wet afgekondig is.

2. Die Tegniese Bestuurder kan, behoudens die bepalings van subartikel (1)(b), die maksimum druk waarteen water uit die watervoorsieningstelsel voorsien sal word, spesifiseer.

3. Indien 'n eienaar of klant vereis —

a) dat enigeen van die standaarde wat in subartikel (1) bedoel word ; of

b) 'n hoër diensstandaard as wat in artikel 15 gespesifiseer word;

c) op sy perseel gehandhaaf word, moet hy die nodige stappe doen om te verseker dat die beoogde waterinstallasie aan sodanige standaarde kan voldoen.

4. Die Tegniese Bestuurder kan, in 'n noodgeval, die verskaffing van water aan enige perseel sonder vooraf kennisgewing onderbreek.

5. Indien, na die mening van die Tegniese Bestuurder, die verbruik van water deur 'n klant die verskaffing van water aan 'n ander klant nadelig beïnvloed, kan hy sodanige beperkings as wat hy goed ag op die verskaffing van water aan die klant toepas om 'n redelike toevoer van water aan die ander klant te verseker, en hy moet daardie klant van die beperkings verwittig.
6. Die munisipaliteit is nie aanspreeklik vir enige skade aan eiendom wat veroorsaak word deur water wat vloei uit 'n waterinstallasie wat oop gelaat word wanneer die watertoevoer ná 'n onderbreking in toevoer herstel word nie.
7. Elke stoomketel, hospitaal, bedryf en enige perseel wat vir die doel van die werk wat op die perseel onderneem word 'n deurlopende toevoer water vereis, moet 'n opgaartenk hê wat moet voldoen aan die spesifikasies vir wateropgaartenks soos in SANS 0252 Deel 1 gestipuleer, met 'n inhoudsvermoë van nie minder nie as 24 uur se watervoorraad bereken as die hoeveelheid wat nodig is om die gemiddelde daaglikse verbruik te voorsien, waar water opgegaar kan word wanneer die deurlopende toevoer onderbreek word.
8. Geen klant mag water wat deur die munisipaliteit aan hom verskaf word, herverkoop nie, behalwe met die skriftelike toestemming van die munisipaliteit, wat die maksimum prys waarteen die water herverkoop mag word, kan stipuleer en sodanige ander voorwaardes wat die munisipaliteit goed ag, kan oplê.

Deel 3: Meting

86. Meting van hoeveelheid water wat verskaf word

1. Die Tegniese Bestuurder moet 'n meettoestel voorsien wat ontwerp is om óf 'n beheerde volume water óf 'n onbeheerde volume water aan 'n klant te voorsien.
2. Die munisipaliteit moet met gereelde tussenposes die hoeveelheid water wat verskaf word, deur 'n meettoestel meet wat ontwerp is om 'n onbeheerde volume water te verskaf.
3. 'n Meettoestel en sy gepaardgaande bybehore waardeur water deur die munisipaliteit aan 'n klant verskaf word, moet deur die Tegniese Bestuurder voorsien en geïnstalleer word, bly sy eiendom en kan deur die Tegniese Bestuurder verander en in stand gehou word wanneer hy meen dit is nodig om dit te doen.
4. Die Tegniese Bestuurder kan 'n meettoestel en die gepaardgaande bybehore op enige punt in die dienspyp installeer.
5. Indien die Tegniese Bestuurder ingevolge subartikel (4) 'n meettoestel op 'n dienspyp installeer, kan hy 'n seksie pyp en gepaardgaande bybehore tussen die eindpunt van sy verbindingspyp en die meter installeer, en daardie seksie maak deel van die waterinstallasie uit.
6. Indien die Tegniese Bestuurder ingevolge subartikel (4) 'n meettoestel saam met gepaardgaande bybehore op 'n dienspyp installeer, moet die eienaar —

a) 'n plek tot bevrediging van die Tegniese Bestuurder voorsien waar dit geïnstalleer kan word;

b) verseker dat onbeperkte toegang daartoe te alle tye beskikbaar is;

c) vir die beskerming daarvan verantwoordelik wees en aanspreeklikheid wees vir die koste wat spruit uit skade daaraan, uitgesonderd skade wat uit normale billike slytasie spruit;

d) verseker dat geen aansluiting aan die pyp waarin die meettoestel geïnstalleer is, tussen die meettoestel en die verbindingspyp wat die installasie bedien, gemaak word nie;

e) voorsiening maak vir die afloop van water wat uit die pyp waarin die meettoestel geïnstalleer is, gelaat mag word in die loop van werk wat deur die Tegniese Bestuurder aan die meettoestel gedoen word; en

f) nie enige waterinstallasie, enige toebehore, masjien of toestel wat skade veroorsaak of wat, na die mening van die Tegniese Bestuurder, waarskynlik skade aan 'n meter sal veroorsaak, gebruik of toelaat dat dit gebruik word nie.

7. Geen persoon buiten die Tegniese Bestuurder mag:

a) 'n meettoestel en die gepaardgaande bybehore van die pyp waarop dit geïnstalleer is, ontkoppel nie;

b) 'n seël wat die Tegniese Bestuurder op 'n meter geplaas het, breek nie; of

c) op enige ander wyse met 'n meettoestel en sy gepaardgaande bybehore inmeng nie.

8. Indien die Tegniese Bestuurder meen dat 'n meettoestel 'n meter is waarvan die grootte ongeskik is vanweë die hoeveelheid water wat aan die perseel verskaf word, kan hy 'n meter van 'n grootte wat hy nodig ag installeer en die vasgestelde geld vir die installering van die meter op die eienaar van die perseel verhaal.

9. Die munisipaliteit kan, op die eienaar se onkoste, vereis dat 'n meettoestel by elke wooneenheid in afsonderlike okkupasie op 'n perseel geïnstalleer word vir gebruik om die hoeveelheid water wat aan elke sodanige eenheid voorsien word, te bepaal; maar waar beheerdevolume-waterleweringstelsels gebruik word, kan 'n enkele meettoestel andersins vir meer as een eenheid gebruik word.

87. Hoeveelheid water wat aan klant verskaf word

1. Vir die doeleindes van die bepaling van die hoeveelheid water gemeet deur 'n meettoestel wat deur die Tegniese Bestuurder geïnstalleer is en oor 'n spesifieke tydperk aan 'n klant verskaf word, sal daar, vir die doeleindes van hierdie verordeninge, behalwe in strafregtelike verrigtinge, tensy die teendeel bewys word, veronderstel word dat —

a) die hoeveelheid, waar die meettoestel ontwerp is om 'n onbeheerde volume water te verskaf, die verskil is tussen metings wat aan die begin en aan die einde van daardie tydperk geneem is;

b) die hoeveelheid, waar die meettoestel ontwerp is om 'n beheerde volume water te verskaf, die volume is wat deur die meettoestel uitgemeet is;

c) die meettoestel gedurende daardie tydperk akkuraat was; en

d) die inskrywings in die rekords van die munisipaliteit korrek gemaak is; en

e) indien die water voorsien is aan, of geneem is deur, 'n klant sonder dat dit deur 'n meettoestel gevloei het, die raming deur die munisipaliteit van die hoeveelheid van daardie water veronderstel is wees korrek te wees, behalwe in strafregtelike verrigtinge, tensy die teendeel bewys word.

2. Waar water wat deur die munisipaliteit verskaf word op enige wyse deur die klant geneem word sonder dat die water deur 'n meettoestel vloei wat deur die munisipaliteit voorsien is, kan die munisipaliteit, vir die doel van die lewer van 'n rekening, die hoeveelheid water wat gedurende die tydperk wat die water aldus deur die klant geneem is, ingevolge subartikel (3) raam.

3. Vir die doeleindes van subartikel (2), moet 'n raming van die hoeveelheid water wat aan 'n klant verskaf word, soos die munisipaliteit mag besluit, gebaseer word op óf —

a) die gemiddelde maandelikse verbruik van water op die perseel wat aanteken is oor drie opeenvolgende meettydperke na die datum waarop 'n onreëlmatigheid wat in subartikel (2) bedoel word, ontdek en reggestel is, óf

b) die gemiddelde maandelikse verbruik van water op die perseel gedurende enige drie opeenvolgende meettydperke gedurende die twaalf maande onmiddellik voor die datum waarop 'n onreëlmatigheid wat in subartikel (2) bedoel word, ontdek is.

4. Niks wat in hierdie verordeninge vervat is, sal vertolk word as sou dit 'n verpligting op die munisipaliteit plaas om 'n meettoestel wat deur die Tegniese Bestuurder op 'n perseel geïnstalleer is, aan die einde van elke maand of enige ander vasgestelde tydperk te laat meet nie, en die munisipaliteit kan die klant 'n bedrag vra vir 'n gemiddelde verbruik gedurende die interval tussen opeenvolgende metings deur die meettoestel.
5. Tot die stadium wanneer 'n meettoestel geïnstalleer is ten opsigte van water wat aan 'n klant verskaf word, moet die geraamde of gedeelde verbruik van daardie klant gedurende 'n spesifieke tydperk gebaseer word op die gemiddelde verbruik van water wat aan die spesifieke voorsieningsone waarbinne die klant se perseel geleë is, verskaf is.
6. Waar, na die mening van die Tegniese Bestuurder, dit nie redelik moontlik of koste-effektief is om water te meet wat aan elke klant binne 'n vasgestelde voorsieningsone verskaf is nie, kan die munisipaliteit 'n tarief of geld baseer op die geraamde of gedeelde verbruik van water wat aan daardie voorsieningsone verskaf is, vasstel.
7. Die munisipaliteit moet binne sewe dae na ontvangs van 'n skriftelike kennisgewing van die klant en onderworpe aan die betaling van die vasgestelde geld, op 'n ander tyd of dag as wat dit normaalweg gemeet sou word, die hoeveelheid water meet wat aan die klant verskaf is.
8. Indien 'n oortreding van subartikel (7) plaasvind, moet die klant die koste van die hoeveelheid water wat na die mening van die munisipaliteit aan hom verskaf is, aan die munisipaliteit betaal.

88. Spesiale meting

1. Indien die Tegniese Bestuurder, vir ander doeleindes as om 'n bedrag te vra vir water wat verbruik is, die hoeveelheid water wat in 'n deel van 'n waterinstallasie gebruik is, moet bepaal, kan hy, by skriftelike kennisgewing, die eienaar in kennis stel van sy voorneme om 'n meettoestel op enige punt in die waterinstallasie wat hy mag spesifiseer, te installeer.
2. Die installering van 'n meettoestel wat in subartikel (1) bedoel word, die verwydering daarvan, en die herstel van die waterinstallasie na so 'n verwydering, moet op die onkoste van die munisipaliteit gedoen word.
3. Die bepalings van artikels 20(5) en 20(6) is, in soverre dit van toepassing kan wees, van toepassing ten opsigte van 'n meettoestel wat ingevolge subartikel (1) geïnstalleer is.

89. Geen vermindering van bedrag betaalbaar vir verkwiste water

'n Klant is nie geregtig op 'n vermindering van die bedrag wat betaalbaar is vir water wat verkwis is of in 'n waterinstallasie verlore gegaan het nie.

Deel 4: Oudit

90. Wateroudit

1. Die munisipaliteit kan binne een maand na die einde van 'n finansiële jaar van die munisipaliteit van 'n klant vereis om op sy eie koste 'n wateroudit te doen.
2. Die oudit moet ten minste die volgende behels en daaroor verslag doen —

a) die hoeveelheid water wat gedurende die finansiële jaar gebruik is;
b) die bedrag wat vir die finansiële jaar vir water betaal is;
c) die aantal mense wat op die standplaas of perseel woon;
d) die aantal mense op die standplaas of perseel wat permanent werk;
e) die seisoenale wisseling in vraag deur maandelikse verbruiksyfers;

f) die waterbesoedelingsmoniteringsmetodes;

g) die huidige inisiatiewe vir die bestuur van die aanvraag na water;

h) die planne om sy aanvraag na water te bestuur;

i) 'n vergelyking van die verslag met enige verslag wat gedurende die vorige drie jaar gedoen is;

j) ramings van verbruik deur verskillende komponente van gebruik; en

k) 'n vergelyking van bogenoemde faktore met dié waarvoor daar in elk van die vorige drie jare verslag gedoen is, indien beskikbaar.

Deel 5: Installeerwerk

91. Goedkeuring van installeerwerk

1. Indien 'n eienaar installeerwerk gedoen wil hê, moet hy eers die munisipaliteit se skriftelike goedkeuring verkry; met dien verstande dat goedkeuring nie vereis word nie in die geval van waterinstallasies in wooneenhede of installasies waar geen brandinstallasie ingevolge SANS 0400 of ingevolge enige munisipale verordeninge vereis word nie, of vir die herstel of vervanging van 'n bestaande pyp of watertoebehoorsel behalwe 'n vaste waterverhitter en sy gepaardgaande beskermingstoestelle nie.

2. Aansoeke om die goedkeuring wat in subartikel (1) bedoel word, moet op die voorgeskrewe vorm gedoen word en vergesel gaan van —

a) die vasgestelde geld, indien van toepassing; en

b) afskrifte van die tekeninge soos deur die munisipaliteit vasgestel kan word, wat inligting verstrek in die vorm wat deur klousule 4.1.1 van SANS-kode 0252: Deel I, vereis word;

c) 'n sertifikaat wat sertifiseer dat die installasie ooreenkomstig SANS-kode 0252: Deel I deur 'n professionele Tegniese Bestuurder ontwerp is.

3. Magtiging wat ingevolge subartikel (1) verleen is, verval na verstryking van 'n tydperk van vier en twintig maande.

4. Waar goedkeuring ingevolge subartikel (1) vereis word, moet 'n volledige stel goedgekeurde tekeninge van die installeerwerk te alle tye totdat die werk voltooi is, op die plek van die werk beskikbaar wees.

5. Indien installeerwerk strydig met subartikel (1) of (2) gedoen is, kan die munisipaliteit van die eienaar vereis —

a) om die oortreding binne 'n gespesifiseerde tydperk reg te stel;

b) indien werk aan die gang is, om die werk te staak; en

c) om al sodanige werk wat nie aan hierdie verordeninge voldoen nie, te verwyder.

92. Persone toegelaat om installeer- en ander werk te doen

1. Slegs 'n loodgieter, 'n persoon wat onder die beheer van 'n loodgieter werk, of 'n ander persoon wat skriftelik deur die munisipaliteit gemagtig is, word toegelaat om:

a) installeerwerk buiten die vervanging of herstel van 'n bestaande pyp of watertoebehoorsel te doen;

b) 'n vaste waterverhitter of sy gepaardgaande beskermingstoestelle te vervang;

c) 'n waterinstallasie, brandinstallasie of opgaartenk te inspekteer, te ontsmet en te toets;

d) 'n terugvloeisperder te versien, te herstel of te vervang; of

e) 'n meter wat deur 'n eienaar in 'n waterinstallasie voorsien is, te installeer, in stand te hou of te vervang.

2. Geen persoon mag 'n persoon wat nie 'n loodgieter is nie, gebruik of in diens neem om die werk te doen wat in subartikel (1) bedoel word nie.
3. Nieteenstaande die bepalings van subartikel (1), kan die munisipaliteit 'n persoon wat nie 'n loodgieter is nie, toelaat om installeerwerk namens homself op 'n perseel wat aan hom behoort en alleenlik deur hom en sy onmiddellike huishouding geokkupeer word, te doen, met dien verstande dat sodanige werk deur 'n loodgieter onder leiding van die Tegniese Bestuurder geïnspekteer en goedgekeur moet word.

93. Verskaffing en instandhouding van waterinstallasies

1. 'n Eienaar moet sy waterinstallasie op sy eie koste voorsien en in stand hou en, behalwe waar toegelaat ingevolge artikel 96, toesien dat die installasie binne die grens van sy perseel geleë is.
2. 'n Eienaar moet 'n isoleerklep op 'n geskikte plek op 'n dienspyp onmiddellik binne die grens van die eiendom installeer in die geval van 'n meter wat buite die grens geïnstalleer is, en in die geval van 'n meter wat op die perseel geïnstalleer is, op 'n geskikte plek op sy dienspyp.
3. Voordat werk in verband met die instandhouding van 'n gedeelte van sy waterinstallasie wat buite die grens van sy perseel geleë is, gedoen word, moet 'n eienaar die skriftelike toestemming van die munisipaliteit of die eienaar op wie se grond die gedeelte geleë is, na gelang van die geval, verkry.

94. Tegniese vereistes vir 'n waterinstallasie

Nieteenstaande die vereiste dat 'n sertifikaat ingevolge artikel 25 van die Nationale Water Wet, No.36 van 1998 uitgereik moet word, moet alle waterinstallasies aan SANS 0252 Deel 1 voldoen en alle vaste elektriese warmwateropgaarders moet aan SANS 0254 voldoen.

95. Gebruik van pype en watertoebehore moet gemagtig word

1. Geen persoon mag, sonder die voorafverkreë skriftelike magtiging van die Tegniese Bestuurder, 'n pyp of watertoebehoorsel in 'n waterinstallasie binne die munisipaliteit se regsgebied installeer of gebruik nie, tensy dit ingesluit is by die Skedule van Goedgekeurde Pype en Toebehore soos deur die munisipaliteit saamgestel.
2. Aansoek om die insluiting van 'n pyp of watertoebehoorsel by die Skedule wat in subartikel (1) bedoel word, moet gedoen word op die vorm wat deur die munisipaliteit voorgeskryf word.
3. 'n Pyp of watertoebehoorsel mag nie by die Skedule wat in subartikel (1) bedoel word, ingesluit word nie, tensy dit —

a) die standaardisasiemerk van die Suid-Afrikaanse Buro van Standaarde ten opsigte van die toepaslike SANS-spesifikasie wat deur die Buro uitgereik is, op het nie;

b) 'n sertifiseringsmerk wat deur die SANS uitgereik is, op het om te sertifiseer dat die pyp of watertoebehoorsel aan 'n SANS-merkspesifikasie of 'n voorlopige spesifikasie wat deur SANS uitgereik is, voldoen, met dien verstande dat geen sertifiseringsmerke uitgereik mag word vir 'n tydperk wat twee jaar oorskry nie; of

c) vir die munisipaliteit aanvaarbaar is.

4. Die munisipaliteit kan, ten opsigte van 'n pyp of watertoebehoorsel wat by die Skedule ingesluit is, sodanige bykomende voorwaardes stel wat hy ten opsigte van die gebruik of metode van installasie nodig mag ag.
5. 'n Pyp of watertoebehoorsel moet uit die Skedule verwyder word as dit —

a) nie meer voldoen aan die maatstawwe waarop die insluiting daarvan gebaseer is nie; of

b) nie meer geskik is vir die doel waarvoor die gebruik daarvan aanvaar is nie.

6. Die huidige Skedule moet te eniger tyd gedurende werkure by die kantoor van die munisipaliteit ter insae beskikbaar wees.

7. Die munisipaliteit kan afskrifte van die huidige Skedule teen 'n vasgestelde geld verkoop.

96. Etikettering van eindwatertoebehore en -toestelle

Alle eindwatertoebehore en –toestelle wat water gebruik of uitlaat moet gemerk word of die volgende inligting by sy verpakking insluit:

a) die drukstrek in kPa waaroor die watertoebehore of –toestel ontwerp is om te werk.

b) Die vloeitempo, in liter per minuut, in verhouding tot die ontwerpdrukstrek, met dien verstande dat hierdie inligting vir ten minste die volgende druk gegee moet word: 20 kPa, 100kPa en 400 kPa.

97. Wateraanvraagbestuur

1. In 'n waterinstallasie waar die dinamiese waterdruk meer as 200 kPa by 'n stortbeheerklep is, en waar die loodgieterswerk ontwerp is om 'n balans tussen die waterdruk op die warm- en kouewatertoevoer na die stortbeheerklep te bereik, mag 'n stortkop met 'n maksimum vloeitempo van meer as 10 liter per minuut nie geïnstalleer word nie.

2. Die maksimum vloeitempo uit enige kraan wat op 'n handewasbak geïnstalleer is, mag nie 6 liter per minuut oorskry nie.

Deel 6: Gemeenskapswatervoorsieningsdienste

98. Verskaffing van watervoorsiening aan verskeie klante

1. Die Tegniese Bestuurder kan 'n gemeenskapstaanpyp vir die verskaffing van watervoorsieningsdienste aan verskeie klante by 'n plek installeer wat hy gepas ag, met dien verstande dat 'n meerderheid van verbruikers, wat na die mening van die Tegniese Bestuurder 'n aansienlike meerderheid uitmaak en aan wie waterdienste deur die staanpyp verskaf gaan word, deur hom of die munisipaliteit geraadpleeg is.

2. Die Tegniese Bestuurder kan gemeenskapswatervoorsieningsdienste verskaf deur 'n gemeenskapsinstallasie wat ontwerp is om 'n beheerde volume water aan verskeie verbruikers te voorsien.

Deel 7: Tydelike watervoorsieningsdienste

99. Water wat uit 'n brandkraan verskaf word

1. Die Tegniese Bestuurder kan 'n tydelike watertoevoer wat uit een of meer brandkrane geneem moet word wat deur hom gespesifiseer word, magtig, onderworpe aan sodanige voorwaardes en vir 'n tydperk wat hy kan voorskryf en betaling van sodanige toepaslike gelde, insluitende 'n deposito, as wat van tyd tot tyd deur die munisipaliteit vasgestel kan word.

2. 'n Persoon wat 'n tydelike watertoevoer wil verkry wat in subartikel (1) bedoel word, moet 'n deposito betaal wat van tyd tot tyd deur die munisipale raad vasgestel word.

3. Die Tegniese Bestuurder moet 'n verplaasbare watermeter en alle ander toebehore en bybehore wat vir die tydelike verskaffing van water uit 'n brandkraan nodig is, voorsien.

4. Die verplaasbare meter en alle ander toebehore en bybehore wat vir die tydelike verskaffing van water uit 'n brandkraan verskaf word, bly die eiendom van die munisipaliteit en moet by beëindiging van die tydelike verskaffing van water aan die munisipaliteit terugbesorg word.

Versuim om die verplaasbare meter en alle ander toebehore en bybehore terug te besorg, sal die oplê van strawwe wat van tyd tot tyd deur die munisipaliteit bepaal word, tot gevolg hê.

Deel 8: Boorgate

100. Kennisgewing van boorgate

1. Geen persoon mag 'n boorgat sink op 'n perseel wat in 'n dolomietgebied geleë is nie, en voordat 'n boorgat gesink word, moet 'n persoon vasstel of die perseel waarop die boorgat gesink gaan word, binne 'n dolomietgebied geleë is.
2. Die munisipaliteit kan, by openbare kennisgewing —

a) van die eienaar van 'n perseel binne 'n gebied van die munisipaliteit waarop 'n boorgat bestaan of, as die eienaar nie sodanige perseel okkupeer nie, die okkupeerder, vereis om hom kennis te gee van die bestaan van 'n boorgat op sodanige perseel, en hom van sodanige inligting oor die boorgat wat hy kan vereis, te voorsien; en

b) van die eienaar of okkupeerder van 'n perseel wat voornemens is om 'n boorgat op die perseel te sink, vereis om hom op die voorgeskrewe vorm kennis te gee van sy voorneme om dit te doen voordat daar begin word met enige werk in verband met die sink daarvan.

3. Die munisipaliteit kan van die eienaar of okkupeerder van 'n perseel wat voornemens is om 'n boorgat te sink, vereis om, tot voldoening van die munisipaliteit, 'n omgewingsimpakbeoordeling van die voorgenome boorgat te doen voordat dit gesink word.
4. Die munisipaliteit kan, by kennisgewing aan 'n eienaar of okkupeerder of by openbare kennisgewing, van 'n eienaar of okkupeerder wat 'n bestaande boorgat het wat vir watervoorsieningsdienste gebruik word, vereis om —

a) goedkeuring van hom te verkry vir die gebruik van 'n boorgat vir drinkbare watervoorsieningsdienste ooreenkomstig artikels 6, 7 en 22 van die Wet; en

b) voorwaardes stel ten opsigte van die gebruik van 'n boorgat vir drinkbare waterdienste.

Deel 9: Branddienste-aansluitings

101. Aansluiting moet deur die munisipaliteit goedgekeur word

1. Die Tegniese Bestuurder is na sy absolute goeddunke geregtig om 'n aansoek om die aansluiting van 'n brandbestrydingsinstallasie by die munisipaliteit se hoofleiding toe te staan of te weier.
2. Geen water mag aan 'n brandbestrydingsinstallasie voorsien word nie alvorens 'n sertifikaat dat die munisipaliteit se goedkeuring gevolge artikel 25 van die Nationale Water Wet, No.36 van 1998 verkry is en dat die installasie aan die vereistes van hierdie en ander verordeninge van die munisipaliteit voldoen, ingedien is.
3. Indien, na die Tegniese Bestuurder se mening, 'n brandbestrydingsinstallasie wat hy toegelaat het om met die munisipaliteit se hoofleiding verbind te word, nie in 'n behoorlike werkende toestand gehou word nie, of andersins nie behoorlik in stand gehou word nie, of gebruik word vir ander doeleindes as brandbestryding, dan sal hy geregtig wees om óf te vereis dat die installasie van die hoofleiding ontkoppel word óf self die werk van ontkoppeling op die klant se onkoste te doen.

102. Spesiale bepalings

Die bepalings van SANS 0252-1 is van toepassing op die voorsiening van water vir brandbestrydingsdoeleindes.

103. Dubbel- en gekombineerde installasies

Alle nuwe geboue wat na die inwerkingtreding van hierdie verordeninge opgerig word, moet aan die volgende vereistes met betrekking tot die verskaffing van brandbestrydingsdienste voldoen:

a) Indien aanja van die stelsel vereis word, moet 'n dubbelpypstelsel gebruik word, een vir brandbestrydingsdoeleindes en die ander vir algemene huishoudelike doeleindes.

b) Gekombineerde installasies mag net toegelaat word waar geen aanjapompaansluiting op die waterinstallasie verskaf word nie. In sulke gevalle moet 'n brandkraan deur die munisipaliteit, op die klant se onkoste, binne 90 meter van die eiendom voorsien word om 'n bron van water te verskaf wat die brandweerwa kan gebruik om brande te blus.

c) Gekombineerde installasies waar 'n aanjapompaansluiting verskaf word, mag net toegelaat word as dit deur 'n professionele Tegniese Bestuurder ontwerp en gesertifiseer is.

d) Alle pype en toebehore moet in staat wees om druk van meer as 1 800 kPa te kan hanteer, as daardie druk verwag kan word wanneer aanja plaasvind, en moet hulle integriteit kan handhaaf wanneer hulle aan brandtoestande blootgestel word.

104. Verbindingspype vir brandbestrydingsdienste

1. Na die inwerkingtreding van hierdie verordeninge, moet 'n enkelverbindingspyp vir beide brand (uitgesonderd sprinkelstelsels) en drinkbare watervoorsieningsdienste deur die Tegniese Bestuurder verskaf word.

2. Die Tegniese Bestuurder moet, op die koste van die eienaar, 'n kombinasiemeter op die verbindingspyp wat in subartikel (1) bedoel word, verskaf en installeer.

3. 'n Afsonderlike verbindingspyp moet vir elke sprinkelbrandbestrydingstelsel gelê en gebruik word, tensy die Tegniese Bestuurder sy goedkeuring tot die teendeel gee.

4. 'n Verbindingspyp moet toegerus wees met 'n meettoestel wat nie die vloei van water sal belemmer terwyl die toestel werk nie.

105. Kleppe en meters in verbindingspype

Elke verbindingspyp na 'n brandbestrydingsinstallasie moet toegerus wees met kleppe en 'n meettoestel wat:

a) op die onkoste van die klant deur die Tegniese Bestuurder voorsien is;

b) tussen die klant se eiendom en die hoofleiding geïnstalleer word; en

c) in 'n posisie geïnstalleer word wat deur die Tegniese Bestuurder bepaal kan word.

106. Meters in brandbestrydingsverbindingspype

Die Tegniese Bestuurder is geregtig om 'n watermeter in enige verbindingspyp uitsluitlik vir brandbestrydingsdoeleindes te installeer en die eienaar van die perseel is aanspreeklik vir alle koste om dit te doen as dit vir die munisipaliteit lyk asof water uit die pyp vir ander doeleindes as vir die doel van bestryding van 'n brand gebruik is.

107. Sprinkelblusinstallasie

'n Sprinkelinstallasie kan regstreeks op die hoofleiding geïnstalleer word, maar die munisipaliteit kan nie geag word enige gespesifiseerde druk te eniger tyd te waarborg nie.

108. Drukhoogtetenk of dubbeltoevoer van hoofleiding af

1. Die klant moet 'n drukhoogtetenk op so 'n elevasie installeer dat dit vergoed vir enige onderbreking of vermindering van druk in die munisipaliteit se hoofleiding vir sy sprinkelinstallasie, tensy hierdie installasie van 'n duplikaattoevoer van 'n afsonderlike hoofleiding voorsien is.
2. Die hoofleidingpyp wat van 'n drukhoogtetenk na die sprinkelinstallasie lei, kan in regstreekse kommunikasie met die hoofleiding wees, met dien verstande dat die hoofleiding toegerus moet wees met 'n terugslagklep wat, indien die druk in die hoofleiding om enige rede onderbreek of verminder word, die toevoer van die hoofleiding sal afsluit.
3. Waar 'n sprinkelinstallasie van 'n duplikaattoevoer vanaf 'n afsonderlike hoofleiding voorsien is, moet elke toevoerpyp toegerus wees met 'n terugslagklep wat binne die perseel geleë is.

109. Verseël van privaat brandkrane

1. Behalwe waar 'n stelsel 'n gekombineerde stelsel met 'n kombinasiemeter is, moet alle privaat brandkrane en slangtolle deur die munisipaliteit verseël word, en die seëls mag nie, buiten vir die doeleindes om die brandkraan oop te maak of die slang te gebruik wanneer daar 'n brand is, gebreek word deur enige ander persoon as die munisipaliteit in die loop van versiening en toetsing nie.
2. Die klant moet die munisipaliteit minstens 48 uur kennis gee voordat 'n brandbestrydingsinstallasie versien en getoets word.
3. Die koste van die herverseëling van brandkrane en slangtolle moet deur die klant gedra word, behalwe wanneer die seëls deur die munisipaliteit se beamptes vir toetsdoeleindes gebreek word.
4. Die klant moet vir enige water wat deur 'n brandinstallasie- of sprinkelstelsel verbruik word, betaal teen die gelde wat deur die munisipaliteit vasgestel is.

HOOFSTUK 5: VOORWAARDES VIR SANITASIEDIENSTE

Deel 1: Aansluiting by sanitasiestelsel

110. Verpligting om by sanitasiestelsel aan te sluit

1. Alle persele waarop rioolvuil ontstaan, moet by die munisipaliteit se sanitasiestelsel aangesluit word as daar 'n aansluitriool beskikbaar is of as dit redelik moontlik of koste-effektief vir die munisipaliteit is om 'n aansluitriool te installeer, tensy goedkeuring vir die gebruik van terreinsanitasiedienste ooreenkomstig artikel 98 verkry is.
2. Die munisipaliteit kan, by kennisgewing, van die eienaar van 'n perseel wat nie by die munisipaliteit se sanitasiestelsel aangesluit is nie, vereis om by die sanitasiestelsel aan te sluit.
3. 'n Eienaar van 'n perseel van wie ooreenkomstig subartikel (1) vereis word om daardie perseel by die munisipaliteit se sanitasiestelsel aan te sluit, moet die munisipaliteit skriftelik in kennis stel van enige sanitasiedienste wat deur die munisipaliteit op die terrein verskaf word wat as gevolg van die aansluiting by die sanitasiestelsel nie meer nodig sal wees nie.
4. Die eienaar sal aanspreeklik wees vir enige gelde wat ten opsigte van sanitasiedienste op die terrein betaalbaar is totdat 'n ooreenkoms vir die lewer van daardie dienste ooreenkomstig die munisipaliteit se verordeninge betreffende kredietbeheer en skuldinvordering beëindig is.
5. Indien die eienaar versuim om die perseel by die sanitasiestelsel aan te sluit na 'n kennisgewing ingevolge subartikel (2), kan die munisipaliteit, ondanks enige ander stappe wat hy ingevolge hierdie verordeninge kan doen, 'n boete oplê wat deur hom vasgestel is.

111. Voorsiening van aansluitriool

1. Indien 'n ooreenkoms vir sanitasiedienste ten opsigte van 'n perseel ooreenkomstig die munisipaliteit se verordeninge betreffende kredietbeheer en skuldinvordering aangegaan is en geen aansluitriool ten opsigte van die perseel bestaan nie, moet die eienaar op die voorgeskrewe vorm aansoek doen en die tariewe en gelde betaal wat deur die munisipaliteit vir die installering van 'n aansluitriool vasgestel is.
2. Indien aansoek gedoen word vir sanitasiedienste wat van so 'n omvang is of so geleë is dat dit nodig word om die sanitasiestelsel uit te brei, te verander of op te gradeer ten einde sanitasiedienste aan 'n perseel te verskaf, kan die munisipaliteit tot die uitbreiding instem slegs as die eienaar vir die koste, soos deur die Tegniese Bestuurder vasgestel, van die uitbreiding, verandering of opgradering betaal of onderneem om daarvoor te betaal.
3. Slegs die Tegniese Bestuurder kan 'n aansluitriool installeer of 'n geïnstalleerde aansluitriool goedkeur; maar die eienaar of klant kan die sanitasie-installasie by die verbindingspyp aansluit.
4. Geen persoon mag 'n ontwikkeling op 'n perseel begin nie tensy die Tegniese Bestuurder 'n aansluitriool geïnstalleer het.

112. Ligging van aansluitriool

1. 'n Aansluitriool wat deur die Tegniese Bestuurder voorsien en geïnstalleer is, moet —

a) geleë wees in 'n posisie wat deur die Tegniese Bestuurder bepaal is en van 'n geskikte grootte wees wat deur die Tegniese Bestuurder bepaal is; en

b) eindig by —

i) die grens van die perseel; of

ii) by die aansluitpunt as dit op die perseel geleë is.

2. Die Tegniese Bestuurder kan, op versoek van die eienaar van 'n perseel, 'n aansluiting aan 'n ander aansluitriool as een wat die mees geredelike beskikbaar vir die verskaffing van sanitasiedienste aan die perseel is, goedkeur, onderworpe aan enige voorwaardes wat hy mag stel; in welke geval die eienaar verantwoordelik is vir enige uitbreiding van die perseelrioolinstallasie tot by die aansluitpunt wat deur die munisipaliteit aangewys is en om, op sy eie koste, 'n serwituut op 'n ander perseel te verkry wat nodig is.
3. Waar daar van 'n eienaar vereis word om 'n rioolvuilhefpomp te voorsien soos ingevolge die Bouregulasies bepaal word, of die perseel op 'n vlak is waar die perseelrioolinstallasie nie deur swaartekragwerking na die riool kan afloop nie, is die aflooptempo en -tyd aan die goedkeuring van die munisipaliteit onderworpe.
4. Die eienaar van 'n perseel moet die aansluitgelde en tariewe wat deur die munisipaliteit vasgestel is, betaal voordat 'n aansluiting by die aansluitriool bewerkstellig kan word.

113. Voorsiening van een aansluitriool vir verskeie verbruikers op dieselfde perseel

1. Nieteenstaande die bepalings van artikel 46, kan net een aansluitriool in die sanitasiestelsel voorsien word vir die wegdoening van rioolvuil van 'n perseel, ongeag die aantal akkommodasie-eenhede of verbruikers wat op sodanige perseel geleë is.
2. Nieteenstaande subartikel (1), kan die munisipaliteit magtig dat meer as een aansluitriool in die sanitasiestelsel voorsien word vir die wegdoening van rioolvuil van 'n perseel wat uit deeltiteleenhede bestaan of indien, na die mening van die munisipaliteit, onnodige ontbering of ongerief vir 'n verbruiker op so 'n perseel deur die voorsiening van net een aansluitriool veroorsaak sal word.
3. Waar die voorsiening van meer as een aansluitriool deur die munisipaliteit kragtens subartikel (2) gemagtig word, is die tariewe en gelde vir die voorsiening van 'n aansluitriool betaalbaar ten opsigte van elke rioolvuilaansluiting aldus voorsien.

114. Tussenaansluiting tussen persele

'n Eienaar van 'n perseel moet toesien dat geen tussenaansluiting tussen die perseelrioolinstallasie op sy perseel en die perseelrioolinstallasie op 'n ander perseel bestaan nie, tensy hy vooraf goedkeuring by die munisipaliteit gekry het en voldoen aan enige voorwaardes wat die munisipaliteit mag gestel het.

115. Ontkoppeling van aansluitriool

Die Tegniese Bestuurder kan 'n perseelrioolinstallasie van die verbindingspyp ontkoppel en die verbindingspyp verwyder by beëindiging van 'n ooreenkoms vir die voorsiening van watervoorsieningsdienste ooreenkomstig die munisipaliteit se verordeninge betreffende kredietbeheer en skuldinvordering.

Deel 2: Standaarde

116. Standaarde vir sanitasiedienste

Sanitasiedienste wat deur die munisipaliteit verskaf word, moet voldoen aan die minimum standaarde wat ingevolge artikel 9 van die Wet vir die verskaffing van sanitasiedienste gestel is.

Deel 3: Metodes vir die vasstelling van gelde

117. Meting van hoeveelheid huishoudelike uitvloeisel uitgelaat

1. Vanaf 1 Julie 2003 word die hoeveelheid huishoudelike uitvloeisel wat uitgelaat word, bepaal as 'n persentasie van water wat deur die munisipaliteit verskaf word; met dien

verstande dat, waar die munisipaliteit van mening is dat so 'n persentasie ten opsigte van 'n spesifieke perseel buitensporig is met inagneming van die doeleindes waarvoor water op daardie perseel verbruik word, die munisipaliteit die persentasie wat op daardie perseel van toepassing is, kan verminder tot 'n syfer wat, na sy mening en in die lig van die beskikbare inligting, die verhouding tussen die waarskynlike hoeveelheid rioolvuil wat van die perseel uitgelaat word en die hoeveelheid water wat verskaf is, weerspieël.

2. Waar 'n perseel van water voorsien word uit 'n ander bron as, of bykomend tot, die munisipaliteit se watervoorsieningstelsel, insluitende onttrekking uit 'n rivier of boorgat, moet die hoeveelheid 'n persentasie wees van die totale water wat op daardie perseel gebruik word wat redelik deur die munisipaliteit geraam word.

118. Meting van hoeveelheid en vasstelling van gehalte van nywerheidsuitvloeisel uitgelaat

1. Die hoeveelheid nywerheidsuitvloeisel wat in die sanitasiestelsel uitgelaat word moet vasgestel word —

a) waar 'n meettoestel geïnstalleer is, deur die hoeveelheid nywerheidsuitvloeisel wat van die perseel uitgelaat word soos gemeet deur die meettoestel; of

b) totdat 'n meettoestel geïnstalleer word, deur 'n persentasie van die water wat deur die munisipaliteit aan daardie perseel verskaf word.

2. Die munisipaliteit kan van die eienaar van 'n perseel vereis om 'n perseelrioolinstallasie wat nywerheidsuitvloeisel vervoer by 'n riool, 'n beheermeter, meter of ander toestel van 'n goedgekeurde soort en onder beheer van die munisipaliteit in te sluit met die doel om, tot voldoening van die munisipaliteit, die tempo, volume en samestelling van die uitvloeisel te bepaal.

3. (3) Die munisipaliteit kan 'n beheermeter, meter of toestel wat in subartikel (2) bedoel word, installeer op die koste van die eienaar van die perseel waarop dit geïnstalleer word.

4. Waar water uit 'n ander bron as, of bykomend tot, die munisipaliteit se watervoorsieningstelsel, insluitende onttrekking uit 'n rivier of boorgat, aan 'n perseel verskaf word, sal die hoeveelheid 'n persentasie wees van die totale water wat op daardie perseel verbruik is wat redelik deur die munisipaliteit geraam word.

5. Waar 'n gedeelte van die water wat aan die perseel verskaf word, deel uitmaak van die eindproduk van 'n vervaardigingsproses of deur reaksie of verdamping gedurende die vervaardigingsproses of om enige ander rede verlore gaan, kan die munisipaliteit op aansoek van die eienaar die geskatte hoeveelheid nywerheidsuitvloeisel verminder.

6. Die munisipaliteit kan, na sy goeddunke, 'n ooreenkoms met 'n persoon wat nywerheidsuitvloeisel in die sanitasiestelsel uitlaat aangaan om 'n alternatiewe metode van skatting van die hoeveelheid en tempo van uitvloeisel wat aldus uitgelaat word, te bepaal.

7. Gelde wat met die gehalte van nywerheidsuitvloeisel verband hou, sal gebaseer wees op die formule vir nywerheidsuitvloeiseluitlaat soos in Skedule C voorgeskryf.

8. Die volgende voorwaardes is van toepassing ten opsigte van die skatting van die gehalte van nywerheidsuitvloeisel uitgelaat:

a) elke klant moet die voorgeskrewe toets doen volgens 'n gereelde skedule soos waarvoor daar voorsiening gemaak is in die goedkeuring om nywerheidsuitvloeisel uit te laat, en aan die munisipaliteit oor die resultate verslag doen;

b) die munisipaliteit kan steekproefvoldoeningstoetse doen om dit te korreleer met dié wat in subartikel (a) gebruik is en, indien teenstrydighede gevind word, word veronderstel dat die waardes van die munisipaliteit juis is, behalwe vir die doeleindes van strafregtelike verrigtinge, en verdere toetse kan deur die munisipaliteit vereis word om, op die koste van die verbruiker, die waardes vir die formule vas te stel;

c) die gemiddelde van die waardes van die verskillende ontledingsresultate van 24 uurliks-saamgestelde of los monsters van die uitvloeisel, geneem gedurende die uitlaattydperk, sal gebruik word om die gehaltegelde wat betaalbaar is, vas te stel;

d) in die afwesigheid van 'n volledige daaglikse stel van 24 uurliks-saamgestelde of los monsters, sal die gemiddeld van nie minder nie as twee waardes van die bemonsterde uitvloeisel, geneem gedurende die uitlaattydperk, gebruik word om die gelde wat betaalbaar is vas te stel;

e) ten einde die sterkte (chemiese suurstofbehoefte, gesuspendeerde vastestofkonsentrasie, ammoniakkonsentrasie en orto-fosfaatkonsentrasie) in die uitvloeisel asook die konsentrasie van Groep 1- en 2-metale, p-waarde en geleivermoë te bepaal, sal die munisipaliteit die toetse gebruik wat normaalweg deur munisipaliteite vir hierdie onderskeie doeleindes gebruik word. Besonderhede van die toepaslike toets kan by die munisipaliteit of die SANS vasgestel word. Toetsresultate van 'n laboratorium, deur die munisipaliteit geakkrediteer, sal voorrang hê bo dié van die munisipaliteit;

f) die formule word bereken op die grondslag van die verskillende ontledingsresultate van individuele los monsters of saamgestelde monsters en die tydperk van behandeling vir berekening mag nie minder wees nie as een volle 24-uur-tydperk; tensy bewys aan die munisipaliteit voorgelê word dat 'n korter tydperk eintlik toepaslik is;

g) die terme van die ontmoedigingsformule kan nie 'n negatiewe waarde aanneem nie;

h) die totale stelselwaardes vir gehaltegelde moet konstant bly vir 'n aanvanklike tydperk van een maand, maar in elk geval nie langer nie as twaalf maande vanaf die datum van die inwerkingtreding van hierdie gelde, na verstryking waarvan dit van tyd tot tyd gewysig of hersien kan word, afhangende van sodanige veranderings in die ontledingsresultate of verdere monsters, na gelang van tyd tot tyd bepaal kan word: met dien verstande dat die munisipaliteit na goeddunke in 'n bepaalde geval die minimum gelde wat by subartikel (7)(l) voorgeskryf word, kan hef sonder om enige monsters te neem;

(i) wanneer die munisipaliteit 'n monster neem, moet een helfte daarvan aan die klant beskikbaar gestel word;

(j) vir die doeleindes van die berekening van die hoeveelheid uitvloeisel wat by elke uitvloeiseluitlaatpunt uitgelaat word, word die totale hoeveelheid water wat op die perseel verbruik word, so akkuraat as wat redelik prakties is, aan die verskillende uitlaatpunte toegewys;

(k) die koste van die vervoer en behandeling van nywerheidsuitvloeisel word deur die munisipaliteit vasgestel en geld vanaf 'n datum wat deur die munisipaliteit vasgestel word; en

(l) na goeddunke van die munisipaliteit, kan die gelde vir nywerheidsuitvloeisel na 'n vaste maandelikse geld verander word, met inagneming van die uitvloeiselsterkte, die volume en die ekonomiese lewensvatbaarheid van mikro- en klein nywerhede.

119. Vermindering in die gemete hoeveelheid uitvloeisel uitgelaat

1. 'n Persoon is geregtig op die vermindering van die hoeveelheid uitvloeisel uitgelaat, soos vasgestel ingevolge artikels 51 en 52, waar die hoeveelheid water waarop 'n persentasie bereken word, gemeet is gedurende 'n tydperk waartydens water verkwis is of 'n lekkasie onontdek was, indien die verbruiker tot voldoening van die munisipaliteit bewys dat die water nie in die sanitasiestelsel uitgelaat is nie.

2. Die vermindering in die hoeveelheid is gebaseer op die hoeveelheid water wat deur lekkasie of verkwisting gedurende die lekkasietydperk verlore gegaan het.

3. Die lekkasietydperk sal óf die meettydperk onmiddellik voor die datum van die herstel van die lekkasie wees, óf die meettydperk waartydens die lekkasie herstel is, watter een ook al die grootste vermindering in die hoeveelheid tot gevolg het.

4. Die hoeveelheid water wat verlore gegaan het word bereken as die verbruik vir die lekkasietydperk min die gemiddelde verbruik vir dieselfde tydsduur, gebaseer op die voorafgaande 3 (drie) maande. In geval geen vorige verbruiksgeskiedenis beskikbaar is nie, sal die gemiddelde waterverbruik deur die munisipaliteit vasgestel word, met inagneming van alle inligting wat hy tersaaklik ag.
5. Daar mag geen vermindering van die hoeveelheid wees nie indien 'n verlies van water regstreeks of onregstreeks spruit uit 'n verbruiker se versuim om aan hierdie of ander verordeninge te voldoen.

120. Gelde ten opsigte van "terrein"-sanitasiedienste

Gelde ten opsigte van die verwydering of insameling van opgaartenkinhoud, nagvuil of die leegmaak van putte sal al die bedryfs- en instandhoudingskoste dek wat uit die verwydering van die putinhoud, die vervoer daarvan na 'n wegdoeningsterrein, die behandeling van die inhoud om 'n sanitêre toestand te bereik en die finale wegdoening van enige vaste residu spruit, en is deur die eienaar betaalbaar.

Deel 4: Perseelrioolinstallasies

121. Installering van perseelrioolinstallasies

'n Eienaar moet sy perseelrioolinstallasie op sy eie onkoste voorsien en in stand hou, tensy die installasie 'n basiese sanitasiefasiliteit is soos deur die munisipaliteit bepaal, en moet, behalwe waar andersins deur die munisipaliteit goedgekeur, toesien dat die installasie binne die grens van sy perseel geleë is.

1. Die munisipaliteit kan die punt in die perseelriool, en die diepte onder die grond, voorskryf waar 'n perseelrioolinstallasie aangesluit moet word en die roete wat deur die perseelriool tot by die aansluitpunt gevolg moet word, en kan van die eienaar vereis om nie met die konstruksie of aansluiting van die perseelrioolinstallasie te begin voordat die munisipaliteit se aansluitriool gelê is nie.
2. Enige perseelrioolinstallasie wat gebou of geïnstalleer is, moet aan enige toepaslike spesifikasies ingevolge die Bouregulasies en enige standaard wat ingevolge die Wet voorgeskryf word, voldoen.
3. Geen persoon mag toelaat dat enige vloeibare of vaste stof hoegenaamd, behalwe skoon water vir toetsdoeleindes, 'n perseelrioolinstallasie binnekom voordat die perseelrioolinstallasie by die riool aangesluit is nie.
4. Waar 'n perseel in die 1-in-50-jaar vloedvlakte geleë is, moet die boonste vlak van alle dienstoegangsgate, inspeksiekamers en rioolputte bo die 1-in-50-jaar vloedvlakte wees.
5. Na die voltooiing van 'n perseelrioolinstallasie, of nadat enige verandering aan 'n perseelrioolinstallasie voltooi is, moet die loodgieter verantwoordelik vir die verrigting van die werk 'n sertifikaat by die bouinspeksieafdeling van die munisipaliteit indien waarin gesertifiseer word dat die werk voltooi is volgens die standaarde wat in die Bouregulasies, hierdie verordeninge en enige toepaslike wet of verordeninge uiteengesit word.
6. Geen reënwater of stormwater en geen uitvloeisel behalwe uitvloeisel wat deur die munisipaliteit goedgekeur is, mag in 'n perseelrioolinstallasie uitgelaat word nie.

122. Ontkoppeling van perseelrioolinstallasies

1. Behalwe met die doel om instandhoudings- of herstelwerk te doen, mag geen perseelrioolinstallasie van die aansluitpunt ontkoppel word nie.

2. Waar 'n deel van 'n perseelrioolinstallasie van die res ontkoppel word omdat dit nie meer gebruik gaan word nie, moet die ontkoppelde deel vernietig of heeltemal van die perseel waarop dit gebruik is, verwyder word, tensy die munisipaliteit andersins goedkeur.
3. Wanneer 'n ontkoppeling gemaak is nadat daar aan al die vereistes van die Bouregulasies met betrekking tot ontkoppeling voldoen is, moet die Tegniese Bestuurder, op versoek van die eienaar, 'n sertifikaat uitreik waarin gesertifiseer word dat die ontkoppeling ingevolge die Bouregulasies voltooi is en dat enige gelde wat ten opsigte van die ontkoppelde deel van die perseelrioolinstallasie gevra is, vanaf die einde van die maand voor die eerste dag van die maand wat op die uitreiking van so 'n sertifikaat volg, nie meer gehef sal word.
4. Wanneer 'n perseelrioolinstallasie van 'n riool ontkoppel is, moet die Tegniese Bestuurder die opening wat deur die ontkoppeling veroorsaak is, afdig en kan die koste om dit te doen, verhaal word op die eienaar van die perseel waarop die installasie ontkoppel is.
5. Waar 'n perseelrioolinstallasie gedurende 'n maand by die rioolstelsel aangesluit of daarvan ontkoppel word, sal die gelde bereken word asof die aansluiting of ontkoppeling gedoen is op die eerste dag van die maand wat volg op die maand waarin die aansluiting of ontkoppeling plaasgevind het.

123. Instandhouding van perseelrioolinstallasies

1. 'n Eienaar moet sy perseelrioolinstallasie op sy eie koste voorsien en in stand hou.
2. Waar enige deel van 'n perseelrioolinstallasie deur twee of meer eienaars of okkupeerders gebruik word, is hulle gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir die instandhouding van die installasie.
3. Die eienaar van 'n perseel moet toesien dat alle mangate en skoonmaakoë op die perseel permanent sigbaar en toeganklik is.

124. Tegniese vereistes vir perseelrioolinstallasies

Alle perseelrioolinstallasies moet aan SANS-kode 0252 en die Bouregulasies voldoen.

125. Perseelriole

1. Perseelriole wat deur grond loop wat na die mening van die Tegniese Bestuurder aan verskuiwing onderworpe is, moet gelê word op 'n aaneenlopende bed riviersand of soortgelyke korrelrige materiaal nie minder nie as 100 mm dik onder die huls van die pyp en met 'n omranding van soortgelyke materiaal en dikte, en die lasse van sulke perseelriole moet buigsame lasse wees wat deur die Tegniese Bestuurder goedgekeur is.
2. 'n Perseelriool of deel daarvan mag slegs binne 'n gebou geleë wees of, met die goedkeuring van die Tegniese Bestuurder, onder of deur 'n gebou loop.
3. 'n Perseelriool of deel daarvan wat in 'n ontoeganklike posisie onder 'n gebou geleë is, mag nie buig of teen 'n helling gelê word nie.
4. Indien 'n perseelriool deur of onder 'n muur, fondament of ander struktuur loop, moet toereikende voorsorgmaatreëls getref word om die uitlaat van enige stof in die perseelriool te voorkom.

126. Rioolverstoppings

1. Geen persoon mag 'n ophoping van vet, olie, vaste stof of enige ander stof in 'n sperder, tenk of toebehore veroorsaak of toelaat wat die verstopping of oneffektiewe werking daarvan kan veroorsaak nie.

2. Wanneer die eienaar of okkupeerder van 'n perseel rede het om te glo dat 'n verstopping in of op 'n perseelrioolinstallasie plaasgevind het, moet hy onmiddellik stappe doen om dit oop te maak.
3. Wanneer die eienaar of okkupeerder van 'n perseel rede het om te glo dat 'n verstopping in die rioolstelsel plaasgevind het, moet hy die munisipaliteit onmiddellik in kennis stel.
4. Wanneer 'n verstopping in 'n perseelrioolinstallasie plaasvind, moet enige werk wat vir die verwydering daarvan nodig is, deur, of onder toesig van, 'n loodgieter gedoen word.
5. Indien enige perseelrioolinstallasie op 'n perseel oorloop as gevolg van 'n verstopping in die riool, en indien die munisipaliteit redelik tevrede is dat die verstopping veroorsaak is deur voorwerpe wat van die perseelrioolinstallasie afkomstig is, is die eienaar van die perseel wat deur die perseelrioolinstallasie bedien word, aanspreeklik vir die koste van die oopmaak van die verstopping.
6. Waar 'n verstopping verwyder is uit 'n perseelriool of deel van 'n perseelriool wat twee of meer persele bedien, is die eienaars gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir die koste van die oopmaak van die verstopping.
7. Waar 'n verstopping in 'n sanitasiestelsel deur die Tegniese Bestuurder verwyder is en die verwydering versteuring van 'n eienaar se plaveisel, grasperk of ander kunsmatige oppervlak verg, sal daar nie van die Tegniese Bestuurder of die munisipaliteit vereis word om dit in die vorige toestand te herstel nie en hulle sal ook nie verantwoordelik wees vir enige skade daaraan nie, tensy dit deur die onregmatige handeling of nalatigheid van die Tegniese Bestuurder veroorsaak is.

127. Vetvangers

'n Vetvanger van 'n goedgekeurde soort, grootte en vermoë moet voorsien word ten opsigte van alle persele wat rioolvuil in terreinsanitasiestelsels uitlaat of waar, na die mening van die munisipaliteit, die uitlaat van vet en olie waarskynlik 'n verstopping in die vloei van riole of perseelriole sal veroorsaak of met die behoorlike werking van 'n afvalwaterbehandelingsaanleg sal inmeng.

128. Nywerheidsvetvangers

1. Die eienaar of vervaardiger moet toesien dat nywerheidsuitvloeisel wat vet, olie, of anorganiese vaste stof in suspensie bevat of, na die mening van die munisipaliteit waarskynlik bevat, voordat dit toegelaat word om 'n riool binne te gaan, vloei deur een of meer tenks of kamers van 'n soort, grootte en inhoudsvermoë wat ontwerp is om sodanige vet, olie of vaste stof te onderskep en terug te hou, wat deur die Tegniese Bestuurder goedgekeur is.
2. Die eienaar of vervaardiger moet toesien dat olie, vet of enige ander stof wat in nywerheidsuitvloeisel of ander vloeistof vervat is en wat 'n vlambare of skadelike damp teen 'n temperatuur van, of meer as, 20° C afgee, in 'n tenk of kamer onderskep en teruggehou word om te voorkom dat dit die riool binnegaan.
3. 'n Tenk of kamer wat in subartikel (2) bedoel word, moet aan die volgende vereistes voldoen:

a) Dit moet 'n toereikende inhoudsvermoë hê, van harde duursame materiaal gebou wees en waterdig wees wanneer dit voltooi is;

b) die waterslot van sy uitlaatpyp moet nie minder as 300 mm diep wees nie; en

c) dit moet voorsien wees van 'n toereikende aantal mangatdeksels vir die afdoende en effektiewe verwydering van vet, olievet en vaste stowwe.

4. 'n Persoon wat uitvloeisel in 'n tenk of kamer uitlaat, moet vet, olie of vaste stof gereeld uit die tenk of kamer verwyder en 'n register aanhou waarin aangeteken word —

a) die datums waarop die tenk of kamer skoongemaak is;

b) die naam van die persone wat by hom in diens is om die tenk of kamer skoon te maak of, as hy dit self skoongemaak het, die feit dat hy dit gedoen het; en

c) 'n sertifikaat van die persoon in diens om dit skoon te maak, wat sertifiseer dat die tenk of kamer skoongemaak is en die wyse meld waarop daar met die inhoud van die tenk of kamer weggedoen is of, as hy dit self skoongemaak het, sy eie sertifikaat te dien effekte.

129. Meganiese toestelle vir lig van rioolvuil

1. Die eienaar van 'n perseel moet die goedkeuring van die Tegniese Bestuurder verkry voordat enige meganiese toestel vir die lig of oorplaas van rioolvuil ingevolge die Bouregulasies geïnstalleer word.

2. Daar moet deur 'n professionele Tegniese Bestuurder aansoek gedoen word, vergesel van tekeninge wat ooreenkomstig die toepaslike bepalings van die Bouregulasies opgestel is en besonderhede toon van die kompartement wat die toestel bevat, die rioolvuilopgaartenk, die dempkamer en hulle posisies, en die posisie van die perseelriole, ventilasiepype, stygleiding en die rioolaansluiting.

3. Nieteenstaande enige goedkeuring wat ingevolge subartikel (1) gegee is, is die munisipaliteit nie aanspreeklik vir enige besering, verlies of skade aan lewens of eiendom wat deur die gebruik, wanfunksionering of enige ander toestand wat uit die installasie of werking van 'n meganiese toestel vir die lig of oorplaas van rioolvuil spruit nie, tensy die besering of skade veroorsaak is deur die onregmatige opsetlike of nalatige handeling of nalatigheid van 'n werknemer van die munisipaliteit.

4. Elke meganiese toestel wat vir die lig of oorplaas van rioolvuil geïnstalleer word, moet spesifiek vir die doel ontwerp wees en moet toegerus wees met 'n uitlaatpyp, sluiskleppe en terugslagkleppe wat in goedgekeurde posisies geleë is.

5. Tensy andersins deur die Tegniese Bestuurder toegelaat, moet sodanige meganiese toestelle in duplikaat geïnstalleer word en elke sodanige toestel moet so beheer word dat enigeen van hulle onmiddellik outomaties sal begin funksioneer in geval die ander een weier.

6. Elke meganiese toestel wat deel van 'n perseelrioolinstallasie uitmaak, moet so geleë wees en so werk dat dit nie enige oorlas deur geraas of reuk of andersins veroorsaak nie, en elke kompartement wat so 'n toestel bevat, moet effektief geventileer wees.

7. Die maksimum uitlaattempo uit enige meganiese toestel en die tye waartussen die uitlaat mag plaasvind, moet wees soos vasgestel deur die Tegniese Bestuurder, wat te eniger tyd van die eienaar kan vereis om sodanige toebehore en reguleertoestelle te installeer wat na sy mening nodig kan wees om te verseker dat die vasgestelde maksimum uitlaattempo nie oorskry word nie.

8. Behalwe waar rioolvuilopgaarruimte as 'n integrale deel by 'n meganiese toestel ingesluit is, moet 'n rioolvuilopgaartenk saam met sodanige toestel verskaf word.

9. Elke rioolvuilopgaartenk wat ingevolge paragraaf (a) vereis word, moet —

a) van harde, duursame materiaal gebou wees en moet waterdig wees en die binne-oppervlakke van die mure en vloer moet glad en ondeurlatend wees;

b) 'n opgaarvermoë onder die vlak van die inlaat hê wat gelyk staan aan die hoeveelheid rioolvuil wat in 24 uur daarin uitgelaat word of 900 liter, watter een ook al die grootste hoeveelheid is; en

c) so ontwerp wees dat die maksimum van sy rioolvuilinhoud by elke uitlaatsiklus van die meganiese toestel leeggemaak word.

10. Elke opgaartenk en dempkamer moet voorsien wees van 'n ventilasiepyp ooreenkomstig die Tegniese Bestuurder se spesifikasies.

Deel 5: Terreinsanitasiedienste en gepaardgaande dienste

130. Installering van terreinsanitasiedienste

Indien 'n ooreenkoms vir terreinsanitasiedienste ten opsigte van 'n perseel aangegaan is, of as dit nie redelik moontlik of koste-effektief vir die munisipaliteit is om 'n aansluitriool te installeer nie, moet die eienaar sanitasiedienste wat deur die munisipaliteit gespesifiseer is, op die terrein installeer, tensy die diens 'n gesubsidieerde diens is wat deur die munisipaliteit bepaal is ooreenkomstig artikel 10 van die munisipaliteit se verordeninge betreffende kredietbeheer en skuldinvordering.

131. Geventileerde verbeterde putlatrines

1. Die munisipaliteit kan, op sodanige voorwaardes wat hy mag voorskryf, met inagneming van die aard en deurlatendheid van die grond, die diepte van die watertafel, die grootte van, en toegang tot, die terrein en die beskikbaarheid van 'n pypwatertoevoer, die wegdoening van menslike ekskrement deur middel van 'n geventileerde verbeterde put(VIP)latrine goedkeur.
2. 'n Geventileerde verbeterde putlatrine moet —

a) 'n put met 'n inhoudsvermoë van 2 m³ hê;

b) 'n voering hê soos vereis;

c) 'n platblok hê wat ontwerp is om die geërfde lading te stut; en

d) 'n beskerming hê wat verhoed dat kinders in die put val;

3. 'n Geventileerde verbeterde putlatrine moet aan die volgende spesifikasies voldoen:

a) die put moet geventileer word deur middel van 'n pyp wat by die bopunt met duursame insekwerende sif afgedig is wat stewig in plek geplaas is;

b) die ventilasiepyp moet nie minder nie as 0.5 m bokant die naaste dak uitsteek, moet minstens 150 mm in diameter wees en moet vertikaal sonder 'n buig geïnstalleer wees;

c) die binnekant van die kloset moet glad afgewerk wees sodat dit in 'n skoon en higiëniese toestand gehou kan word. Die bobou moet goed geventileer wees ten einde toe te laat dat die vry vloei van lug na die put deur die pyp ontlugter word;

d) die opening deur die platblok moet van toereikende grootte wees om bevuiling te voorkom. Die rand moet gelig wees sodat vloeistowwe wat vir die was van die vloer gebruik word, nie in die put inloop nie. Dit moet toegerus wees met 'n deksel om te voorkom dat vlieë en ander insekte uitkom wanneer die toilet nie in gebruik is nie;

e) dit moet geleë wees op 'n plek wat onafhanklik van die wooneenheid is;

f) dit moet geleë wees op plekke wat toeganklik is vir padvoertuie met 'n breedte van 3.0 m ten einde die leegmaak van die put te vergemaklik;

g) in situasies waar daar 'n gevaar van besoedeling van 'n brugkanaal weens die deurlatendheid van die grond is, moet die put uitgevoer word met 'n ondeurlatende materiaal wat duursaam is en nie onder spanning sal kraak nie; en

h) in situasies waar die grond waarin die put uitgegrawe gaan word, onstabiel is, moet geskikte stut verskaf word om die instorting van die grond te voorkom.

132. Septiese tenks en behandelingsaanlegte

1. Die munisipaliteit kan, op sodanige voorwaardes wat hy mag voorskryf, die wegdoening van rioolvuil of ander uitvloeisel deur middel van septiese tenks of ander terreinrioolvuilbehandelingsaanlegte goedkeur.

2. 'n Septiese tenk of ander rioolvuilbehandelingsaanleg op 'n terrein mag nie nader as 3 meter van enige wooneenheid of aan enige grens van die perseel waarop dit geleë is, wees nie.
3. Uitvloeisel uit 'n septiese tenk of ander terreinrioolvuilbehandelingsaanleg moet tot voldoening van die munisipaliteit weggedoen word.
4. 'n Septiese tenk moet waterdig, stewig bedek en voorsien wees van 'n gasdigte wyse van toegang tot die binnekant wat toereikend is om die inspeksie van die inlaat- en uitlaatpype toe te laat en toereikend vir die doel van verwydering van slik is.
5. 'n Septiese tenk wat 'n wooneenheid bedien moet —

a) 'n inhoudsvermoë onder die vlak van die bodem van die uitlaatpyp van nie minder nie as 500 liter per slaapkamer hê, onderworpe aan 'n minimum inhoudsvermoë onder so 'n bodemvlak van 2 500 liter;
b) 'n interne breedte van nie minder nie as 1 meter hê, reghoekig in die rigting van die vloei gemeet;
c) 'n interne diepte tussen die deksel en die bodem van die tenk van nie minder nie as 1,7 meter hê; en
d) vloeistof op 'n diepte van nie minder nie as 1,4 meter terughou.

6. Septiese tenks wat 'n ander perseel as 'n wooneenheid bedien, moet ontwerp en gesertifiseer wees deur 'n professionele siviele Tegniese Bestuurder wat as 'n lid van die Tegniese Bestuurdersraad van Suid-Afrika geregistreer is.
7. Geen ander reënwater, stormwater of uitvloeisel as wat deur die munisipaliteit goedgekeur is, mag in 'n septiese tenk uitgelaat word nie.

133. Stapelriole

1. Die munisipaliteit kan, op sodanige voorwaardes wat hy mag voorskryf met inagneming van die hoeveelheid en aard van die uitvloeisel en die aard van die grond soos bepaal deur die deurlatendheidstoets wat deur die Suid-Afrikaanse Buro van Standaarde voorgeskryf word, die wegdoening van afvalwater of ander uitvloeisel deur middel van stapelriole, weekputte of ander goedgekeurde werke goedkeur.
2. 'n Stapelriool, weekput of ander soortgelyke werk mag nie nader as 5 m aan enige wooneenheid of enige persoon waarop dit geleë is wees nie, en ook nie in 'n posisie wat, na die mening van die munisipaliteit, kontaminasie kan veroorsaak van 'n boorgat of ander waterbron wat vir drinkdoeleindes gebruik word of gebruik kan word nie, of vogtigheid in enige gebou kan veroorsaak nie.
3. Die afmetings van 'n stapelriool, weekput of ander soortgelyke werk moet bepaal word in verhouding tot die absorberende eienskappe van die grond en die aard van hoeveelheid van die uitvloeisel.
4. Stapelriole wat 'n ander perseel as 'n woonhuis bedien, moet ontwerp en gesertifiseer word deur 'n professionele siviele Tegniese Bestuurder wat as 'n lid van die Tegniese Bestuurdersraad van Suid-Afrika geregistreer is.

134. Riooltenks

1. Die munisipaliteit kan, op sodanige voorwaardes wat hy kan voorskryf, die bou van 'n riooltenk en aanvullende toestelle vir die terughou van rioolvuil of uitvloeisel goedkeur.
2. Geen ander reënwater, stormwater of uitvloeisel as wat deur die munisipaliteit goedgekeur is, mag in 'n riooltenk uitgelaat word nie.
3. Geen riooltenk mag as sodanig gebruik word nie, tensy —

a) die bodem van die tenk teen 'n helling van nie minder nie as 1 in 10 na die uitlaat afloop;

b) die tenk gas- en waterdig is;

c) die tenk 'n uitlaatpyp, met 'n binnediameter van 100 mm, van gegote yster, gietyster of ander goedgekeurde materiaal gemaak en, tensy andersins deur die munisipaliteit goedgekeur, eindig in 'n goedgekeurde klep en toebehore vir aansluiting by die munisipaliteit se verwyderingsvoertuie het;

d) die klep en toebehore wat in paragraaf (c) bedoel word of die uitlaatent van die pyp, na gelang van die geval, geleë is in 'n kamer wat 'n skarnierdeksel het wat deur die Tegniese Bestuurder goedgekeur is en wat geleë is in 'n posisie wat deur die munisipaliteit vereis word;

e) toegang tot die opgaartenk voorsien is deur middel van 'n goedgekeurde mangat met 'n verwyderbare gietysterdeksel wat onmiddellik bo die sigbare tap van die inlaatpyp geplaas is.

4. Die munisipaliteit kan, met inagneming van die posisie van die opgaartenk of van die aansluitingspunt van 'n verwyderingsvoertuig, van die eienaar of klant vereis om, as 'n voorwaarde vir die leegmaak van die tenk, die munisipaliteit skriftelik te vrywaar teen enige aanspreeklikheid vir enige skade wat kan voortspruit uit die lewering van daardie diens.

5. Waar die munisipaliteit se verwyderingsvoertuig oor 'n private perseel moet gaan vir die leegmaak van 'n riooltenk, moet die eienaar 'n pad van minstens 3,5 m breed, so hard gemaak dat dit 'n wiellas van 4 metrieke ton in alle weerstoestande kan weerstaan, voorsien, en toesien dat geen hek waardeur die voertuig moet gaan om by die tenk uit te kom minder as 3,5 m breed vir sodanige doeleindes is nie.

6. Die eienaar of okkupeerder van 'n perseel waarop 'n riooltenk geïnstalleer word moet te alle tye die tenk in 'n goeie toestand tot voldoening van die munisipaliteit in stand hou.

135. Werking en instandhouding van terreinsanitasiedienste

Die werking en instandhouding van terreinsanitasiedienste en alle koste wat daaraan verbonde is, bly die verantwoordelikheid van die eienaar van die perseel, tensy die terreinsanitasiedienste gesubsidieerde dienste is wat ooreenkomstig die munisipaliteit se verordeninge betreffende kredietbeheer en skuldinvordering bepaal is.

136. Ongebruikte riool- en septiese tenks

Indien 'n bestaande riooltenk of septiese tenk nie meer vir die opgaar of behandeling van rioolvuil nodig is nie, of indien toestemming vir die gebruik daarvan teruggetrek word, moet die eienaar dit óf heeltemal laat verwyder óf dit heeltemal met grond of ander geskikte materiaal laat opvul, met dien verstande dat die Tegniese Bestuurder kan vereis dat daar op 'n ander manier met 'n tenk gehandel word, of die gebruik daarvan vir ander doeleindes goedgekeur, onderworpe aan enige voorwaardes wat deur hom gespesifiseer word.

Deel 6: Nywerheidsuitvloeisel

137. Goedkeuring vir uitlaat van nywerheidsuitvloeisel

1. Geen persoon mag nywerheidsuitvloeisel uitlaat of toelaat of veroorsaak dat nywerheidsuitvloeisel in die sanitasiestelsel uitgelaat word nie, behalwe met die goedkeuring van die munisipaliteit.

2. 'n Persoon moet op die voorgeskrewe vorm wat as Skedule B by hierdie verordeninge aangeheg is, aansoek doen om goedkeuring vir die wegdoening van nywerheidsuitvloeisel in die munisipaliteit se sanitasiestelsel.

3. Die munisipaliteit kan, indien na sy mening die vermoë van die sanitasiestelsel afdoende is om die vervoer en effektiewe behandeling en wettige wegdoening van die nywerheidsuitvloeisel toe te laat, vir sodanige tydperk en onderworpe aan sodanige

voorwaardes wat hy mag stel, die uitlaat van nywerheidsuitvloeisel in die sanitasiestelsel goedkeur.

4. 'n Persoon wat 'n gebou wil bou of laat bou wat as 'n handelsperseel gebruik gaan word, moet ten tye van die indiening van 'n bouplan ingevolge artikel 4 van die Wet op die Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, no. 103 van 1977, ook aansoeke om die verskaffing van sanitasiedienste en vir goedkeuring van die uitlaat van nywerheidsuitvloeisel indien.

138. Terugtrek van goedkeuring vir uitlaat van nywerheidsuitvloeisel

1. Die munisipaliteit kan enige goedkeuring aan 'n kommersiële klant, wat gemagtig is om nywerheidsuitvloeisel in die sanitasiestelsel uit te laat, terugtrek deur 14 (veertien) dae kennis te gee indien die klant —

a) versuim om te verseker dat die nywerheidsuitvloeisel wat uitgelaat word, voldoen aan die nywerheidsuitvloeiselstandaarde wat in Skedule A by hierdie verordeninge of die skriftelike toestemming wat in artikel 71 bedoel word, voorgeskryf word;

b) versuim of weier om te voldoen aan 'n kennisgewing wat wettiglik ingevolge hierdie verordeninge aan hom beteken is, of enige bepalings van hierdie verordeninge of enige voorwaarde wat gestel is ingevolge enige toestemming wat aan hom verleen is, oortree; of

c) versuim om die gelde ten opsigte van enige nywerheidsuitvloeisel wat uitgelaat is, te betaal.

2. Die munisipaliteit kan by terugtrekking van enige goedkeuring —

a) benewens enige stappe wat ingevolge hierdie verordeninge deur hom vereis word, en met 14 (veertien) dae skriftelike kennisgewing, die sluiting of afdigting van die aansluitriool van die genoemde perseel magtig; en

b) weier om enige nywerheidsuitvloeisel op te vang totdat hy tevrede is dat toereikende stappe gedoen is om te verseker dat die nywerheidsuitvloeisel wat uitgelaat gaan word, voldoen aan die standaarde wat deur hierdie verordeninge vereis word.

139. Gehaltestandaarde vir wegdoening van nywerheidsuitvloeisel

1. 'n Kommersiële klant aan wie goedkeuring verleen is, moet toesien dat geen nywerheidsuitvloeisel in die sanitasiestelsel van die munisipaliteit uitgelaat word nie tensy dit voldoen aan die standaarde en maatstawwe wat in Skedule A uiteengesit word.

2. Die munisipaliteit kan, wanneer hy sy goedkeuring gee, die standaarde in Skedule A verslap of wysig, mits hy tevrede is dat enige verslapping die beste praktiese omgewingsopsie verteenwoordig.

3. By die vasstelling of verslapping of wysiging van die standaarde in Skedule A die beste praktiese omgewingsopsie verteenwoordig, moet 'n munisipaliteit dit oorweeg —

a) of die kommersiële klant se onderneming teen optimale vlakke bedryf en in stand gehou word;

b) of tegnologie wat deur die kommersiële klant gebruik word die beste is wat tot die kommersiële klant se bedryf beskikking is en, indien nie, of die installering van die beste tegnologie onredelike onkoste vir die klant kan meebring;

c) of die kommersiële klant 'n program van afvalminimalisering implementeer wat voldoen aan nasionale afvalminimaliseringstandaarde wat ooreenkomstig nasionale wetgewing gestel is;

d) wat die koste van die toestaan van die verslapping of wysiging vir die munisipaliteit sal wees; en

e) wat die omgewingsimpak of praktiese impak van die verslapping of wysiging sal wees.

4. Toetsmonsters kan te eniger tyd deur 'n behoorlik gekwalifiseerde monsternemer geneem word om vas te stel of die nywerheidsuitvloeisel voldoen aan Skedule A of enige ander standaard wat as 'n voorvereiste vir die toestaan van goedkeuring neergelê is.

140. Voorwaardes vir die uitlaat van nywerheidsuitvloeisel

1. Die munisipaliteit kan by die verleen van goedkeuring vir die uitlaat van nywerheidsuitvloeisel, of te eniger tyd wat hy gepas ag, by kennisgewing van 'n kommersiële klant vereis om —

a) die nywerheidsuitvloeisel aan sodanige voorlopige behandeling te onderwerp as wat na die mening van die munisipaliteit sal verseker dat die nywerheidsuitvloeisel voldoen aan die standaarde wat in Skedule A voorgeskryf word voordat dit in die sanitasiestelsel uitgelaat word;

b) om effeningstenks, kleppe, pompe, toestelle, meters en ander toerusting te installeer wat, na die mening van die munisipaliteit, nodig sal wees om die uitlaattempo en -tyd in die sanitasiestelsel te beheer ooreenkomstig die voorwaardes wat deur hom gestel is;

c) vir die vervoer van die nywerheidsuitvloeisel in die sanitasiestelsel op 'n gegewe punt 'n perseelrioolinstallasie afsonderlik van die perseelrioolinstallasie vir ander rioolvuil te installeer, en kan 'n kommersiële klant verbied om sy nywerheidsuitvloeisel by enige ander punt weg te doen;

d) 'n pyp wat sy nywerheidsuitvloeisel na 'n riool, 'n dienstoegangsgat of afsluitklep vervoer, in so 'n posisie en van sulke afmetings en materiaal as wat die munisipaliteit mag voorskryf, te bou;

e) alle inligting te verskaf wat deur die munisipaliteit vereis mag word om hom in staat te stel om die tariewe of gelde wat aan die munisipaliteit verskuldig is, te skat;

f) toereikende fasiliteite te verskaf, insluitende, maar nie beperk nie tot, vlak- of oorloopverkliktoestelle, reserwe-toerusting, oorloopopvangputte of ander gepaste maniere om 'n uitlaat in die sanitasiestelsel strydig met hierdie verordeninge te voorkom;

g) enige meter, ykinstrument of ander toestel wat ingevolge hierdie artikel geïnstalleer is, deur 'n onafhanklike gesag op koste van die kommersiële klant te laat kalibreer met sodanige tussenposes as wat deur die munisipaliteit vereis kan word, en afskrifte van die kalibrering moet deur die kommersiële klant aan hom gestuur word; en

h) nywerheidsuitvloeisel so dikwels en op watter manier die munisipaliteit ook al mag bepaal, te laat ontleed en aan hom die resultate van hierdie toetse te verskaf wanneer dit voltooi is.

2. Die koste van enige behandeling, aanleg, werk of ontleding wat ingevolge subartikel (1) van 'n persoon vereis word om te doen, te bou of te installeer, moet deur die betrokke kommersiële klant gedra word.

3. Indien nywerheidsuitvloeisel wat nie aan die standaarde in Skedule A voldoen nie en nie deur die munisipaliteit goedgekeur is nie, in die sanitasiestelsel uitgelaat word, moet die munisipaliteit binne twaalf uur na die uitlaat daarvan en van die redes daarvoor verwittig word.

Deel 7: Rioolvuil per padvervoer afgelewer

141. Aanvaarding van rioolvuil per padvervoer afgelewer

Die Tegniese Bestuurder kan, na sy goeddunke en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat hy mag spesifiseer, rioolvuil vir wegdoening opvang wat per padvervoer by die munisipaliteit se rioolvuilbehandelingsaanleg afgelewer word.

142. Goedkeuring van rioolvuil per padvervoer

1. Geen persoon mag rioolvuil per padvervoer aflewer ten einde dit in die munisipaliteit se rioolvuilbehandelingsaanlegte uit te laat nie, behalwe met die goedkeuring van die Tegniese

Bestuurder en onderworpe aan enige voorwaardes en op tye wat op redelike gronde deur hom gestel kan word.

2. Die gelde vir enige rioolvuil wat vir wegdoening by die munisipaliteit se rioolvuilbehandelingsaanlegte afgelewer word, moet deur die munisipaliteit ooreenkomstig die voorgeskrewe tarief van gelde geskat word.

143. Terugtrek van toestemming vir aflewering van rioolvuil per padvervoer

Die Tegniese Bestuurder kan enige goedkeuring wat ingevolge artikel 75 verleen is, terugtrek nadat hy minstens 14 (veertien) dae skriftelike kennis gegee het van sy voorneme om dit te doen, indien 'n persoon wat toegelaat is om rioolvuil per padvervoer uit te laat —

a) versuim om te verseker dat die rioolvuil voldoen aan die standaarde wat óf in Skedule A voorgeskryf word, óf 'n voorwaarde van goedkeuring is; of

b) versuim of weier om te voldoen aan enige kennisgewing wat ingevolge hierdie verordeninge aan hom beteken is of enige bepaling van hierdie verordeninge of enige voorwaarde wat as 'n voorwaarde van goedkeuring aan hom opgelê is, verbreek; en

c) versuim om alle gelde wat op die aflewering van rioolvuil van toepassing is, te betaal.

144. Voorwaardes vir die aflewering van rioolvuil per padvervoer

Wanneer rioolvuil per padvervoer afgelewer gaan word —

a) moet die tyd wanneer en die plek waar aflewering gaan plaasvind, in oorleg met die Tegniese Bestuurder gereël word; en

b) moet die Tegniese Bestuurder, voordat 'n aflewering kan plaasvind, tevrede wees dat die rioolvuil van 'n geskikte aard vir padvervoer is en dat die aflewering sal voldoen aan die bepalings van hierdie verordeninge.

Deel 8: Ander sanitasiedienste

145. Perdestalle en soortgelyke persele

Die munisipaliteit kan die aansluiting van 'n perseelrioolinstallasie by perdestalle, koeistalle, melkerye, hondeherberge, ander persele vir die huisvesting van diere en leerlooierye goedkeur, onderworpe aan die betaling van alle toepaslike gelde en die nakoming van enige voorwaarde wat die munisipaliteit mag stel; maar goedkeuring sal slegs gegee word indien —

a) die vloer van die perseel geplavei is met ondeurlatende materiaal wat deur die munisipaliteit goedgekeur is en skuins afloop na 'n slikvanger, vetvanger of rioolput met 'n toereikende inhoudsvermoë; en

b) elke deel van die vloer van die perseel bedek word met 'n dak, of ander beskermende toestel, op so 'n wyse dat die binnekoms van reën of stormwater in die perseelrioolinstallasie voorkom word.

146. Meganiese voedselafval- of ander wegdoeneenhede

Die munisipaliteit kan die aansluiting of insluiting van 'n meganiese voedselafvalwegdoeneenheid of afvalmeul by 'n perseelrioolinstallasie met 'n inhoudsvermoë van meer as 500W goedkeur, onderworpe aan die betaling van alle toepaslike gelde en op enige voorwaarde wat die munisipaliteit kan stel, maar goedkeuring sal slegs gegee word as —

a) 'n watermeter deur die munisipaliteit geïnstalleer is;

b) die Tegniese Bestuurder tevrede is dat die munisipaliteit se rioolvuil- en rioolvuilbehandelingstelsel nie nadelig beïnvloed sal word nie; en

c) die installering of insluiting aan die munisipaliteit se verordeninge betreffende elektrisiteit voldoen.

Deel 9: Installeringswerk

147. Goedkeuring van installeringswerk

1. Indien 'n eienaar installeringswerk gedoen wil hê, moet hy eers die munisipaliteit se skriftelike goedkeuring verkry.
2. Aansoek om die goedkeuring wat in subartikel (1) bedoel word, moet op die voorgeskrewe vorm geskied en moet vergesel gaan van —

a) 'n geld deur die munisipaliteit vasgestel, indien 'n geld vasgestel is, en

b) afskrifte van alle tekeninge wat vereis mag word en deur die munisipaliteit goedgekeur is;

c) 'n sertifikaat deur 'n professionele Tegniese Bestuurder wat sertifiseer dat die installasie ooreenkomstig enige toepaslike SANS-kodes ontwerp is.

3. Goedkeuring gegee ingevolge subartikel (1) verval na 24 (vier en twintig) maande.
4. Wanneer goedkeuring ingevolge subartikel (1) gegee is, moet 'n volledige stel tekeninge wat deur die munisipaliteit vereis en goedgekeur is, te alle redelike tye by die terrein ter insae beskikbaar wees totdat die werk voltooi is.
5. Indien installeringswerk strydig met subartikel (1) of (2) gedoen is, kan die munisipaliteit van die eienaar vereis —

a) om die teenstrydigheid binne 'n gespesifiseerde tyd reg te stel;

b) indien werk aan die gang is, om die werk te staak; en

c) om alle werk te verwyder wat nie aan hierdie verordeninge voldoen nie.

148. Persone toegelaat om installerings- en ander werk te doen

1. Geen persoon wat nie 'n loodgieter is of onder die beheer van 'n loodgieter werk nie, word toegelaat om —

a) installeringswerk te doen, behalwe die vervanging of herstel van 'n bestaande pyp of sanitasietoebehoorsel;

b) 'n perseelrioolinstallasie, brandinstallasie of opgaartenk te inspekteer, te ontsmet en te toets;

c) 'n terugvloeisperder te versien, te herstel of te vervang; of

d) 'n meter wat deur 'n eienaar van 'n perseelrioolinstallasie verskaf is, te installeer, in stand te hou of te vervang.

2. Geen persoon mag van 'n persoon wat nie 'n loodgieter is nie vereis, of hom in diens neem, om werk te doen wat in subartikel (1) bedoel word.
3. Nieteenstaande die bepalings van subartikel (1) en (2), kan die munisipaliteit 'n persoon wat nie 'n loodgieter is nie, toelaat om installeringswerk op sy eie perseel te doen as dit deur hom of sy eie huishouding geokkupeer word, maar indien toestemming gegee word, moet die werk geïnspekteer en goedgekeur word deur 'n loodgieter onder die leiding van, of wat aangestel is deur, die Tegniese Bestuurder.

149. Gebruik van pype en watertoebehore moet gemagtig word

1. Geen persoon mag, sonder die vooraf skriftelike magtiging van die Tegniese Bestuurder, 'n pyp of watertoebehoorsel in 'n waterinstallasie binne die munisipaliteit se regsgebied

installeer of gebruik nie, tensy dit ingesluit is by die Skedule van Goedgekeurde Pype en Toebehore wat deur die munisipaliteit saamgestel is.

2. Aansoek om die insluiting van 'n pyp of watertoebehoorsel by die Skedule wat in subartikel (1) bedoel word, moet gedoen word op die vorm wat deur die munisipaliteit voorgeskryf is.
3. 'n Pyp of watertoebehoorsel kan ingesluit word by die Skedule wat in subartikel (1) bedoel word, indien —

a) dit die standaardisasiemerk van die Suid-Afrikaanse Buro van Standaarde op het ten opsigte van die toepaslike SANS-spesifikasie deur die Buro uitgereik; of

b) dit 'n sertifiseringsmerk op het wat deur die SANS uitgereik is om te sertifiseer dat die pyp of watertoebehoorsel voldoen aan —

i) 'n SANS-merkspesifikasie; of

ii) 'n voorlopige spesifikasie deur die SANS uitgereik;

c) ingesluit is by die lys van water- en sanitasie-installasies wat deur JASWIC aanvaar word.

d) Geen sertifiseringsmerk is vir 'n tydperk van meer as twee jaar geldig nie.

4. Die munisipaliteit kan enige bykomende voorwaarde stel wat hy nodig ag met betrekking tot die gebruik of installasiemetode van enige pyp of watertoebehoorsel wat by die Skedule ingesluit is.
5. 'n Pyp of sanitasietoebehoorsel moet uit die Skedule verwyder word as dit —

a) nie meer voldoen aan die maatstawwe waarop die insluiting daarvan gebaseer is nie; of

b) nie meer geskik is vir die doel waarvoor dit aanvaar is nie.

6. Die huidige Skedule moet te eniger tyd gedurende werkure by die kantoor van die munisipaliteit ter insae beskikbaar wees.
7. Die munisipaliteit kan afskrifte van die huidige Skedule verkoop teen 'n geld wat deur hom vasgestel is.

150. Toets van perseelrioolinstallasies

1. Geen perseelrioolinstallasie, of enige deel van een, mag by terreinsanitasiedienste aangesluit word nie en die munisipaliteit se sanitasiestelsel mag ook nie by 'n bestaande goedgekeurde installasie aangesluit word nie, tensy een of meer van die volgende toetse in die teenwoordigheid en tot voldoening van die Tegniese Bestuurder toegepas is voordat die perseelrioolinstallasie toegemaak is:

a) die binnekant van elke pyp of reeks pype tussen twee punte van toegang moet regdeur sy lengte met behulp van 'n spieël en 'n ligbron geïnspekteer word, en gedurende die inspeksie moet 'n volle sirkel lig deur die waarnemer gesien kan word, en die pyp of reeks pype moet as onversper gesien word;

b) 'n gladde bal met 'n diameter van 12mm minder as die nominale diameter van die pyp moet, wanneer dit by die hoër ent van die pyp ingesteek word, sonder hulp of onderbreking tot by die laer ent afrol;

c) nadat alle openings na die pyp of reeks pype wat getoets gaan word, nadat dit toegestop of afgedig is en nadat alle sperders wat daarmee gepaard gaan, met water gevul is, moet lug in die pyp of pype gepomp word totdat 'n manometriese druk van 38mm water aangedui word, waarna die druk vir 'n tydperk van ten minste 3 (drie minute) sonder verdere pomp groter moet bly as 25mm water; en

d) alle dele van die installasie moet onderwerp word aan en vereis word om 'n intern toegepaste hidrouliese toetsdruk van nie minder nie as 3m drukhoogte water vir 'n tydperk van nie minder nie as 10 minute te weerstaan.

2. Indien die munisipaliteit rede het om te glo dat enige perseelrioolinstallasie of enige deel daarvan defektief geword het, kan hy van die eienaar van 'n perseel vereis om enige of al die toetse te doen wat in subartikel (1) voorgeskryf word en, indien die installasie enige toets, of al die toetse, nie tot voldoening van die munisipaliteit kan slaag nie, kan die munisipaliteit by kennisgewing van die eienaar vereis om alle redelike maatreëls te tref wat nodig kan wees om die installasie aan enige of almal te laat voldoen.

151. Wateraanvraagbestuur

1. Nieteenstaande die bepalings van artikels 92 en 113, mag geen spoelurinaal wat nie gebruikergeaktiveer is nie, geïnstalleer of toegelaat word om in 'n waterinstallasie bedryf te word nie. Alle nie-gebruikergeaktiveerde spoelurinale wat voor die inwerkingtreding van hierdie regulasies geïnstalleer word, moet binne twee jaar na die inwerkingtreding van hierdie verordeninge in gebruikergeaktiveerde urinale omskep word.
2. Geen spoelbak en geen gepaardgaande pan wat ontwerp is om saam met sodanige spoelbak te werk mag met 'n spoelbakvermoë van groter as 9 liter geïnstalleer word nie en alle spoelbakke wat nie vir openbare gebruik bedoel is nie, moet toegerus wees met spoeltoestelle wat onderbreekbare of veelvuldige spoele toelaat, met dien verstande dat sodanige spoeltoestel nie vereis word in spoelbakke met 'n inhoudsvermoë van 4,5 liter of minder nie.

HOOFSTUK 6: WATERDIENSTETUSSENGANGERS

152. Registrasie

Die munisipaliteit kan by openbare kennisgewing van waterdienstetussengangers of klasse waterdienstetussengangers vereis om by die munisipaliteit te registreer op 'n wyse wat in die openbare kennisgewing gespesifiseer word.

153. Verskaffing van waterdienste

1. Waterdienstetussengangers moet verseker dat die waterdienste, insluitende basiese dienste soos deur die munisipale raad bepaal, verskaf word aan sodanige persone aan wie hy verplig is om waterdienste te verskaf.
2. Die gehalte, hoeveelheid en volhoubaarheid van waterdienste wat deur 'n waterdienstetussenganger verskaf word, moet voldoen aan enige minimum standaarde wat ingevolge die Wet voorgeskryf word, en moet minstens van dieselfde standaarde wees as wat deur die munisipaliteit aan klante verskaf word.

154. Gelde vir waterdienste verskaf

1. 'n Waterdienstetussenganger mag nie 'n prys vir waterdienste vra wat nie voldoen aan enige norme wat kragtens die Wet voorgeskryf word en enige bykomende norme en standaarde wat deur die munisipaliteit gestel kan word nie.
2. (2) 'n Waterdienstetussenganger moet gesubsidieerde waterdienste verskaf, soos van tyd tot tyd deur die munisipale raad ingevolge die munisipaliteit se verordeninge betreffende kredietbeheer en skuldinvordering bepaal en deur die munisipaliteit aan klante verskaf word teen 'n prys wat dieselfde of minder is as die gelde waarteen die munisipaliteit sodanige dienste verskaf.

HOOFSTUK 7: ONGEMAGTIGDE WATERDIENSTE

155. Ongemagtigde dienste

1. Geen persoon mag toegang tot waterdienste kry nie tensy dit ingevolge 'n ooreenkoms is wat met die munisipaliteit vir die lewering van daardie dienste aangegaan is.
2. Die munisipaliteit kan, ongeag enige ander stappe wat hy teen 'n persoon ingevolge hierdie verordeninge kan doen, by skriftelike kennisgewing 'n persoon wat ongemagtigde dienste gebruik gelas om —

a) aansoek om sulke dienste ingevolge artikels 2 en 3 te doen; en

b) enige werk te doen wat nodig mag wees om te verseker dat die klantinstallasie waardeur toegang verkry is, aan die bepalings van hierdie en enige ander toepaslike verordeninge voldoen.

156. Inmenging met infrastruktuur vir die verskaffing van waterdienste

1. Geen persoon buiten die munisipaliteit mag infrastruktuur waardeur waterdienste verskaf word, voorsien en in stand hou nie.
2. Geen persoon buiten die munisipaliteit mag 'n aansluiting aan infrastruktuur waardeur waterdienste verskaf word, bewerkstellig nie.
3. Die munisipaliteit kan enige koste wat met die herstel van skade gepaard gaan wat as gevolg van 'n oortreding van subartikels (1) en (2) veroorsaak is, verhaal. Die koste wat deur die munisipaliteit verhaalbaar is, is die volle koste wat met die herstel van die skade gepaard gaan en sluit in, maar is nie beperk nie tot, enige verkennende ondersoek, opmetings, planne, spesifikasies, hoeveelheidslyste, toesig, administrasiekoste, die gebruik van werktuie, die uitgawe aan arbeid wat betrokke is by die versteuring of rehabilitasie van enige deel van 'n straat of grond wat deur die herstel beïnvloed is en die omgewingskoste.

157. Versperring van toegang tot infrastruktuur vir die verskaffing van waterdienste

1. Geen persoon mag fisiese toegang tot infrastruktuur waardeur munisipale waterdienste voorsien word, verhoed of versper nie.
2. Indien 'n persoon subartikel (1) oortree, kan die munisipaliteit —

a) by skriftelike kennisgewing so 'n persoon gelas om binne 'n gespesifiseerde tydperk op sy eie koste toegang te herstel; of

b) indien hy van mening is dat die situasie 'n saak van dringendheid is, sonder vooraf kennisgewing toegang herstel en die koste op sodanige persoon verhaal.

3. Die koste deur die munisipaliteit verhaalbaar is die volle koste wat met die herstel van die toegang gepaard gaan en sluit in, maar is nie beperk nie tot, enige verkennende ondersoek, opmetings, planne, spesifikasies, hoeveelheidslyste, toesig, administrasiekoste, die gebruik van werktuie, die uitgawe aan arbeid wat betrokke is by die versteuring of rehabilitasie van enige deel van 'n straat of grond wat deur die herstel van toegang beïnvloed is en die omgewingskoste.

158. Verkwisting van water

1. Geen klant mag toelaat dat —

a) water doelloos of verkwistend uit terminaalwatertoebehore uitgelaat word nie;

b) pype of watertoebehore lek nie;

c) wanaangepaste of defektiewe watertoebehore gebruik word nie; of

d) 'n oorloop van water volgehou word nie.

2. 'n Eienaar moet enige deel van sy water- en sanitasie-installasie wat in so 'n swak toestand is dat dit 'n voorval wat in subartikel (1) genoem word, veroorsaak of waarskynlik sal veroorsaak, vervang.
3. Indien 'n eienaar versuim om maatreëls te tref soos in subartikel (2) beoog, moet die munisipaliteit, by skriftelike kennisgewing, die eienaar gelas om aan die bepalings van subartikel (1) te voldoen.
4. Die munisipaliteit kan, by skriftelike kennisgewing, die gebruik van enige toerusting in 'n water- of sanitasie-installasie deur 'n klant verbied indien, na sy mening, sy gebruik van water ondoeltreffend is. Sodanige toerusting mag nie weer gebruik word nie tensy die doeltreffendheid daarvan herstel is en 'n skriftelike aansoek om aldus te doen deur die munisipaliteit goedgekeur is.

159. Ongemagtigde en onwettige uitlaat

1. Geen persoon mag rioolvuil regstreeks of onregstreeks in 'n stormwaterriool, rivier, stroom of ander waterstroom, hetsy natuurlik of kunsmatig, uitlaat of laat uitlaat of toelaat dat dit uitgelaat word nie.
2. Die eienaar of okkupeerder van 'n perseel waarop stoom of ander vloeistof behalwe drinkbare water opgegaar, verwerk of gegenereer word, moet alle fasiliteite verskaf wat nodig is om 'n uitlaat of lekkasie van sodanige vloeistof in 'n straat, stormwaterriool of waterloop, hetsy natuurlik of kunsmatig, te voorkom, behalwe waar, in die geval van stoom, die munisipaliteit sodanige uitlaat goedgekeur het.
3. Waar die afspuit of afspoel van 'n oop gebied deur reënwater na die mening van die munisipaliteit waarskynlik die uitlaat van aanstootlike stowwe in 'n straat, stormwaterriool, rivier, stroom of ander waterloop, hetsy natuurlik of kunsmatig, sal veroorsaak, of die besoedeling van enige sodanige waterloop sal veroorsaak of daartoe sal bydra, kan die munisipaliteit, by kennisgewing, die eienaar van die perseel gelas om redelike maatreëls te tref om sodanige uitlaat of besoedeling te voorkom of te minimaliseer.
4. Geen persoon mag die volgende uitlaat of laat uitlaat of toelaat dat dit uitgelaat word nie:

a) enige stof behalwe rioolvuil, insluitende stormwater, in 'n perseelrioolinstallasie;

b) water uit 'n swembad regstreeks of onregstreeks oor enige pad of in 'n geut, stormwaterriool, waterloop, oop grond of privaat perseel behalwe die perseel van die eienaar van so 'n swembad;

c) water uit kunsmatige fonteine, reservoirs of swembaddens wat op 'n perseel geleë is, in 'n perseelrioolinstallasie, sonder die goedkeuring van die munisipaliteit en onderworpe aan die betaling van toepaslike gelde en sodanige voorwaardes wat die munisipaliteit kan stel;

d) enige rioolvuil, nywerheidsuitvloeisel of ander vloeistof of stof wat —

i) na die mening van die Tegniese Bestuurder skadelik vir die publiek kan wees of 'n oorlas vir die publiek kan veroorsaak;

ii) in die vorm van stoom of damp is of 'n temperatuur het wat 44° C oorskry by die punt waar dit die riool binnegaan;

iii) pH-waarde van minder as 6.0 het;

iv) waarskynlik 'n stof van watter aard hoegenaamd bevat wat plofbare, vlambare, giftige of skadelike gasse of dampe in enige riool kan voortbring of vrylaat;

v) 'n stof bevat wat 'n oop flitspunt van minder as 93°C het of 'n giftige damp teen 'n temperatuur van laer as 93° C vrystel;

vi) 'n stof van watter aard hoegenaamd, insluitende olie, vet of detergente, bevat wat 'n versperring vir die vloei in riole of perseelriole of inmenging met die behoorlike werking van 'n rioolvuilbehandelingswerke kan veroorsaak;

vii) enige sigbare tekens van teer of verwante produkte of distillate, bitumen of asfalt toon;

viii) 'n stof in sulke konsentrasies bevat dat dit 'n ongewenste smaak na chlorering of 'n onwenslike reuk of kleur, of oormatige skuim kan voortbring;

ix) óf 'n groter PV of COD(Chemiese Suurstofbehoefte)-waarde, 'n laer pH-waarde of 'n hoër bytalkaliniteit of elektriese geleivermoë het as wat in Skedule A gespesifiseer word, sonder die vooraf goedkeuring en onderworpe aan die betaling van toepaslike gelde en sodanige voorwaardes as wat die munisipaliteit kan stel;

x) 'n stof bevat wat na die mening van die Tegniese Bestuurder —

(aa) nie by die rioolvuilbehandelingswerke waarheen dit uitgelaat kon word, behandel kan word nie; of

(bb) die behandelingsprosesse by die rioolvuilbehandelingswerke waarheen dit uitgelaat kon word, negatief sal beïnvloed; of

(cc) 'n negatiewe impak sal hê op die vermoë van die rioolvuilbehandelingswerke om uitlate te produseer wat sal voldoen aan die afvalwateruitlaatstandaarde wat ingevolge die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet no. 36 van 1998) gestel is; of

i) hetsy alleen of in kombinasie met 'n ander stof —

(aa) 'n toksiese stof genereer of uitmaak wat gevaarlik is vir die gesondheid van mense wat by die rioolvuilbehandelingswerke werk of die raad se riole of mangate in die loop van hulle pligte binnegaan; of

(bb) skadelik is vir riole, behandelingsaanlegte of grond wat vir die wegdoening van behandelde afvalwater gebruik word; of

(cc) enige van die prosesse waarvolgens rioolvuil behandel word of enige hergebruik van rioolvuiluitvloeisel nadelig beïnvloed.

5. Geen persoon mag die opeenhoping van vet, olie of vaste stof in enige perseelrioolinstallasie veroorsaak of toelaat wat die effektiewe funksionering daarvan nadelig sal beïnvloed nie.

6. Die munisipaliteit kan, nieteenstaande enige ander stappe wat ingevolge hierdie verordeninge gedoen kan word, op enige persoon wat nywerheidsuitvloeisel of 'n stof wat ongemagtig of onwettig is uitlaat, alle koste wat deur die munisipaliteit as gevolg van sodanige uitlaat aangegaan word, verhaal, insluitende koste wat spruit uit —

a) besering van persone, skade aan die sanitasiestelsel; of

b) 'n vervolging ingevolge die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet no. 36 van 1998).

160. Onwettige heraansluiting

'n Klant wie se toegang tot watervoorsieningsdienste ingekort of gestaak is en wat daardie dienste opsetlik heraansluit of wat opsetlik of nalatig inmeng met infrastruktuur waardeur watervoorsieningsdienste verskaf word, se dienste sal met skriftelike kennisgewing gestaak word.

161. Inmenging met infrastruktuur

1. Geen persoon mag onwettig of opsetlik of nalatig inmeng met infrastruktuur waardeur die munisipaliteit munisipale dienste verskaf nie.

2. Indien 'n persoon subartikel (1) oortree, kan die munisipaliteit —

a) by skriftelike kennisgewing so 'n persoon gelas om die inmenging op sy eie koste binne 'n gespesifiseerde tydperk te staak of reg te stel; of

b) indien hy van mening is dat die situasie 'n saak van dringendheid is, sonder vooraf kennisgewing die inmenging regstel en die koste op sodanige persoon verhaal.

162. Pype in strate of openbare plekke

Geen persoon mag vir die doel van vervoer van water of rioolvuil uit watter bron ook al afkomstig, 'n pyp of gepaardgaande komponent op, in of onder 'n straat, openbare plek of ander grond wat aan 'n munisipaliteit behoort of onder sy beheer is, lê of bou nie, behalwe met die voorafverkreë skriftelike toestemming van die munisipaliteit en onderworpe aan sodanige voorwaardes wat hy kan stel.

163. Gebruik van water uit ander bronne as die watertoevoerstelsel

1. Geen persoon mag water wat uit 'n ander bron as die watertoevoerstelsel verkry is, behalwe reënwatertenks wat nie by die waterinstallasie aangesluit is nie, gebruik of die gebruik daarvan toelaat nie, behalwe met die voorafverkreë goedkeuring van die Tegniese Bestuurder en ooreenkomstig sodanige voorwaardes wat hy kan stel vir huishoudelike, kommersiële of nywerheidsdoeleindes.
2. 'n Persoon wat die toestemming wil hê wat in subartikel (1) bedoel word, moet die Tegniese Bestuurder voorsien van bewys wat hom tevrede stel dat die water wat in subartikel (1) bedoel word, hetsy as gevolg van behandeling of andersins, voldoen aan die vereistes van SANS 241: Drinkwater, of dat die gebruik van sodanige water nie 'n gevaar vir gesondheid uitmaak of sal uitmaak nie.
3. Enige toestemming wat ingevolge subartikel (1) gegee word, kan teruggetrek word indien, na die mening van die Tegniese Bestuurder —

a) 'n voorwaarde wat ingevolge subartikel (1) gestel word, verbreek is; of

b) die watergehalte nie meer voldoen aan die vereistes wat in subartikel (2) bedoel word nie.

4. Die Tegniese Bestuurder kan monsters neem van water wat uit 'n ander bron as die watervoorsieningstelsel verkry is en kan die monsters laat toets vir voldoening aan die vereistes wat in subartikel (2) bedoel word.
5. Die vasgestelde geld vir die neem en toets van die monsters wat in subartikel (4) bedoel word, moet betaal word deur die persoon aan wie toestemming ingevolge subartikel (1) verleen is.
6. Indien water wat uit 'n boorgat of ander voorraadbron op 'n perseel verkry word, gebruik word vir 'n doel wat aanleiding gee tot die uitlaat van sodanige water of 'n deel daarvan in die munisipaliteit se rioolstelsel, kan die munisipaliteit 'n meter installeer in die pyp wat van sodanige boorgat of ander voorraadbron lei na die punt of punte waar dit aldus gebruik gaan word.
7. Die bepalings van artikel 20 geld in soverre dit van toepassing kan wees ten opsigte van die meetinstrument wat in subartikel (4) bedoel word.

164. Gebruik van terreinsanitasiedienste wat nie by die sanitasiestelsel aangesluit is nie

1. Geen persoon mag terreinsanitasiedienste wat nie by die munisipaliteit se sanitasiestelsel aangesluit is, gebruik of die gebruik daarvan toelaat nie, behalwe met die voorafverkreë goedkeuring van die Tegniese Bestuurder en ooreenkomstig sodanige voorwaardes wat hy kan stel vir huishoudelike, kommersiële en nywerheidsdoeleindes.
2. 'n Persoon wat die toestemming wil hê wat in subartikel (1) bedoel word, moet die Tegniese Bestuurder voorsien van bewys wat hom tevrede stel dat die sanitasiefasiliteit waarskynlik nie 'n nadelige uitwerking op gesondheid of die omgewing sal hê nie.
3. Enige toestemming wat ingevolge subartikel (1) gegee word, kan teruggetrek word indien, na die mening van die Tegniese Bestuurder –

a) 'n voorwaarde wat ingevolge subartikel (1) gestel is, verbreek is; of

b) die sanitasiefasiliteit 'n nadelige uitwerking op gesondheid of die omgewing het.

4. Die Tegniese Bestuurder kan sodanige ondersoeke doen wat hy nodig mag ag om te bepaal of 'n sanitasiefasiliteit 'n nadelige uitwerking op gesondheid of die omgewing het.

5. Die persoon aan wie toestemming ingevolge subartikel (1) gegee is, is aanspreeklik vir die koste wat gepaard gaan met 'n ondersoek ingevolge subartikel (2) as die resultaat van die ondersoek daarop dui dat die sanitasiefasiliteit 'n nadelige uitwerking op gesondheid of die omgewing het.

HOOFSTUK 8: KENNISGEWINGS

165. Bevoegdheid om te beteken en voldoening aan kennisgewings

1. Die munisipaliteit kan, by skriftelike kennisgewing, 'n eienaar, klant of enige ander persoon wat deur handeling of late versuim om aan die bepalings van hierdie verordeninge te voldoen of enige voorwaarde na te kom wat daarin gestel is, gelas om sy versuim reg te stel binne 'n tydperk wat in die kennisgewing gespesifiseer word, welke kennisgewing nie minder as dertig dae mag wees nie, behalwe waar 'n kennisgewing ingevolge artikel 18 uitgereik is, wanneer die tydperk nie minder as sewe dae mag wees nie.
2. Indien 'n persoon versuim om binne die gespesifiseerde tydperk te voldoen aan 'n skriftelike kennisgewing wat ingevolge hierdie verordeninge deur die munisipaliteit aan hom beteken is, kan die munisipaliteit sodanige stappe doen wat na sy mening nodig is om voldoening te verseker, insluitende —

a) om die nodige werk self te doen en die koste van sodanige stappe of werk op die eienaar, verbruiker of ander persoon te verhaal;

b) om die verskaffing van dienste te beperk of te staak; en

c) om regstappe in te stel.

3. 'n Kennisgewing ingevolge subartikel (1) moet —

a) besonderhede verstrek van enige bepaling van die verordeninge waaraan nie voldoen is nie;

b) die eienaar, verbruiker of ander persoon 'n redelike geleentheid gee om binne 'n gespesifiseerde tydperk vertoë te rig en sy saak skriftelik aan die munisipaliteit te stel, tensy die eienaar, verbruiker of ander persoon so 'n geleentheid gegee is voordat die kennisgewing uitgereik is;

c) die stappe spesifiseer wat die eienaar, verbruiker of ander persoon moet doen om die versuim om te voldoen na te kom;

d) die tydperk spesifiseer waarbinne die eienaar, verbruiker of ander persoon die gespesifiseerde stappe moet doen om sodanige versuim reg te stel; en

e) aandui dat die munisipaliteit —

   i. enige werk kan onderneem wat nodig is om 'n versuim om aan 'n kennisgewing te voldoen, reg te stel en die koste vir die munisipaliteit van regstelling op die eienaar, verbruiker of ander persoon wat versuim het om daaraan te voldoen, kan verhaal; en
   ii. enige ander stappe kan doen wat hy nodig ag om voldoening te verseker.

4. In die geval van 'n noodgeval kan die munisipaliteit, sonder vooraf kennisgewing aan enigiemand, die werk wat deur subartikel (3)(e)(i) vereis word doen, en die koste verhaal op 'n persoon wat, as dit nie vir die noodgeval was nie, ingevolge subartikel (1) in kennis gestel sou moes word.
5. Die koste wat deur die munisipaliteit ingevolge subartikels (3) en (4) verhaalbaar is, is die volle koste wat met die herstel van die skade gepaard gaan en sluit in, maar is nie beperk nie tot, enige verkennende ondersoek, opmetings, planne, spesifikasies, hoeveelheidslyste, toesig, administrasiekoste, die gebruik van werktuie, die uitgawe aan arbeid wat betrokke is by die versteuring of rehabilitasie van enige deel van 'n straat of grond wat deur die herstel beïnvloed is en die omgewingskoste.

HOOFSTUK 9: APPÈLLE

166. Appèlle teen besluite van die munisipaliteit

1. 'n Klant kan skriftelik appèl aanteken teen 'n besluit van, of 'n kennisgewing deur, die munisipaliteit ingevolge hierdie verordeninge.
2. 'n Appèl ingevolge subartikel (1) moet skriftelik geskied en binne 14 (veertien) dae nadat 'n klant van die besluit of kennisgewing bewus geword het, by die munisipaliteit ingedien word en moet —

a) die redes vir die appèl uiteensit; en

b) vergesel gaan van 'n sekuriteit wat deur die munisipaliteit vasgestel is vir die toets van 'n meettoestel, as dit getoets is.

3. Die munisipaliteit moet binne 14 (veertien) dae nadat 'n appèl ingedien is, oor 'n appèl besluit, en die klant moet so gou moontlik daarna skriftelik van die uitslag verwittig word.
4. Die besluit van die munisipaliteit is finaal.
5. Die munisipaliteit kan die laat indiening van appèlle of ander prosedurele onreëlmatighede kondoneer.

HOOFSTUK 10: MISDRYWE

167. Misdrywe

1. Behoudens subartikel (2), is 'n persoon wat —

a) die munisipaliteit in die uitvoering van die bevoegdhede of verrigting van funksies of pligte kragtens hierdie verordeninge dwarsboom of hinder,

b) munisipale toerusting, die watervoorsieningstelsel, sanitasiestelsel en netwerk of die verbruik van dienste wat gelewer word, gebruik of daarmee peuter of inmeng,

c) 'n bepaling van hierdie verordeninge, behalwe 'n bepaling wat op betaling vir munisipale dienste betrekking het, oortree of versuim om daaraan te voldoen,

d) versuim om te voldoen aan die bepalings van 'n kennisgewing wat ingevolge hierdie verordeninge aan hom beteken is, skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of by wanbetaling met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 6 maande, en in die geval van 'n voortgesette misdryf, met 'n verdere boete van hoogstens R800, of by wanbetaling, met gevangenisstraf van hoogstens een dag vir elke dag wat sodanige misdryf voortduur, nadat 'n skriftelike kennisgewing deur die munisipaliteit uitgereik is en aan die betrokke persoon beteken is waarin die beëindiging van so 'n misdryf vereis word.

2. 'n Persoon wat nie kan bekostig om 'n boete te betaal nie, sal nie strafbaar met gevangenisstraf wees nie, en is in plaas daarvan strafbaar met 'n tydperk van gemeenskapsdiens.

3. 'n Persoon wat die bepalings van hierdie verordeninge oortree, is aanspreeklik om die munisipaliteit te vergoed vir enige verlies of skade wat hy as gevolg van die oortreding gely het.

HOOFSTUK 11: DOKUMENTASIE

168. Ondertekening van kennisgewings en dokumente

'n Kennisgewing of dokument wat ingevolge hierdie verordeninge deur die munisipaliteit uitgereik word en wat voorgee onderteken te wees deur 'n personeellid van die munisipaliteit, word geag behoorlik uitgereik te gewees het en moet by blote voorlegging daarvan deur 'n hof as prima facie-bewys van daardie feit aanvaar word.

169. Beteken van kennisgewings

1. 'n Kennisgewing, lasgewing of ander dokument wat ingevolge hierdie verordeninge aan 'n persoon beteken word moet, behoudens die bepalings van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977), persoonlik beteken word, by versuim waarvan dit as behoorlik beteken geag kan word —

a) wanneer dit by 'n persoon se dorp, woonplek of besigheid of werk in die Republiek gelaat is by 'n persoon wat oënskynlik ouer as 16 jaar is;

b) wanneer dit per geregistreerde of gesertifiseerde pos aan 'n persoon se laaste bekende woonadres of besigheidsadres in die Republiek gestuur is en 'n erkenning van die pos daarvan by die posdiens verkry is;

c) indien 'n persoon se adres in die Republiek onbekend is, wanneer dit op 'n manier waarvoor daar in subartikels (a), (b) of (d) voorsiening gemaak word, aan daardie persoon se agent of verteenwoordiger in die Republiek beteken is; of

d) indien daardie persoon se adres en agent of verteenwoordiger in die Republiek onbekend is, wanneer dit op 'n opvallende plek op die eiendom of perseel, indien enige, waarop dit betrekking het, geplaas is.

2. Prosesstukke is effektief en doeltreffend aan die munisipaliteit beteken wanneer dit by die munisipale bestuurder of persoon in beheer van die munisipale bestuurder se kantoor afgelewer word.

3. Wanneer 'n kennisgewing of ander dokument gemagtig moet word of beteken moet word aan die eienaar of okkupeerder van 'n eiendom, of aan 'n persoon wat 'n reg op, of ten opsigte van, 'n eiendom hou, is dit afdoende as daardie persoon in die kennisgewing of ander dokument as die eienaar, okkupeerder of houer van die reg op of ten opsigte van die eiendom beskryf word, en dit is nie nodig om sy naam te noem nie.

4. Waar nakoming van 'n kennisgewing binne 'n gespesifiseerde aantal werkdae vereis word, begin die tydperk wat vereis word op die datum waarop die kennisgewing beteken is of wanneer dit die eerste keer op enige manier gegee is soos in hierdie verordeninge bedoel word.

170. Waarmerk van dokumente

1. Elke lasgewing, kennisgewing of ander dokument wat waarmerking deur die munisipaliteit vereis, is afdoende gewaarmerk indien dit onderteken is deur die munisipale bestuurder, deur 'n behoorlik gemagtigde beampte van die munisipaliteit of deur die bestuurder van die munisipaliteit se gemagtigde agent.

2. Magtiging om te magtig, soos in subartikel (1) bedoel, moet verleen word deur 'n besluit van die munisipaliteit, deur 'n skriftelike ooreenkoms of deur 'n verordening.

171. Prima facie-bewys

In regsverrigtinge deur of namens die munisipaliteit maak 'n sertifikaat wat 'n bedrag geld weerspieël wat voorgee aan die munisipaliteit verskuldig en betaalbaar te wees, as dit deur die munisipale bestuurder of 'n werknemer van die munisipaliteit met geskikte kwalifikasies wat

deur die munisipale bestuurder gemagtig is om te teken, of die bestuurder van die munisipaliteit se gemagtigde agent onderteken is, by blote voorlegging prima facie-bewys van die verskuldigdheid uit.

HOOFSTUK 12: ALGEMENE BEPALINGS

172. Verantwoordelikheid vir nakoming van hierdie verordeninge

1. Die eienaar van 'n perseel is verantwoordelik om nakoming van hierdie verordeninge ten opsigte van alle of enige aangeleenthede met betrekking tot water en die installering en instandhouding van sanitasie te verseker.
2. Die klant is verantwoordelik vir nakoming van hierdie verordeninge ten opsigte van aangeleenthede met betrekking tot die gebruik van water en die installering en instandhouding van sanitasie.

173. Verskaffing van inligting

'n Eienaar, okkupeerder, klant of persoon binne die voorsieningsgebied van die munisipaliteit moet die munisipaliteit van akkurate inligting voorsien wat deur die munisipaliteit versoek word en wat redelikerwys deur die munisipaliteit vereis word vir die implementering of toepassing van hierdie verordeninge.

174. Magte van betreding en inspeksie

1. Die munisipaliteit kan te alle redelike tye, nadat redelike skriftelike kennisgewing aan die okkupeerder van die perseel gegee is van die voorneme om dit te doen, 'n perseel betree en inspekteur vir enige doel wat met die implementering of toepassing van hierdie verordeninge verband hou.
2. Enige betreding en inspeksie moet verrig word in ooreenstemming met die vereistes van die Grondwet van Suid-Afrika, 1996, en enige ander wet en, in die besonder, met streng inagneming van ordentlikheid en orde, respek vir 'n persoon se waardigheid, vryheid en sekuriteit en persoonlike privaatheid.
3. Die munisipaliteit se verteenwoordiger kan vergesel word deur 'n tolk of enige ander persoon wat redelikerwys nodig is om die gemagtigde beampte met die uitvoer van die inspeksie te help.
4. 'n Persoon wat die munisipaliteit verteenwoordig moet, op versoek, sy identifikasie toon.

175. Vrywaring van aanspreeklikheid

Nóg 'n werknemer van die munisipaliteit nóg enige persoon, liggaam, organisasie of korporasie wat namens die munisipaliteit optree, is aanspreeklik vir enige skade wat ontstaan uit enige handeling of versuim wat in goeie trou in die loop van sy of haar pligte gedoen is, tensy die skade deur 'n onregmatige en opsetlike daad of nalatigheid veroorsaak word.

176. Vrystelling

1. Die Tegniese Bestuurder kan 'n eienaar, klant, enige ander persoon of kategorie eienaars, belastingbetalers of gebruikers van dienste skriftelik vrystel van nakoming van 'n bepaling van hierdie verordeninge, onderworpe aan enige voorwaardes wat hy mag stel, indien hy van mening is dat die toepassing of werking van daardie bepaling onredelik sal wees, met dien verstande dat die Tegniese Bestuurder nie vrystelling van enige artikel van hierdie verordeninge mag verleen nie wat kan lei tot —

a) die verkwisting of buitensporige gebruik van munisipale dienste;

b) 'n beduidende negatiewe uitwerking op openbare gesondheid, veiligheid of die omgewing;

c) die nie-betaling vir dienste;

d) die nie-nakoming van die Wet of enige regulasies wat daarkragtens uitgevaardig is.

2. Die munisipaliteit kan te eniger tyd nadat skriftelike kennis van minstens dertig dae gegee is, enige vrystelling wat ingevolge subartikel (1) gegee is, terugtrek.

177. Strydigheid van wette

Indien daar enige teenstrydigheid tussen hierdie verordeninge en enige ander verordeninge van die munisipaliteit is, geld hierdie verordeninge.

178. Oorgangsreëlings

1. Installeringswerk wat deur die munisipaliteit voor die inwerkingtredingsdatum van hierdie verordeninge gemagtig is of gemagtigde installeringswerk wat op daardie datum aan die gang is, word geag ingevolge hierdie verordeninge gemagtig te gewees het; en die munisipaliteit kan, vir 'n tydperk van 90 (negentig) dae na die inwerkingtreding van hierdie verordeninge, installeringswerk magtig ooreenkomstig die verordeninge wat daardie werk onmiddellik voor die afkondiging van hierdie verordeninge gereguleer het.
2. 'n Verwysing in hierdie verordeninge na gelde wat deur die munisipale raad vasgestel is, word geag 'n verwysing te wees na gelde wat deur die munisipale raad vasgestel is kragtens die wette wat deur artikel 114 herroep is, tot die effektiewe datum van enige toepaslike gelde wat deur die munisipale raad ingevolge hierdie verordeninge vasgestel kan word, of verordeninge betreffende kredietbeheer en skuldinvordering, en enige verwysing na 'n bepaling in die wette wat deur artikel 114 herroep word, word geag 'n verwysing na 'n ooreenstemmende bepaling in hierdie verordeninge te wees.
3. Enige goedkeuring, toestemming of vrystelling wat gegee is kragtens die wette wat deur artikel 114 herroep is, behalwe die bepalings van (3), bly geldig.
4. Daar sal van geen klant vereis word om aan hierdie verordeninge te voldoen deur 'n waterinstallasie of deel daarvan wat geïnstalleer is ooreenkomstig enige wette wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie verordeninge van toepassing was, te verander nie; met dien verstande dat indien, na die mening van die Tegniese Bestuurder, die installering of deel daarvan so defektief is of in 'n toestand of posisie is wat verkwisting of onbehoorlike verbruik van water, besoedeling van die watertoevoer of 'n gesondheidsgevaar kan veroorsaak, die Tegniese Bestuurder by kennisgewing die klant kan gelas om aan die bepalings van hierdie verordeninge te voldoen.

179. Herroeping van bestaande munisipale waterdiensteverordeninge

Die bepalings van enige verordeninge betreffende watervoorsiening en sanitasiedienste van die munisipaliteit word hiermee herroep vir sover dit betrekking het op aangeleenthede waarvoor daar in hierdie verordeninge voorsiening gemaak word.

180. Kort titel en inwerkingtreding

1. Hierdie verordeninge heet die Waterdiensteverordeninge van die Thembelihle Munisipaliteit.
2. Die munisipaliteit kan, by kennisgewing in die Provinsiale Koerant, bepaal dat die bepalings van hierdie verordeninge, in die kennisgewing gelys, nie in sekere gebiede binne sy regsgebied wat in die kennisgewing gelys word, vanaf 'n datum wat in die kennisgewing gespesifiseer word, van toepassing is nie.
3. Tensy 'n kennisgewing wat in subartikel (2) bedoel word, uitgereik word, is hierdie verordeninge bindend.

SKEDULE A: PERKE VAN KONSENTRASIE VAN STOWWE WAT IN DIE MUNISIPALITEIT SE SANITASIESTELSEL UITGELAAT KAN WORD

Parameter	Toegelate spesifikasie
PV - nie oorskry nie	1400 ml/l
Ph binne bestek	6,0 – 10,0
Elektriese geleivermoë— nie groter nie as	500 m S / m by 20 °C
Bytalkaliniteit (uitgedruk as CaCO3)	2 000 mg / l
Stof nie in oplossing (insluitende vet, olie, ghries, was en soortgelyke stowwe)	2 000 mg / l
Stowwe oplosbaar in petroleum-eter	500 mg / l
Sulfied, waterstofsulfied en polisulfied (uitgedruk as S)	50 mg / l
Stowwe waaruit waterstofsianied in die perseelrioolinstallasie, riool of rioolvuilbehandelingswerke vrygelaat kan word (uitgedruk as HCN)	20 mg / l
Formaldehied (uitgedruk as HCHO)	50 mg / l
Nie-organiese vaste stowwe in suspensie	100 mg / l
Chemiese suurstofbehoefte (CO)	5 000 mg / l
Alle suikers en/of stysels (uitgedruk as glukose)	1 500 mg / l
Beskikbare chloor (uitgedruk as Cl)	100 mg / l
Sulfate (uitgedruk as SO4)	1 800 mg / l
Fluoor-bevattende verbindings (uitgedruk as F)	5 mg / l
Anioniese oppervlakaktiewe middel	500 mg / l

METALE:

Groep 1:

Metaal	Uitgedruk as
Mangaan	Mn
Chroom	Cr
Koper	Cu
Nikkel	Ni
Sink	Zn
Yster	Fe
Silwer	Ag
Kobalt	Co
Wolfram	W
Titaan	Ti
Kadmium	Cd

Die totale kollektiewe konsentrasie van alle metale in Groep 1 (uitgedruk soos hierbo aangedui) in 'n monster van die uitvloeisel mag nie 50 mg / l oorskry nie, en die konsentrasie van 'n individuele metaal in die monster mag ook nie 10 mg / l oorskry nie.

Groep 2:

Metaal	Uitgedruk as
Lood	Pb
Seleen	Se
Kwik	Hg

Die totale kollektiewe konsentrasie van alle metale in Groep 2 (uitgedruk soos hierbo aangedui) in 'n monster van die uitvloeisel mag nie 10 mg / l oorskry nie, en die konsentrasie van 'n individuele metaal in die monster mag ook nie 5 mg / l oorskry nie.

ANDER ELEMENTE

Element	Uitgedruk as
Arseen	As
Boor	B

Die totale kollektiewe konsentrasie van alle elemente (uitgedruk soos hierbo aangedui) in 'n monster van die uitvloeisel mag nie 20 mg / l oorskry nie.

RADIO-AKTIEWE AFVAL

Radio-aktiewe afval of isotope: So 'n konsentrasie as wat deur die Atoomenergieraad of 'n Nasionale Departement neergelê is:

Met dien verstande dat, nieteenstaande die vereistes wat in hierdie Deel uiteengesit word, die munisipaliteit die reg voorbehou om die totale massa van enige stof of onsuiwerheid wat per 24 uur in die sanitasiestelsel vanaf 'n perseel uitgelaat word, te beperk.

TOETSMETODE

Die toetsmetode om die konsentrasie van 'n stof in hierdie Skedule te bepaal, moet die toets wees wat normaalweg deur die munisipaliteit vir hierdie doeleindes gebruik word. 'n Persoon wat 'n stof waarna daar in hierdie Skedule verwys word, uitlaat, moet die besonderhede van die toepaslike toets by die munisipaliteit vasstel.

SKEDULE B: AANSOEKVORM VIR DIE UITLAAT VAN NYWERHEIDSUITVLOEISEL IN DIE MUNISIPALITEIT SE SANITASIESTELSEL

(Vul aansoek asseblief in hoofblokletters in)

Ek (naam): _____

die ondergetekende, behoorlik gemagtig om op te tree namens

_____

en hierna die aansoeker genoem, doen hiermee ingevolge die Waterdiensteverordeninge van die munisipaliteit aansoek om goedkeuring om nywerheidsuitvloeisel in die munisipaliteit se sanitasiestelsel uit te laat ooreenkomstig die inligting wat hierin verstrek word.

DEEL I

1. AARD VAN DIE BETROKKE BESIGHEID OF NYWERHEID:

_____

2. NAAM OF STYL WAARONDER DIE BESIGHEID OF NYWERHEID BEDRYF WORD:

_____

3. POSADRES VAN DIE BESIGHEID OF NYWERHEID:

_____

4. FISIESE STRAATADRES:

_____

_____

ERF NO OF PLAASGEDEELTE: _____VOORSTAD OF PLAAS:_____

5. Indien die besigheid of nywerheid deur 'n maatskappy of beslote korporasie bedryf word, meld die naam van die sekretaris, en as dit 'n vennootskap is, meld die name van die vennote:

_____

6. IS DIT 'N NUWE OF GEVESTIGDE BESIGHEID: _____

7. BESKRYWING VAN NYWERHEID- OF HANDELSPROSES WAT DIE UITVLOEISEL SAL VOORTBRING:

_____

_____

_____

8. INLIGTING MET BETREKKING TOT WERKNEMERS:

Kantoor	Fabriek
Totale aantal daaglikse werknemers (nie by (4) ingesluit nie):	
(2) Aantal skofte per dag gewerk:	
(3) Aantal dae per week gewerk :	
(4) Aantal persone op die perseel woonagtig:	
(5) Word 'n kantien voorsien? :	

DEEL II

INLIGTING MET BETREKKING TOT DIE VERBRUIK VAN WATER

1. TOTALE AANTAL LITER WATER IN SES MAANDE VERBRUIK:

Meter No	Meter No	Meter No	Totaal
Water by die munisipaliteit gekoop			
Water uit boorgat of ander bron			
Water wat met grondstowwe binnekom			
Deel van aanleg deur meter bedien			
Totaal A			

2. WATERVERBRUIK

(1) Nywerheidsgebruik kl/maand

(i) Hoeveelheid water in produk .....

(ii) Hoeveelheid water deur verdamping verlore gegaan .....

(iii) Hoeveelheid water as ketelaanvulling gebruik .....

(iv) Hoeveelheid water vir ander gebruike (bv. verkoeling, tuine, ens) .....

TOTAAL B _____

(2) Huishoudelike gebruik kl/maand

(i) Totale aantal werknemers (laat 1 kiloliter/persoon/maand toe) .....

(ii) Totale aantal werknemers permanent op die perseel woonagtig, bv. hostels (laat 1 kiloliter/persoon/maand toe) .....

TOTAAL C _____

3. UITVLOEISEL IN SANITASIESTELSEL UITGELAAT

(1) Gemeterde volume (indien bekend) kl/ maand

(2) Geraamde ongemeterde volume (sien hieronder *) kl/ maand

(3) Geraamde uitlaattempo .....

(4) Tydperk van maksimum uitlaat (bv. 07:00 tot 08:00) .....

* In geval geen uitvloeiselmeter op die perseel geïnstalleer is nie, word die geraamde volume ongemeterde uitvloeiseluitlaat in riool soos volg bereken:

A – (B + C) = ...kiloliter/maand

DEEL III

INLIGTING MET BETREKKING TOT DIE SAMESTELLING VAN NYWERHEIDSUITVLOEISEL

Inligting met betrekking tot die chemiese en fisiese eienskappe van die uitvloeisel wat uitgelaat gaan word:

(1) Maksimum temperatuur van uitvloeisel °C
(2) pH-waarde Ph
(3) Aard en hoeveelheid besinkbare vaste stowwe
(4) Organiese inhoud (uitgedruk as Chemiese Suurstofbehoefte)
(5) Maksimum totale daaglikse uitlaat (kiloliter)
(6) Maksimum uitlaattempo (kiloliter / hr)
(7) Periodes van maksimum uitlaat (bv. 07:00 tot 08:00)
(8) Indien enige van die stowwe of hulle soute, in die tabel gespesifiseer, op die perseel gevorm word, moet 'n kruis geplaas word in die ruimte waarin die stof verskyn en, indien moontlik, moet die gemiddelde konsentrasie van hierdie stof wat waarskynlik in enige uitvloeisel aanwesig sal wees, ook gemeld word.

TABEL

ELEMENTE		VERBINDINGS		ANDER STOWWE	
Arseen	mg/l	Ammonium	mg/l	Ghries en/of olie	mg/l
Boor	mg/l	Nitraat	mg/l	Stysel en/of suikers	mg/l
Kadmium	mg/l	Sulfied	mg/l	Sintetiese detergente	mg/l
Chroom	mg/l	Sulfaat	mg/l	Teer en / of teerolies	mg/l
Kobalt	mg/l	Ander (spesifiseer)	mg/l	Vlugtige oplossers	mg/l
Koper	mg/l			Ander (spesifiseer)	mg/l
Sianied	mg/l				
Yster	mg/l				
Lood	mg/l				
Mangaan	mg/l				
Kwik	mg/l				
Nikkel	mg/l				
Seleen	mg/l				
Wolfram	mg/l				
Titaan	mg/l				
Sink	mg/l				
Ander (spesifiseer)	mg/l				

(9) Enige verdere inligting oor die soort of aard, chemiese samestellings, konsentrasies of ander eienskappe eie aan die nywerheidsuitvloeisel moet op 'n afsonderlike vel verstrek en hierby aangeheg word.

DEEL IV

VOORWAARDES BETREFFENDE DIE AANVAARDING VAN NYWERHEIDSUITVLOEISEL

1. Die aansoeker moet beskrywings en 'n staat van die afmetings van vet- en olievangers, roosters, verdunnings- en neutralisasietenks en enige ander voorsiening wat vir die behandeling van die uitvloeisel voor uitlaat in die sanitasiestelsel gemaak word, verstrek.
2. Die aansoeker moet, indien versoek, planne by die munisipaliteit indien waarop die netwerkstelsels op sy perseel vir water en nywerheidsuitvloeisel aangedui word.
3. Die aansoeker moet, benewens voldoening aan die bepalings van die munisipaliteit se Waterdiensteverordeninge wat op die beskerming van sy werknemers, riole en behandelingsaanleg teen skade gerig is, voldoen aan enige voorskrif betreffende sodanige beskerming wat mondeling of skriftelik deur die Tegniese Bestuurder gegee word met die doel om die aansoeker se nakoming van die genoemde verordeninge te verseker.
4. Die aansoeker moet die munisipaliteit so gou as moontlik nadat hy daarvan bewus word, of ten minste 14 dae voordat enigiets gedoen word om wesenlike verandering te veroorsaak aan die aard van of hoeveelheid nywerheidsuitvloeisel wat in hierdie aansoek gespesifiseer word of van enigeen van die feite wat hierin deur hom gemeld is, daarvan in kennis stel.
5. Die aansoeker moet, binne 30 dae vanaf die datum van ondertekening van hierdie aansoek, 'n akkurate verteenwoordigende monster van nie minder nie as 5 liter van die nywerheidsuitvloeisel wat in die riool uitgelaat gaan word, verkry, welke monster vry van huishoudelike rioolvuil moet wees, en een helfte daarvan vir ontleding aan die munisipaliteit voorlê en ook aan die Tegniese Bestuurder 'n verslag oor die monster deur 'n ontleder wat deur hom aangestel is, voorlê: Met dien verstande dat in die geval van 'n nuut gestigte nywerheid die gespesifiseerde tydperk deur die munisipaliteit verleng kan word vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of sodanige verdere verlengde tydperke as wat die munisipaliteit na sy goeddunke kan goedkeur.
6. Die aansoeker verklaar hierby en waarborg dat die inligting wat deur hom in hierdie vorm, of andersins, in verband met hierdie aansoek verstrek is, na die beste van sy wete in alle opsigte korrek is.
7. Die aansoeker gaan akkoord dat die genoemde inligting, wat in alle opsigte korrek is, die grondslag uitmaak waarop hierdie aansoek deur die munisipaliteit goedgekeur word.

Aldus gedaan in ..... deur die aansoeker op hierdie ..... dag van .....20 .....

.....

Handtekening en hoedanigheid van die aansoeker

SKEDULE C: FORMULE VIR DIE BEREKENING VAN UITVLOEISELUITLAATGELDE

1. Die bykomende gelde vir nywerheidsuitvloeisel vir die wegdoening van hoësterkterioolvuil in 'n afvalwaterbehandelingsaanleg word ooreenkomstig die volgende formule vasgestel:

Waar Tc = Buitengewone Behandelingskoste vir Verbruiker

Qc = Afvalwatervolume deur verbruiker uitgelaat in kl

t = Eenheidbehandelingskoste van afvalwater in R/kl

CODc = Totale COD van afvalwater deur verbruiker uitgelaat in milligram/liter en sluit in beide die bioafbreekbare en nie-bioafbreekbare gedeelte van die CSB

CODd = Totale COD van huishoudelike afvalwater in milligram per liter

Pc = Orto-fosfaatkonsentrasie van afvalwater deur verbruiker uitgelaat in milligram fosfor per liter

Pd = Orto-fosfaatkonsentrasie van huishoudelike afvalwater in milligram fosfor per liter

Nc = Ammoniakkonsentrasie van afvalwater deur verbruiker uitgelaat in milligram stikstof per liter

Nd = Ammoniakkonsentrasie van huishoudelike afvalwater in milligram stikstof per liter

a = Gedeelte van die koste wat regstreeks met COD verband hou

b = Gedeelte van die koste wat regstreeks met die verwydering van fosfate verband hou

c = Gedeelte van die koste wat regstreeks met die verwydering van nitrate verband hou

Verskillende terme	Waarde
T	R0.82/kl
CODd	600 mg/l
10 mg/l	
Nd	25 mg/l
A	0.6
B	0.25
C	0.15

AANHANGSEL A: UITTREKSEL UIT DIE WETGEWING WAT UITEENSIT WAT IN VERORDENINGE HANTEER MOET WORD

Die Wet op Waterdienste

Artikel 21 van die Wet op Waterdienste bepaal soos volg:

"21 Verordeninge

(4) Elke waterdiensteowerheid moet verordeninge uitvaardig wat voorwaardes bevat vir die verskaffing van waterdienste, en wat voorsiening moet maak vir minstens —

(a) die standaard van die dienste;[1]

(b) die tegniese voorsieningsvoorwaardes, met inbegrip van gehaltestandaarde, eenhede of standaarde van meting, verifikasie van meters, aanvaarbare foutperke en prosedures vir die arbitrasie van geskille rakende die meet van waterdienste wat verskaf is;[2]

(c) die installering, verandering, bedryf, beskerming en inspeksie van waterdienstewerke en verbruikersinstallasies;

(d) die bepaling en struktuur van tariewe ooreenkomstig artikel 10;[3]

(e) die betaling en invordering van geld verskuldig vir die waterdienste;

(f) die omstandighede waaronder waterdienste ingekort of gestaak kan word en die prosedure vir sodanige inkorting of staking;[4] en

(g) die voorkoming van onwettige koppelings met waterdienstewerke en die onwettige of verkwistende gebruik van water.

(2) Voorwaardes waarop waterdienste verskaf word —

---

[1] Sien Regulasies met betrekking tot verpligte nasionale standaarde en maatreëls om water te bespaar, afgekondig ingevolge artikels 9(1) en 73(1) van die Wet op Waterdienste – Goewermentskennisgewing R509, 8 Junie 2001

[2] Sien Regulasies met betrekking tot verpligte nasionale standaarde en maatreëls om water te bespaar, afgekondig ingevolge artikels 9(1) en 73(1) van die Wet op Waterdienste – Goewermentskennisgewing R509, 8 Junie 2001.

[3] Sien Regulasies met betrekking tot norme en standaarde ten opsigte van tariewe vir waterdienste, afgekondig ingevolge artikel 10(1) van die Wet op Waterdienste – Goewermentskennisgewing R652, 20 Julie 2001.

[4] Sien artikel 4(3) van die Wet op Waterdienste wat bepaal: "Prosedures vir die inkorting of staking van waterdienste moet—

(a) regverdig en billik wees;

(b) voorsiening maak dat redelike kennisgewing van voorneme om waterdienste in te kort of te staak en vir 'n geleentheid om vertoë te rig, tensy—

(i) ander verbruikers benadeel sou word;

(ii) daar 'n noodsituasie heers; of
(iii) die verbruiker ingemeng het met 'n ingekorte of gestaakte diens; en

(c) nie tot gevolg hê nie dat 'n persoon toegang tot basiese waterdienste vir niebetaling geweier word, waar daardie persoon tot die bevrediging van die betrokke waterdiensteowerheid aantoon dat hy of sy nie in staat is om basiese dienste te betaal nie.

(a) kan perke plaas op die gebiede waaraan waterdienste verskaf sal word volgens die aard, topografie, sonering en ligging van die betrokke grond;

(b) kan voorsiening maak vir die inkorting of staking van waterdienste waar 'n verbruiker versuim om sy of haar verpligtinge aan die waterdiensteverskaffer na te kom, met inbegrip van —

(i) versuim om vir dienste te betaal; of

(ii) versuim om ander voorwaardes vir die verskaffing van dienste na te kom;

(c) kan 'n verpligting plaas op 'n wanbetaler —

(i) om 'n groter deposito te betaal;

(ii) om die heraansluitgeld te betaal nadat waterdienste gestaak is;

(d) kan van 'n wanbetaler vereis om 'n hoër tarief vir waterdienste te betaal waar daardie wanbetaler toegang tot waterdienste deur 'n gemeenskapswaterdienstewerk verkry en die verskaffing daarvan nie sonder die benadeling van ander verbruikers gestaak of beperk kan word nie;

(e) kan voorsiening maak vir 'n algemene beperking of staking van waterdienste waar—

(i) nasionale rampe onderbrekings in die verskaffing van dienste veroorsaak; of

(ii) voldoende water beskikbaar is vir enige ander rede;

(f) kan 'n opsie insluit om beperkte toegang tot minstens basiese watervoorsiening en basiese sanitasie te behou vir 'n verbruiker wie se waterdienste gestaak staan te word; en

(g) moet toeganklik wees vir verbruikers en potensiële verbruikers.

(3) 'n Waterdiensteowerheid wat—

(a) water vir nywerheidsgebruik verskaf; of

(b) 'n stelsel beheer waardeur nywerheidsuitvloeisel mee weggedoen word, moet verordeninge uitvaardig wat ten minste voorsiening maak vir—

(i) die standaard van diens;

(ii) die tegniese voorwaardes van verskaffing en wegdoen;

(iii) die vasstelling en strukture van heffings;

(iv) die betaling en insameling van gelde verskuldig; en

(v) die omstandighede waaronder die verskaffing en wegdoen beperk of verbied mag word."

Die Wet op Munisipale Stelsels

Tariewe

Artikel 75 van die Wet op Munisipale Stelsels bepaal soos volg -

"75. Verordeninge moet aan beleid uitvoering gee

(1) 'n Munisipale raad moet verordenings aanneem om uitvoering te gee aan die implementering en toepassing van sy tariefbeleid.

(2) Verordenings ingevolge subartikel (1) kan onderskei tussen verskillende kategorieë gebruikers, debiteure, diensverskaffers, dienste, standaarde en geografiese gebiede solank sodanige onderskeid nie neerkom op onbillike diskriminasie nie."

Wanneer verordeninge met betrekking tot tariewe gemaak word, is dit belangrik dat die munisipaliteit 'n tariefbeleid opstel voordat sulke verordeninge gemaak word. Die beleid moet die verordeninge voorafgaan.

Die verordeninge moet gevolg aan die tariefbeleid gee. Die Wet op Munisipale Stelsels bepaal die volgende ten opsigte van 'n tariefbeleid –

"74. Tariefbeleid

(1) 'n Munisipale raad moet 'n tariefbeleid aanneem en implementeer ten opsigte van die heffing van gelde vir munisipale dienste wat deur die munisipaliteit self, of deur middel van diensleweringsooreenkomste, verskaf word, en wat aan die bepalings van hierdie Wet, die Munisipale Finansiële Bestuurswet en enige ander toepaslike wetgewing voldoen.

(2) 'n Tariefbeleid moet minstens die volgende beginsels weergee, naamlik dat —

(a) gebruikers van munisipale dienste billik behandel moet word by die toepassing van tariewe;

(b) die bedrag wat individuele gebruikers vir dienste betaal in die algemeen in verhouding moet wees met hul gebruik van daardie diens;

(c) arm huishoudings minstens tot basiese dienste toegang moet hê deur —

(i) tariewe wat bloot bedryfs- en instandhoudingskoste dek;

(ii) spesiale tariewe of lewenslyntariewe vir lae vlakke van gebruik of verbruik van dienste of vir basiese diensvlakke; of

(iii) enige ander regstreekse of onregstreekse metode van subsidiëring van tariewe vir arm huishoudings;

(d) tariewe die koste moet weerspieël wat redelikerwys met die lewering van die diens in verband gebring word, insluitende kapitaal-, bedryfs-, instandhoudings-, administrasie- en vervangingskoste, en renteheffings;

(e) tariewe teen vlakke gestel moet word wat die finansiële volhoubaarheid van die diens fasiliteer, met inagneming van subsidiëring uit bronne anders dan die betrokke diens;

(f) voorsiening in toepaslike omstandighede gemaak kan word vir 'n bobelasting op die tarief vir 'n diens;

(g) voorsiening gemaak kan word vir die bevordering van plaaslike ekonomiese ontwikkeling deur spesiale tariewe vir kategorieë of kommersiële- en nywerheidsgebruikers;

(h) die ekonomiese, doeltreffende en effektiewe gebruik van hulpbronne, die herwinning van afval, en ander toepaslike omgewingsoogmerke aangemoedig moet word;

(i) die mate van subsidiëring van tariewe vir arm huishoudings en ander kategorieë gebruikers volledig openbaar gemaak moet word.

(3) 'n Tariefbeleid kan onderskei tussen verskillende kategorieë gebruikers, debiteure, diensverskaffers, dienste, diensstandaarde, geografiese gebiede en ander aangeleenthede solank dit nie neerkom op onbillike diskriminasie nie."

Kredietbeheer

Artikel 98 van die Wet op Munisipale Stelsels bepaal soos volg –

"98. Verordeninge moet gevolg gee aan beleid

(1) 'n Munisipale raad moet verordenings aanneem om gevolg te gee aan die munisipaliteit se kredietbeheer- en skuldinvorderingsbeleid en die implementering en uitvoering daarvan.

(2) Verordenings ingevolge subartikel (1) kan onderskei tussen verskillende kategorieë belastingbetalers, gebruikers van dienste, debiteure, belastings, dienste, diensstandaarde en ander aangeleenthede, solank die onderskeid nie op onbillike diskriminasie neerkom nie."

Wanneer verordeninge met betrekking tot kredietbeheer en skuldinvordering gemaak word, is dit belangrik dat 'n kredietbeheer- en skuldinvorderingsbeleid deur die munisipaliteit opgestel

moet word voordat sodanige verordeninge gemaak word. Die beleid moet die verordeninge voorafgaan.

Die verordeninge moet gevolg gee aan die kredietbeheer- en skuldinvorderingsbeleid. Die Wet op Munisipale Stelsels bepaal die volgende ten opsigte van 'n kredietbeheer- en skuldinvorderingsbeleid –

"96. Skuldinvorderingsverantwoordelikheid van munisipaliteite

'n Munisipaliteit moet -

(a) alle gelde invorder wat aan hom verskuldig en betaalbaar is, behoudens hierdie Wet en enige ander toepaslike wetgewing; en

(b) vir dié doel, 'n kredietbeheer- en skuldinvorderingsbeleid aanneem, instandhou en implementeer wat nie-strydig is met sy eiendomsbelastingsbeleid en sy tariefbeleid en wat aan die bepalings van hierdie Wet voldoen.

97. Inhoud van beleid

(1) 'n Kredietbeheer- en skuldinvorderingsbeleid moet voorsiening maak vir -

(a) kredietbeheerprosedures en -meganismes;

(b) skuldinvorderingsprosedures en -meganismes;

(c) voorsiening vir hulpbehoewende debiteure wat nie-strydig is nie met sy eiendomsbelastingsbeleid en sy tariefbeleid en enige nasionale beleid oor hulpbehoewendes;

(d) realistiese doelwitte wat nie-strydig is nie met -

(i) algemeen erkende rekeningkundige praktyke en invorderingsverhoudings, en

(ii) die geskatte inkomste wat in die begroting daargestel is, min 'n aanvaarbare voorsiening vir slegte skulde;

(e) rente op agterstallige gelde, waar toepaslik;

(f) uitstel van tye vir betaling van rekeninge;

(g) beëindiging van dienste of die beperking van die verskaffing van dienste wanneer betalings agterstallig is;

(h) aangeleenthede betreffende die ongemagtigde gebruik van dienste, asook diefstal en skade; en

(i) enige ander aangeleenthede wat by regulasie voorgeskryf mag word ingevolge artikel 104.

(2) 'n Kredietbeheer- en skuldinvorderingsbeleid kan onderskei tussen verskillende kategorieë belastingbetalers, gebruikers van dienste, debiteure, belastings, dienste, diensstandaarde en ander aangeleenthede, solank die onderskeid nie op onbillike diskriminasie neerkom nie."

Ander tersaaklike artikels

Die Wet op Munisipale Stelsels bevat voorts 'n aantal bykomende artikels met betrekking tot kredietbeheer en skuldinvordering wat tersaaklik is vir verordeninge ten opsigte daarvan. Dit is –

"95. Klantesorg en -bestuur

(5) Met betrekking tot die heffing van eiendomsbelasting en ander belasting deur 'n munisipaliteit en die hef van gelde vir munisipale dienste, moet 'n munisipaliteit, binne sy finansiële en administratiewe kapasiteit -

(a) 'n gesonde klantebestuurstelsel instel wat daarop gerig is om 'n positiewe en wedersydse verhouding te skep tussen persone wat vir dié betalings aanspreeklik is en die munisipaliteit, en waar van toepassing, 'n diensverskaffer;

(b) meganismes instel vir gebruikers van dienste en belastingbetalers om terugvoering te gee aan die munisipaliteit of ander diensverskaffer ten opsigte van die gehalte van die dienste en die prestasie van die diensverskaffer;

(c) redelike stappe neem om te verseker dat gebruikers van dienste ingelig word oor die koste betrokke by diensverskaffing, die redes vir die betaling van dienstegelde, en die wyse waarop gelde wat uit die dienste verkry word, aangewend word;

(d) waar die verbruik van dienste gemeet staan te word, redelike stappe neem om te verseker dat die verbruik deur individuele gebruikers van dienste deur akkurate en verifieerbare metingstelsels gemeet word;

(e) verseker dat persone wat aanspreeklik is vir betalings, gereelde en akkurate rekeninge ontvang wat die grondslag aandui waarop die verskuldigde bedrae bereken word;

(f) toeganklike meganismes voorsien vir daardie persone om rekening en gemete verbruik te bevraagteken of te verifieer, en appèlprosedures wat dit vir sodanige mense moontlik maak om spoedige regstelling van onakkurate rekenings te ontvang;

(g) toeganklike meganismes voorsien vir die hantering van klagtes van sodanige persone, tesame met spoedige antwoorde en regstellende optrede deur die munisipaliteit;

(h) meganismes voorsien om die reaksietyd en doeltreffendheid by die nakoming van paragraaf (g) te moniteer; en

(i) toeganklike betaalpunte en ander meganismes vir die vereffening van rekeninge of die maak van voorafbetalings vir dienste, voorsien.

101. Munisipaliteit se toegangsreg tot persele

Die bewoner van 'n perseel in 'n munisipaliteit moet te alle redelike ure aan 'n gemagtigde verteenwoordiger van die munisipaliteit of van 'n diensverskaffer toegang verleen tot die perseel ten einde enige meter of diensverbinding vir verspreiding te lees, te inspekteer, te installeer of te herstel, of om die verskaffing van enige diens af te besluit of te beperk.

102. Rekeninge

(1) 'n Munisipaliteit kan —

(a) enige afsonderlike rekeninge van persone wat vir betalings aan die munisipaliteit aanspreeklik is, konsolideer;

(b) 'n betaling deur so 'n persoon krediteer teen enige rekening van daardie persoon; en

(c) enige van die skuldinvorderings- en kredietbeheermaatreëls implementeer waarvoor in hierdie Hoofstuk voorsiening gemaak word met betrekking tot enige agterstallige bedrae op enige van die rekeninge van so 'n persoon.

(1) Subartikel (1) is nie van toepassing nie waar daar 'n dispuut is tussen die munisipaliteit en 'n persoon bedoel in daardie subartikel rakende 'n bepaalde bedrag wat deur die munisipaliteit van daardie persoon geëis word.

103. Ooreenkomste met werkgewers

'n Munisipaliteit kan -

(a) met die instemming van 'n persoon wat teenoor die munisipaliteit aanspreeklik is vir die betaling van eiendomsbelasting of ander belastings, of gelde vir munisipale dienste, 'n ooreenkoms aangaan met daardie persoon se werkgewer om van die salaris of loon van daardie persoon -

(i) enige uitstaande bedrae af te trek wat deur daardie persoon aan die munisipaliteit verskuldig is; of

(ii) sodanige gereelde maandelikse bedrae af te trek soos ooreengekom mag word; en

(b) spesiale aansporings verskaf vir -

(i) werkgewers om sodanige ooreenkomste aan te gaan; en

(ii) werknemers om tot sodanige ooreenkomste in te stem.

118. Verbod op oordrag van eiendom[5]

(1) 'n Registrateur van aktes mag nie die oordrag van eiendom registreer nie behalwe by voorlegging aan daardie registrateur van aktes van 'n voorgeskrewe sertifikaat -

(a) wat deur die munisipaliteit of munisipaliteite waarbinne daardie eiendom geleë is, uitgereik is; en

(b) wat sertifiseer dat alle bedrae wat verskuldig geraak het in verband met daardie eiendom vir munisipale dienstegelde, bobelasting op gelde, eiendomsbelasting en ander munisipale belastings, heffings en aksyns gedurende die twee jaar wat die datum van aansoek om die sertifikaat voorafgaan, ten volle betaal is.

(1A) 'n Voorgeskrewe sertifikaat wat deur 'n munisipaliteit uitgereik is ingevolge subartikel (1) is geldig vir 'n tydperk van 120 dae vanaf die datum waarop dit uitgereik is.

(2) In die geval van die oordrag van eiendom deur 'n trustee van 'n insolvente boedel, is die bepalings van hierdie artikel onderworpe aan artikel 89 van die Insolvensiewet, 1936 (Wet No. 24 van 1936).

(3) 'n Bedrag wat verskuldig is vir munisipale dienstegelde, bobelastings op gelde, eiendomsbelasting en ander munisipale belastings, heffings en aksyns maak 'n las uit op die eiendom in verband waarmee die bedrag verskuldig is, en het voorrang bo enige verbandakte wat teen die eiendom geregistreer is.

(4) Subartikel (1) is nie van toepassing nie op -

(a) 'n oordrag vanaf die nasionale regering, 'n provinsiale regering of 'n munisipaliteit van 'n residensiële eiendom wat gefinansier is met fondse of lenings wat deur die nasionale regering, 'n provinsiale regering of 'n munisipaliteit beskikbaar gestel is; en

(b) die vestiging van eiendomsreg as gevolg van 'n omskepping van grondbesitregte in eiendomsreg ingevolge Hoofstuk 1 van die Wet op die Opgradering van Grondbesitregte, 1991 (Wet No. 112 van 1991:

Met dien verstande dat niks in hierdie subartikel die daaropvolgende invordering deur 'n munisipaliteit van enige bedrae wat aan hom verskuldig is ten opsigte van daardie eiendom ten tye van die oordrag of omskepping verhoed nie.

(5) Subartikel (3) is nie van toepassing op 'n bedrag bedoel in daardie subartikel wat verskuldig geword het voor 'n oordrag van 'n residensiële eiendom of 'n omskepping van grondbesitregte in eiendomsreg beoog in subartikel (4) plaasgevind het nie."

Dit is belangrik om te onthou dat die Minister regulasies kan uitvaardig of riglyne kan uitreik om voorsiening te maak vir die volgende aangeleenthede met betrekking tot kredietbeheer en skuldinvordering ingevolge die Wet op Munisipale Stelsels of dit te reguleer. Geen regulasies is tot op datum afgekondig nie.

[5] Die Konstitusionele Hof oorweeg tans die grondwetlikheid van hierdie artikel - Mkontwana v Nelson Mandela Metropolitan Municipality and Others; Bisset and Others v Buffalo City Municipality 2003 ongerapporteer Saaknommers 1238/02 en 903/2002.

AANHANGSEL B: VERTALING VAN UITTREKSEL UIT DIE STRATEGIESE RAAMWERK VIR WATERDIENSTE, 2003

Tariewe

Kleinhandeltariefbeleide moet op die volgende tariefbeginsels gebaseer wees:[6]

- Tariewe moet regverdig en billik toegepas word.
- Die bedrag wat individuele gebruikers vir dienste betaal moet oor die algemeen in verhouding tot hulle gebruik van daardie diens wees.
- Water- en sanitasietariewe vir huishoudelike gebruik moet pro-arme in hulle oriëntasie wees, dit wil sê, hulle moet daarna streef om te verseker dat 'n minimum basiese vlak van waterverskaffing en sanitasiedienste vir alle huishoudings bekostigbaar is, veral kwesbare groepe soos huishoudings met vroue of kinders aan die hoof of wat deur MIV/vigs geaffekteer is.
- Tariewe moet al die koste weerspieël wat redelik met die lewering van die diens gepaard gaan.
- Tariewe moet op alle vlakke vasgestel word om die finansiële volhoubaarheid van die diens te fasiliteer, met inagneming van ander bronne as die betrokke diens.
- Die ekonomiese, doeltreffende en effektiewe gebruik van hulpbronne, die vermindering van lekkasies en onverantwoorde water, die herwinning van water en ander gepaste omgewingsdoelwitte moet aangemoedig word.
- 'n Tariefbeleid kan tussen verskillende kategorieë gebruikers, debiteure, diensverskaffers, dienste, diensstandaarde, geografiese gebiede en ander aangeleenthede differensieer solank die differensiasie nie op onbillike diskriminasie neerkom nie.
- Alle vorme van subsidies moet deursigtig wees en ten volle geopenbaar word.

Kleinhandelwater- en sanitasietariefbeleide – Waterdiensowerhede

Kleinhandelwater- en sanitasietariefbeleide moet deur waterdiensowerhede ontwikkel word. Dit moet aan die volgende vereistes voldoen.

Inkomstevereistes. Wanneer die inkomstevereistes vir waterdienste bepaal word, moet 'n waterdienste-instelling ten minste die volgende in ag neem: realistiese bedryf- en instandhoudingskoste (insluitende enige tersaaklike en toepaslike bokoste, gelde en heffings), rentekoste, depresiasiekoste, 'n redelike opbrengskoers op bates (waar gepas), en voorsienings vir slegte skuld en ander toekomstige koste (insluitende infrastruktuuruitbreiding). Daarbenewens moet 'n waterdienste-instelling die kontantbehoeftes bepaal wat nodig is om 'n finansieel lewensvatbare en volhoubare operasie oor tyd in stand te hou, met inagneming van enige beskikbare en veilige bedryfsubsidies. 'n Waterdienste-instelling kan 'n bydrae tot die algemene munisipale belastingfonds in ag neem (waar gepas).

Koste. Alle waterdiensowerhede moet beplan om alle huishoudings met ten minste 'n basiese vlak van watervoorsiening en sanitasiediens te voorsien. In die eerste instansie moet subsidies van die nasionale regering in die vorm van die munisipale infrastruktuurtoekenning en die plaaslike regering se billike aandeel gebruik word om met die verskaffing van hierdie dienste te help. Met inagneming van hierdie bronne van subsidie, moet enige bykomende koste wat met die verskaffing van basiese water- en sanitasiedienste (insluitende die implementering van gratis basiese water- en sanitasiebeleide) gepaard gaan, ingesluit word by die inkomstevereistes wat hierbo uiteengesit word. Die koste van rehabilitasie en stelseluitbreiding moet in ag geneem word. Waterverlies en onverantwoorde water moet tot aanvaarbare vlakke

[6] Hierdie tariefbeginsels is in ooreenstemming met dié wat in die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels en die Wet op Waterdienste uiteengesit word.

bestuur word. Die toewysing van fondse vir instandhouding moet afdoende wees om die waterdienste-infrastruktuur en verwante stelsels afdoende in stand te hou.

Bydraes. Die bydrae van waterdienste tot die belasting- en algemene fonds moet tot minder as tien persent van bruto inkomste uit die verkoop van water beperk word. Inkomste uit sanitasiegelde moet nie gebruik word om ander dienste te subsidieer nie.

Verbruikerskategorieë. Kleinhandelwater- en afvalwatertariewe moet ten minste drie kategorieë verbruikers onderskei: huishoudelik, nywerheid en ander.

Diensvlakke. Kleinhandelwater- en afvalwatertariewe moet tussen beduidend verskillende diensvlakke en –standaarde en tussen ten minste die volgende onderskei: 'n gemeenskaplike waterdiens (waterdienste wat aan meer as een huishouding verskaf word); waar 'n beheerde (ingekorte of beperkte) volume water aan 'n huishouding verskaf word; waar 'n onbeheerde volume water aan 'n huishouding verskaf word (dit wil sê, die watertoevoervolume is nie vir alle praktiese doeleindes ingekort nie); waar 'n huishouding met 'n riool gekoppel is en waar 'n huishouding nie met 'n riool gekoppel is nie.

Kruissubsidies. Tariewe moet die lewensvatbaarheid en volhoubaarheid van waterverskaffingsdienste aan die armes deur kruissubsidies te ondersteun (waar uitvoerbaar) en verkwistende of ondoeltreffende gebruik te ontmoedig.

Meting. Alle aansluitings wat 'n onbeheerde watertoevoervolume verskaf, moet deur meters gemeet word en tariewe moet in verhouding tot watergebruik toegepas word.

Marginale huishoudelike tarief bo die basiese bedrag. Waar huishoudelike verbruikers net meer as 'n omskrewe basiese hoeveelheid verbruik, is waterdiensowerhede nie geregtig om die volle finansiële koste van die verskaffing van die basiese hoeveelheid te verhaal in die marginale tarief vir die volgende klein inkrement verbruik nie. Met ander woorde, indien die gratis basiese watertoewysing 6 kl per maand is, kan 'n waterdiensowerheid nie van 'n verbruiker wat 7 kl per maand gebruik, verwag om te betaal vir die volle koste om 7 kl per maand te verskaf nie.

Huishoudelike watertariewe vir water wat beduidend meer as 'n omskrewe basiese hoeveelheid verbruik word, mag ten minste die volle regstreekse finansiële koste van die diens wat die omskrewe basiese hoeveelheid oorskry, verhaal, en kan enige eksterne ekonomiese koste en voordele (eksternaliteite) wat met die verskaffing van die diens gepaard gaan, insluitende, waar gepas, die gemiddelde inkrementele koste in ag neem wat aangegaan sou word om die kapasiteit van die water- en afvalwaterinfrastruktuur te vergroot ten einde 'n inkrementele groei in vraag die hoof te bied.

Nywerheid en nie-huishoudelik. Water- en sanitasietariewe vir nywerheids- en ander kategorieë nie-huishoudelike verbruiker moet ten minste die volle regstreekse finansiële koste van die diens verhaal. Tariewe kan enige eksterne ekonomiese koste en voordele (eksternaliteite) in ag neem wat met die verskaffing van die diens gepaard gaan, insluitende, waar gepas, die gemiddelde inkrementele koste wat aangegaan sou word om die kapasiteit van die water- en afvalwaterinfrastruktuur te vergroot ten einde 'n inkrementele groei in vraag die hoof te bied.

Tariefverhogings. Waterdiensteowerhede moet daarna streef om tariefverhogings onder die inflasiekoers te hou. Tariefverhogings moet gebaseer wees op die doeltreffende gebruik van hulpbronne en die werklike insetkosteverhogings wat aangegaan is (byvoorbeeld chemiese en energiekoste). Waar daar geen onlangse uitbreiding van infrastruktuur was nie, behoort dit moontlik te wees om tariefverhogings tot heelwat onder die inflasiekoers te hou weens die feit dat vaste depresiasie en finansieringskoste waarskynlik 'n beduidende aandeel van totale koste sal uitmaak. Omgekeerd, wanneer stelseluitbreiding plaasgevind het en dit tot toenemende depresiasie en finansieringskoste gelei het, kan tariefverhogings wat die inflasiekoers oorskry, nodig wees om die finansiële lewensvatbaarheid van die diens te handhaaf. Waar huidige tariewe nie afdoende vir stelselrehabilitasie en instandhouding voorsiening maak nie, sal tariewe gepas verhoog moet word.

Subsidies. Waar subsidies vir waterdienste toegepas word, sal dit geprioritiseer moet word vir die verskaffing van basiese watervoorsiening en sanitasiedienste ingevolge die gratis basiese water- en gratis basiese sanitasiebeleid.

Spesiale tariewe. Waterdiensteowerhede kan spesiale tariewe gedurende tydperke van waterbeperkings implementeer om watergebruik tot binne volhoubare vlakke te verminder.

Kredietbeheer

Effektiewe kredietbeheer is 'n uiters belangrike komponent van die verskaffing van 'n betroubare en effektiewe diens aan alle gemeenskappe en verbruikers. Versuim om billike kredietbeheerbeleide konsekwent toe te pas, kan meebring dat verbruikers en hele gemeenskappe sonder water gaan.

Waterdiensteowerhede het die verantwoordelikheid om 'n kredietbeheerbeleid te ontwikkel. Hierdie beleid moet vir kredietbeheerprosedures voorsiening maak wat billik en regverdig is, vir waarskuwing en afdoende kennisgewing voorsiening maak, vir verbruikersvertoë voorsiening maak, alternatiewe betaalreëlings toelaat en 'n billike prosedure uiteensit wat in die geval van nie-betaling toegepas sal word. Waar 'n verbruiker voortgaan om te versuim om vir dienste wat verskaf is te betaal na die toepassing van sodanige prosedures en 'n billike waarskuwing, moet 'n munisipaliteit stappe kan doen wat sy finansiële verlies sal beperk en goeie betaalgewoontes sal bevorder.

Wanneer 'n munisipaliteit sy kredietbeheerbeleid formuleer, moet hy die impak van kredietbeheermeganismes (en die gebrek daaraan) op die gemeenskap, die bestaande diensleweringskonteks, die noodsaaklikheid vir finansiële lewensvatbaarheid om die volhoubare verskaffing van dienste en die effektiwiteit van die voorgestelde kredietbeheermeganismes in ag neem.

Die volgende beginsels moet in die kredietbeheerbeleid geïnkorporeer word:

Deernis: Plaaslike regering moet 'n kredietbeheerbeleid ontwikkel en implementeer wat deernis toon, veral teenoor arm en kwesbare huishoudings. Dit beteken dat prioriteit verleen moet word aan die verskaffing van 'n betroubare, veilige, volhoubare en bekostigbare waterverskaffings- en sanitasiediens aan alle huishoudings, insluitende die armes. Beleid en prosedures moet die oploping van slegte skuld en die hoë koste wat met inkortings of stakings en heraansluitings gepaard gaan, probeer vermy.

Kommunikasie: Verbruikers moet ingelig word ten opsigte van waterverbruik, kredietbeheer, skuldinvordering en stakingsbeleid, kredietbeheerprosedures en verbruikers se verantwoordelikhede. Kommunikasie moet duidelik en toeganklik wees en, waar prakties, in die huistaal van die verbruiker.

Billike proses: Alle inkortings en stakings moet ingevolge 'n billike en deursigtige proses gedoen word en as gevolg van die versuim van 'n verbruiker (of verbruikers) om hulle verpligtinge ingevolge 'n verbruikerskontrak na te kom.

Waarskuwing: Huishoudelike verbruikers moet voor enige kredietbeheerstappe 'n waarskuwing ontvang.

Inkorting van huishoudelike aansluitings: In die eerste instansie, en nadat behoorlike regsprosedure gevolg is (insluitende 'n waarskuwing), moet huishoudelike wateraansluitings ingekort en nie gestaak word nie, wat verseker dat ten minste 'n basiese watertoevoer beskikbaar is. (Slegs waar die koste wat met die inkorting van waterdienste op hierdie wyse gepaard gaan, 'n aansienlike en beduidende uitwerking op die volhoubare verskaffing van waterdienste aan die breër gemeenskap sal hê, mag waterdienste gestaak word nadat behoorlike prosedures gevolg is.)

Peutering: Staking (na 'n waarskuwing) kan gepas wees waar daar met dienstetoerusting gepeuter is, aangesien peutering die gesondheid van verbruikers en die behoorlike funksionering van die stelsel in gevaar kan stel.

Inmenging: Waar 'n huishoudelike verbruiker se toegang tot waterdienste (ingevolge 'n gepaste beleid en prosedure) ingekort is en daardie verbruiker op 'n wyse met die inkorting inmeng wat

die inkorting minder effektief maak, kan die munisipaliteit so 'n verbruiker se diens (na 'n waarskuwing) staak tot tyd en wyl die verbruiker 'n reëling vir die vereffening van die uitstaande bedrag getref het en enige boete betaal het wat die waterdiensteverskaffer kan oplê.

Staking van watertoevoer: 'n Waterdiensteverskaffer het slegs die reg om waterdienste van huishoudelike waterverbruikers te staak waar al die bogenoemde bepalings gevolg is. 'n Waterdiensteverskaffer het die reg om waterdienste van nie-huishoudelike waterverbruikers te staak wanneer 'n nie-huishoudelike verbruiker sy kontrak met die waterdiensteverskaffer geskend het, mits 'n billike proses gevolg is.

Benewens bostaande, kan verskeie alternatiewe of aanvullende kredietbeheermeganismes oorweeg word waar dit gepas is.

Verantwoordelikheid vir die implementering van kredietbeheer: Waterdiensteverskaffers het die verantwoordelikheid om kredietbeheer te implementeer (ingevolge die kredietbeheerbeleid wat deur die waterdiensteowerheid opgestel is) waar hulle die finansiële risiko aanvaar en die verantwoordelikheid vir die insameling van gebruikergelde het. Waar dit nie die geval is nie, het die waterdiensteowerheid die verantwoordelikheid om kredietbeheer self te implementeer. Ten einde die finansiële lewensvatbaarheid van 'n waterdiensteverskaffer te verseker, moet die waterdiensteowerheid die waterdiensteverskaffer die reg gee om waterdienste-aansluitings in te kort en te staak, onderworpe aan die kredietbeheerbeleid wat deur die waterdiensowerheid gemaak en ontwikkel is ingevolge die beleid wat in hierdie Witskrif uiteengesit word.

Balansering van regte en verantwoordelikhede: Die inkorting en staking van waterdienste is 'n sensitiewe kwessie wat die balansering van regte en verpligtinge verg. Verbruikers het 'n reg op 'n basiese waterverskaffings- en sanitasiediens. Hierdie reg beliggaam egter ook die verpligting om daardie reg redelik en ooreenkomstig algemene beperkings op daardie reg uit te oefen. Terselfdertyd moet waterdiensteowerhede volhoubare verskaffing van waterdienste verseker en die finansiële lewensvatbaarheid van die waterdiensteverskaffer beveilig. Hierdie regte en verantwoordelikhede moet duidelik aan verbruikers gekommunikeer word.

Verordening No. 8, 2008

VERORDENING OP BOUBEHEER, 2008

VERORDENING

Om voorsiening te maak vir die beheer oor geboue opgerig in die Thembelihle munisipaliteit; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Thembelihle munisipaliteit, soos volg:-

Woordomskrywing

1. In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

"**boubeheerbeampte**" iemand wat ingevolge artikel 5 van die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet No. 103 van 1977), as boubeheerbeampte aangestel is of geag word aangestel te wees;

"**gebou**" ook –

(a) enige ander struktuur, hetsy tydelik of permanent van aard en ongeag die materiale wat by die oprigting daarvan gebruik is, wat opgerig is of gebruik word vir of in verband met -

(i) die huisvesting of gerief van mense of diere;

(ii) die vervaardiging, verwerking, opberging, uitstalling of verkoop van enige goed;

(iii) die lewering van enige diens;

(iv) die vernietiging of behandeling van vullis of afvalstowwe;

(v) die kweek van enige plant of gewas;

(b) 'n muur, swembad, swempoel, reservoir of brug of 'n ander struktuur wat daarmee in verband staan;

(c) 'n brandstofpomp of 'n tenk wat in verband daarmee gebruik word;

(d) enige gedeelte van 'n gebou, met inbegrip van 'n gebou soos omskryf in paragraaf (a), (b) of (c);

(e) enige fasiliteite of stelsel, of gedeelte of deel daarvan, binne of buite maar gepaardgaande met 'n gebou, vir die verskaffing van 'n watervoorsienings-, dreinerings-, riool-, stormwaterafvoer-, elektrisiteitsvoorsienings- of ander soortgelyke diens ten opsigte van die gebou;

"**Munisipale Bestuurder**" die persoon aangestel ingevolge artikel 82 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998);

"**Munisipaliteit**" die Thembelihle munisipaliteit; en

"**Wet**" die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet No. 103 van 1977) en ook 'n regulasie kragtens artikel 17 van die Wet gemaak.

Geboue op grond moet op planne aangetoon word

2. (1) Behoudens die bepalings van hierdie Verordening, reik die Munisipaliteit nie 'n sertifikaat genoem in artikel 118(1) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet No. 32 van 2000), ten opsigte van grond uit nie, tensy die Munisipaliteit tevrede is dat –

(a) enige gebou op die grond ten opsigte waarvan planne en spesifikasies ingevolge die Wet opgestel en aan die Munisipaliteit vir goedkeuring voorgelê moet word, behoorlik ooreenkomstig daardie planne en spesifikasies opgerig is en onderhou word; en

(b) dat geen gebou in paragraaf (a) beoog, ten opsigte waarvan planne en spesifikasies nie deur die Munisipaliteit goedgekeur is op die grond opgerig is nie; en

(c) elke gebou wat op die grond opgerig is aan al die vereistes van die Wet voldoen; of

(d) daar geen gebou op die grond is nie,

en 'n skriftelike verklaring tot daardie effek maak.

(2) 'n Aansoek by die Munisipaliteit vir die uitreiking van 'n sertifikaat genoem in artikel 118(1) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet No. 32 van 2000), gaan, behoudens artikel 4, vergesel van die verklaring in subartikel (1) genoem.

Aansoek vir en uitreiking van verklaring

3. (1) 'n Aansoek vir die uitreiking van 'n verklaring in artikel 2(1) genoem –

(a) word aan die Munisipale Bestuurder gerig;

(b) word in skrif gedoen op die vorm deur die Munisipaliteit vir daardie doel voorsien; en

(c) gaan vergesel van die voorgeskrewe gelde.

(2) Die Munisipale Bestuurder verwys die aansoek na die boubeheerbeampte, wat 'n inspeksie van die onderhawige grond doen of laat doen en 'n aanbeveling aangaande die aansoek aan die Munisipaliteit maak.

(3) Nadat die Munisipaliteit die aanbeveling van die boubeheerbeampte oorweeg het

(a) maak hy die verklaring in artikel 2(1) genoem; of

(b) weier hy om die verklaring te maak,

en verwittig dadelik die aansoeker per brief dienooreenkomstig.

(4) Indien die Munisipaliteit weier om die verklaring te maak, verstrek hy skriftelik redes vir sy besluit wanneer hy die aansoeker van die besluit verwittig en dui aan watter stappe geneem moet word alvorens 'n verdere aansoek kragtens subartikel (1) voorgelê kan word.

Versuim deur die Munisipaliteit om binne 'n sekere tydperk te handel

4. Sou die Munisipaliteit versuim om binne 'n tydperk van 30 dae nadat die aansoek kragtens artikel 3(1) gedoen is, ooreenkomstig artikel 3(3) te handel, word dit geag dat die Munisipaliteit die verklaring in artikel 2(1) genoem gemaak het.

Delegasie van bevoegdhede

5. Die Munisipaliteit kan, behoudens die voorwaardes wat hy bepaal, enige van sy bevoegdhede kragtens hierdie Verordening aan die Munisipale Bestuurder delegeer.

Kort titel

6. Hierdie Verordening heet die Verordening op Boubeheer, 2008

Verordening No. 9, 2008

MUNISIPALE TAXISTAANPLEK VERORDENING, 2008

VERORDENING

Om voorsiening te maak vir die instelling, instandhouding en bestuur van munisipale taxistaanplekke in die Thembelihle munisipaliteit; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Thembelihle munisipaliteit, soos volg:-

Woordomskrywing

1. In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

"**Bestuurder: Verkeersdienste**" die munisipale verkeersbeampte aangestel deur die Munisipaliteit as hoof van die komponent van die Munisipaliteit wat vir die administrasie van padverkeersaangeleenthede verantwoordelik is;

"**boekjaar**" 'n jaar wat op die eerste dag van Julie van enige jaar begin en op die laaste dag van Junie van die volgende jaar eindig;

"**bus**" 'n bus soos omskryf in artikel 1 van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet No. 93 van 1996);

"**hierdie Verordening**" ook die reëls beoog in artikel 2, wat nagekom moet word by munisipale taxistaanplekke;

"**motorvoertuig**" 'n motorvoertuig soos omskryf in artikel 1 van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet No. 93 van 1996);

"**Munisipale Bestuurder**" die persoon deur die Munisipaliteit aangestel ingevolge artikel 82 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998);

"**munisipale taxistaanplek**" 'n gebied afgebaken ingevolge artikel 2(2) vir die gebruik van taxis wat geldige parkeerpermitskyfies vertoon om te parkeer en passasiers op- en af te laai en ook die wagarea van so 'n taxistaanplek;

"**munisipale verkeersbeampte**" 'n verkeersbeampte deur die Munisipaliteit ingevolge die bepalings van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet No. 93 van 1996), of, na gelang van die geval, 'n Wet deur daardie Wet herroep, aangestel;

"**Munisipaliteit**" die Thembelihle munisipaliteit;

"**parkeerpermitskyfie**" 'n skyfie uitgereik ingevolge artikel 4 wat deur 'n taxi wat gebruik maak van 'n munisipale taxistaanplek vertoon moet word; en

"**taxi**" 'n motorvoertuig, maar nie 'n bus nie, wat teen loon of vergoeding gebruik word vir die vervoer van passasiers of bagasie.

Munisipaliteit kan munisipale taxistaanplekke instel, in stand hou en bestuur

2. (1) Die Munisipaliteit kan, binne sy regsgebied, munisipale taxistaanplekke instel, in stand hou en bestuur.

(2) 'n Munisipale taxistaanplek word by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* afgebaken.

(3) By die ingang van elke munisipale taxistaanplek en ook by die ingang van die wagarea daarvan, word 'n kennisgewingbord vertoon waarop die reëls wat by daardie staanplek of area deur, onderskeidelik –

(a) bestuurders van taxis;

(b) eienaars van taxis; of

(c) lede van die publiek,

wat ingaan by, parkeer op of van taxidienste by daardie staanplek of area gebruik maak, nagekom moet word.

(4) Reëls in subartikel (3) beoog, word deur die Munisipaliteit aangeneem en in die *Provinsiale Koerant* afgekondig.

Taxis moet parkeerpermitskywe vertoon wanneer hulle by munisipale taxistaanplekke inbestuur of parkeer word

3. (1) Geen taxi word by 'n munisipale taxistaanplek inbestuur of parkeer nie, sonder dat dit 'n parkeerpermitskyf, aangebring ooreenkomstig die voorskrifte van subartikel (2), vertoon nie.

(2) Die parkeerpermitskyf in subartikel (1) genoem, word op sò 'n manier op die linkerkant van die voorruit van die taxi aangebring dat die gesig daarvan duidelik sigbaar en die inskrywings daarop maklik leesbaar is deur iemand wat voor- of links voor die taxi staan.

(3) 'n Parkeerpermitskyf –

(a) is van die ontwerp en bevat die besonderhede in die Bylae vervat; en

(b) is van die kleur of word saamgestel uit 'n kleurkombinasie deur die Munisipaliteit vir die betrokke boekjaar bepaal.

Aansoek om, uitreiking en duur van parkeerpermitskyf

4. (1) Die eienaar van 'n taxi wat begerig is om van die munisipale taxistaanplekke gebruik te maak moet skriftelik vir elke taxi wat van sodanige taxistaanplekke gebruik gaan maak, by die Munisipaliteit vir die uitreiking van 'n parkeerpermitskyf aansoek doen.

(2) 'n Aansoek vir die uitreiking van 'n parkeerpermitskyf –

(a) moet in die vorm deur die Munisipaliteit bepaal wees;

(b) word aan die Munisipale Bestuurder gerig;

(c) gaan vergesel van die gelde deur die Munisipaliteit bepaal;

(d) word, ten opsigte van die daaropvolgende boekjaar, nie later as die laaste dag van April van elke jaar gedoen nie.

(3) By ontvangs van die aansoek oorweeg die Munisipale Bestuurder die aansoek en, nie later as die laaste dag van Mei van die betrokke jaar nie –

(a) reik hy of sy die parkeerpermitskyf aan die aansoeker uit; of

(b) verwittig hy of sy die aansoeker skriftelik, met opgaaf van redes, dat die aansoek onsuksesvol was.

(4) Indien die Munisipale Bestuurder die aansoek afgekeur het –

(a) as gevolg van 'n tekortkoming in die aansoek wat deur die aansoeker reggestel kan word, kan die aansoeker die tekortkoming regstel en, sonder om enige verdere gelde te betaal, die aansoek weer indien;

(b) vir enige ander rede, kan 'n nuwe aansoek vir dieselfde tydperk ten opsigte van dieselfde taxi nie weer gebring word nie, maar die aansoeker kan teen die besluit van die Munisipale Bestuurder appelleer, in welke geval die bepalings van artikel 62 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet No. 32 van 2000), *mutatis mutandis* geld.

(5) Waar 'n aansoek vir die uitreiking van 'n parkeerpermitskyf gedurende 'n boekjaar vir die restant van daardie boekjaar gedoen word, word die aansoek binne 'n redelike tyd deur die Munisipale Bestuurder verwerk en afgehandel.

(6) Die eienaar van 'n taxi wat van 'n munisipale taxistaanplek gebruik maak –

(a) hou deurentyd geskrewe rekord van die identiteit van die bestuurder van sodanige taxi op enige gegewe tyd, indien hy of sy nie self die betrokke taxi bestuur nie;

(b) hou sodanige rekord ten minste vir 'n jaar na die einde van die boekjaar waarin dit gemaak is; en

(c) maak, op versoek van 'n munisipale verkeersbeampte, die rekords vir insae aan die Munisipaliteit beskikbaar.

(7) 'n Parkeerpermitskyf verval aan die einde van elke boekjaar.

Vermoede dat eienaar taxi bestuur of parkeer het

5. Ondanks die bepalings van artikel 4(6), geld die bepalings van artikel 73 van die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet No. 93 van 1996), *mutatis mutandis* ten opsigte van 'n taxi wat van 'n munisipale taxistaanplek gebruik maak.

Beslaglegging en skut van taxis by munisipale taxistaanplekke

6. (1) 'n Munisipale verkeersbeampte kan, ongeag enige vervolging ingevolge hierdie Verordening, op 'n taxi by 'n munisipale taxistaanplek beslag lê en dit vir 'n tydperk van 7 dae skut, indien –

(a) die taxi by 'n munisipale taxistaanplek inbestuur of parkeer word sonder dat dit 'n geldige parkeerpermitskyf ooreenkomstig die voorskrifte van artikel 3(2) vertoon;

(b) die taxi, strydig met 'n reël wat by daardie taxistaanplek deur die eienaar of bestuurder van 'n taxi wat van die taxistaanplek gebruik maak, geparkeer en sonder toesig gelaat word; of

(c) die eienaar of bestuurder van 'n taxi 'n reël wat by daardie taxistaanplek nagekom moet word oortree en na 'n teregwysing deur 'n munisipale verkeersbeampte om die oortreding te staak, daarmee volhou.

(2) 'n Taxi wat ingevolge subartikel (1) geskut is, word aan die eienaar daarvan terugbesorg by betaling van die skutgelde deur die Munisipaliteit ten opsigte van munisipale taxistaanplekke bepaal, indien dit verlang word dat die taxi voor verstryking van die 7-dae tydperk vrygestel moet word.

(3) Niemand mag 'n munisipale verkeersbeampte by die uitvoering van sy of haar pligte ingevolge subartikel (1) hinder, pla of dwarsboom nie.

Delegasie

7. Die Munisipale Bestuurder kan skriftelik die bevoegdhede en werksaamhede by artikel 4 aan hom of haar verleen, aan die Bestuurder: Verkeersdienste delegeer.

Strafbepaling

8. (1) Iemand wat –

(a) 'n regmatige bevel van 'n munisipale verkeersbeampte by 'n munisipale taxistaanplek oortree of versuim om daaraan te voldoen; of

(b) 'n bepaling van hierdie Verordening oortree of versuim om daaraan te voldoen,

is aan 'n misdryf skuldig.

(2) Iemand wat skuldig bevind word aan 'n misdryf ingevolge subartikel (1), is strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf van hoogstens een jaar, of met beide 'n boete en met daardie gevangenisstraf.

Herroeping van wette en voorbehoude

9. (1) Hierdie verordening herroep alle ander verordeninge in die verband.

(2) Enige toestemming verkry, reg toegestaan, voorwaarde opgelê, aktiwiteit veroorloof of ding gedoen kragtens 'n herroepe wet word, na gelang van die geval, geag kragtens die ooreenstemmende bepaling van hierdie Verordening (as daar is), verkry, toegestaan, opgelê, veroorloof of gedoen te gewees het.

Kort titel

10. Hierdie Verordening heet die Munisipale Taxistaanplekverordening, 2008

BYLAE

(Artikel 3(3)(a))

1. 'n Parkeerpermitskyf is sirkelvormig, met 'n deursneë van 75 millimeter.

2. Die woorde "PARKING PERMIT • THEMBELIHLE MUNICIPALITY/PARKEERPERMIT • THEMBELIHLE MUNISIPALITEIT" word op die skyf gedruk en voorsiening word op die skyf gemaak vir inskrywings wat –

   (a) die naam van die eienaar van die taxi;

   (b) die registrasienommer van die taxi;

   (c) die boekjaar ten opsigte waarvan die permit uigereik is; en

   (d) die nommer van die permit,

   aantoon.

Verordening No. 10, 2008

ELEKTRISITEITSVERORDENING, 2008

VERORDENING

Om voorsiening te maak vir die lewering van 'n elektrisiteitsdiens in die Thembelihle munisipaliteit; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Thembelihle munisipaliteit, soos volg:-

INDELING VAN ARTIKELS

HOOFSTUK 1
ALGEMEEN

HOOFSTUK 2
ALGEMENE VOORWAARDES VIR VOORSIENING

HOOFSTUK 10
HERROEPING VAN WETTE

BYLAE 1

Wette wat herroep is

BYLAE 2

"**Toepaslike standaardspesifikasie**" beteken

HOOFSTUK 1
ALGEMEEN

Woordomskrywing

1. In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

"**bewys**" die noodsaaklike element van 'n kragbegroterstelsel wat gebruik word om inligting oor te dra van 'n verkooppunt vir elektrisiteitkrediet na 'n kragbegroter en *vice versa*;

"**diensaansluiting**" al die kabels en toerusting wat nodig is om die hoofleiding by die verbruiker se elektriese installasie aan te sluit by die voorsieningspunt;

"**diensbeveiligingstoestel**" enige sekering of stroombreker wat geïnstalleer word met die doel om die Munisipaliteit se toerusting te beskerm teen oorbelasting of foute wat op die installasie of op die interne diensaansluiting voorkom;

"**eienaar**" met betrekking tot 'n perseel, die persoon by wie die regstitel daarvan berus: Met dien verstande dat –

(a) in die geval van onroerende eiendom –

(i) wat vir 'n tydperk van minstens 50 jaar verhuur word, ongeag of die huurkontrak geregistreer is of nie, die huurder daarvan; of

(ii) wat voordelig geokkupeer word kragtens 'n serwituut of reg analoog daarmee, die okkupeerder daarvan;

(b) indien die eienaar soos hierbo omskryf –

(i) dood of insolvent is, sy of haar boedel tot voordeel van sy of haar skuldeisers afgestaan het, ingevolge 'n hofbevel onder kuratele geplaas is, of 'n maatskappy is wat gelikwideer of onder geregtelike bestuur geplaas is, die persoon by wie die administrasie van sodanige eiendom berus as eksekuteur, administrateur, trustee, regverkrygende, kurator, likwidateur of geregtelike bestuurder, na gelang van die geval; of

(ii) nie in die Republiek van Suid-Afrika aanwesig is nie, of indien sy of haar adres aan die Munisipaliteit onbekend is, iemand wat as agent of andersins die huurgeld ten opsigte van sodanige eiendom ontvang of geregtig is om dit te ontvang; en

